Kerklike Administrasie

FJ Cillié & P Bock

HANDLEIDING EN LEIDRADE VIR VOORNEMENDE PREDIKANTE VAN DIE VG EN NG KERK

FINANSIËLE & ADMINISTRATIEWE SAKE: KERKLIK en PERSOONLIK

INLEIDING

Hierdie handleiding word aan VG en NG Kerk Teologiese studente beskikbaar gestel terwyl hulle vir 'n jaar prakies in gemeentes werksaam is. Dit is oorspronklik opgestel deur die vorige Saakgelastigde van die NGK (Wes en Suid-Kaap), Ds Christo Alheit; en aangepas deur die huidige saakgelastigde, Ds Francois Cillié in oorleg met die VGK Saakgelastigde, Ds Petrus Bock.

Dit dien as hulpmiddel in die praktiese administrasie en finansiële aangeleenthede van 'n gemeente en 'n predikant. Die doel is ook dat die studente na die prakties 'n gesprek met die Saakgelastigdes het, sodat verdere wenke uitgeruil kan word.

NB! Onthou ons het 'n keuse gemaak om in diens van die Here te staan (roeping)! Daarom werk ons met ander verwagtings mbt finansies as die sekulêre wêreld. Ons "…doen alles van harte, soos vir die Here en nie vir mense nie, omdat ons weet dat ons van die Here as beloning sal kry wat Hy belowe het. Christus is die Here in wie se diens ons staan." (Kol 3:23, 24 NAV)

Verder is die Nederlandse uitdrukking: "Zo prediker, zo gemeente" deurslaggewend waar. Dit is waar van alles: Ons lewe met die Here, leierskap in die gemeente, visie en entoesiasme, eenvoud en vergenoegsaamheid, persoonlike rentmeesterskap ens. ens.

Ons bede is dat jy hierdie handleiding nuttig sal vind en ook met voorstelle sal kom oor hoe ons dit in die toekoms kan verbeter.

INHOUD

A. Uitgangspunt 2
1. Die NG Kerk se finansies in die huidige eeu 2
2. Gemeentelike bestuur en Administrasie 5
3 Persoonlike finansies van die Predikant 11
4. Aanstelling as Huweliksbevestiger 20
5. Diensverhoudinge 20
Bylae 1 Vorm vir Rekeningbetalings 21
Bylae 2 Aansoekvorm vir doop van 'n kindjie 22
Bylae 3 Doopkladboek (voorbeeld) 24
Bylae 4 Voor huweliksbevestiging – gee aandag 25
Bylae 5 Huweliksregister (skrywe) 26
Bylae 5b Ou Huweliksregister (BI-30) 27
Bylae 5c Nuwe Huweliksregister (DHA-30) 28
Bylae 6 Kommissie verslag aan Kerkraad 30
Bylae 7 Kerkraadsbegroting (voorbeeld) 32
Bylae 8 Diakensinligting - vorm vir verslag 33
Bylae 9 Visite-kaartjies 34
Bylae 10 NGK Memorandum oor Sinodale Aandeel 35
Bylae 11 Inkomstebelasting berekening – voorbeeld 40
Bylae 12 Verlof van Predikante – NGK Reglement 42
Bylae 13 Verlofregister – voorbeeld 43
Bylae 14 Finansiële beplanning vir Predikante 42
Bylae 15 Diensooreenkoms vir Predikante 46
Bylae 16 Aansoek vir pos: Motivering en CV 50
Bylae 17 Bybelse Rentmeesters: Teologie en Metodologie (Met bylaes *1 – 7*)……..... 51
Bylae 18 10 Beginsels t.o.v. Offervaardigheid 85
Bylae 19 Finansiële Prioriteite 87
Bylae 20 Vergaderings 89
Bylae 21 Opmerkings oor Gemeentebediening 91

A. UITGANGSPUNT

A.1 In die verlede het baie gemeentes (en die kerk)'n verkeerde onderskeid probeer handhaaf tussen die "geestelike" en die "saaklike" aspekte van gemeentewees - asof die gemeente op die vlak van bestuur en administrasie met 'n "wêreldse" saak besig is. Hierdie fout moet deur ons dienswerk reggestel word.

A.2 Die predikant is die enigste in die gemeente wat só geplaas is dat hy/sy as "dirigent" kan verseker dat die spiritualiteit van die gemeente eenders weerklink in die liturgie, pastoraat, jeugwerk, vergaderings, strategie en administrasie van die gemeente - die Here se kerk onderweg. Daarom is geestelike integriteit, en "lewe met die Here" so belangrik.

A.3 Die predikant wat hom/haar laat insluk deur die administrasie van die gemeente, is 'n pampoen. 'n Groter pampoen is dié predikant wat sy/haar rol as leier op bestuursvlak en ten opsigte van bestuurstyl prysgee of verloor. As leier bly hy/sy **aanspreeklik** hoewel sekere verantwoordelikhede gedelegeer moet word.

A.4 Die basis van die predikant as bestuurder/leier in die gemeente is.

→ Die regte verhouding met die gemeente se Eienaar, Jesus Christus
→ Gemaklike verhoudinge met die kerkraad en ander personeel in diens van die kerkraad
→ 'n Ontspanne en gemaklike verhouding met die lidmate gebou op die predikant se gesindheid en diensbaarheid.
→ Die ontdekking van hoe dit is om die minste te wees en terselfdertyd voor te vat, soos Paulus van Timoteus vra (1 Tim. 4: 6 - 16)

1. KERKLIKE FINANSIES IN DIE HUIDIGE EEU

1.1 FINANSIëLE TENDENSE

1.1.1 Algemeen kerklike faktore

- Afname in lojaliteit/betrokkenheid van lidmate
- Kerke onbeholpe met vraagstuk van armoede
- Waar lidmate eienaarskap vir 'n Visie deel, gaan hulle harte, hande en beursies oop!
- Kansels praat (soms) oor begrotingstekorte en versuim om die Bybel te laat praat oor
  - die christen en sy goed/geld
  - rentmeesterskap as dissipelskap
- Predikante beskou geld as 'n sekulêre onderwerp
- Ou-wêreldse manier van finansiële beplanning, bestuur en administrasie
- Onbekostigbare, stygende vergoedingsrekening van kerke

1.1.2 VG en NG Kerk-faktore

- Verouderende dankofferbasis by lidmate
- Jong mense verlaat die land, kerk en gemeente
- Leiding en leierskap in gemeentes ten opsigte van finansies in hande van finansiële manne?
- Gemeentes sonder finansiële uitsig of uitweg.
- Pastorie-finansies onder druk
- Op gemeentelike vlak het bedieningstyl, gemeentesisteem, leierskap, visie, spiritualiteit en betrokkenheid 'n groter effek op finansies as wat ons dink.
- Minder lojaliteit by lidmate?

1.2 MAKRO-EKONOMIESE KONTEKS

Dis 'n wêreldwye verskynsel dat die sogenaamde hoofstroomkerke finansiële probleme ervaar. In die VG en NG Kerk is ook toenemende gevalle van gemeentes (en Sinodes!) wat finansieel in die moeilikheid beland. Die Buvton-groep het aan die hand van literatuur en in gespreksessies 'n aantal aspekte/bydraende faktore uit die makro-ekonomiese konteks wat die

finansiële dilemma van die kerk vererger, aangedui:

1.2.1 **Sosiaal-politieke faktore**

- Die magsbalanse in Suid-Afrika, ook op ekonomiese gebied, het sedert 1994 ingrypend verander.
- Suid-Afrika se ekonomiese groeikoers is laer as die bevolkingsaanwas, en die res van die wêreld brand nie juis om by ons beleggings te maak nie.
- SA beleef ‘n “verarmingsproses” van die middelklas - waarin die meeste van ons lidmate/predikante hul bevind.
- Die kerk is nie meer in die sentrum van die gemeenskap nie.
- Die "Nuwe" Suid-Afrika het baie veranderinge gebring.

1.2.2 **Makro-ekonomiese faktore**

- Afname in werkgeleenthede en -vooruitsigte vir privaat persone
- Landbou in die knyp
- Armoede, werkloosheid en die proses van verarming in Suid-Afrika moet dringend op die Kerke en gemeentes se agenda wees.
- Geld en ekonomie raak in ons kleiner wordende wêreld ‘n groter mag as politieke en owerheidsinstansies of regerings.
- Huishoudings se totale skuld het betreklik skerp van 38,8% van hulle besteebare inkomste in 1969 tot 58,6% in 1999 toegeneem. Die opwaartse neiging het in die vroeë jare tagtig begin. Huishoudings se totale skuldlas het in 1997 ‘n hoogtepunt van 61,2% bereik, waarna dit effens gedaal het.
- Huishoudings se koop- en betalingsgedrag is voorts besig om op belangrike maniere te verander:
  - die toenemende gebruik van krediet (en gepaardgaande toename in skuld);
  - die toename in die gebruik van kredietkaarte en elektroniese bank-transaksies;
  - ‘n afname in die gedeelte van ‘n tipiese huishouding se inkome wat op diskresionêre wyse aangewend kan word.
- Namate huishoudings meer van debiet- en aftrekorders op ander terreine van hulle lewens gebruik maak, behoort dit ook groter inslag te vind as ‘n metode om kerklike finansiële offers te bring. Stelsels van dié aard vergemaklik die insamelingstaak, bring groter stabiliteit in die dankoffers en maak beter gemeentelike beplanning moontlik. Terselfdertyd wil dit voorkom asof verbruikers minder kontant hou en minder diskresie ten opsigte van die besteding van hulle inkomste het. Ongereelde verrassingsbesoeke deur diakens gaan gevolglik al swakker dankoffers oplewer.

1.2.3 **Lewenstyl faktore**

- Baie mense veg om finansiële oorlewing
- Pessimisme oor ekonomie
- Invloed van kapitalisme en materialisme word onderskat
- Hebsug/selfsug/oorlewing word ‘n aanvaarbare leefstyl
- Verbruikersmentaliteit - ook tov die kerk
- Post-Modernisme bring onsekerheid
- Veranderings in gedagte- en gedragspatrone
- Baie lidmate beskou hulleself eerder as eienaars i.p.v. bestuurders van die Here se goed (Rentmeesters).
- Indiwidue se kontantvloei benadeel deur Lotto, Casino’s, Selfone
- Misdaad en HIV/Vigs het 'n negatiewe invloed.

1.3 IN WATTER RIGTING LÊ DIE OPLOSSINGS? (Sien ook Bylae 17 - 19)

Die Rentmeester-studiegroep het in die betrokke literatuur en eie nadenke die volgende aspekte aangeteken, waaraan aandag gegee kan word in die soeke na moontlike oplossings. Elke gemeente se situasie sal dui op ‘n unieke stel oplossings waaraan gewerk moet word.

1.3.1 Finansiële probleme is meestal **simptomaties** van bedienings- of verhoudingsprobleme in ‘n gemeente: spreek die regte probleme aan!

1.3.2 Help lidmate om **rentmeesterskap** in alle opsigte as **deel van dissipelskap** uit te leef. Die motivering vir rentmeesterskap is afhanklik van ‘n dieperliggende geloof en toewyding.

1.3.3 Lei lidmate om ‘n **Bybelse visie** te ontwikkel ten opsigte van besittings, geld en besteding.
- verplasing van ons **vertroue vanaf geld na God is die sleutel**.

1.3.4 Help lidmate tot groter **eienaarskap** en verantwoordelikheid vir die gemeente - ook deur deursigtige administrasie en duidelike kommunikasie: verpersoonlik dankoffers.

1.3.5 Ons sal die vraagstuk van armoede nie kan aanvat vóór ons mekaar nie uit die Bybel geleer het om **eenvoudiger te lewe** nie.

1.3.6 Die gemeente se finansiële bestuur moet gegrond wees op die **Bybelse beginsels** en praktyk van rentmeesterskap.
- Die predikante se rol in die proses is daarom van kardinale belang.
- **“The pastor is the key!”**

1.3.7 **Help predikante** om gemaklik uit die Bybel te praat oor die christen en sy goed/geld.
- Ook kleingroep byeenkomste behoort mekaar hiermee te help

1.3.8 **Erflatings** as deel van lidmate se dankoffer moet aangemoedig word. In die verlede was dit normaal dat mense 10% van hulle bates vir die Here se werk bemaak het!

1.3.9 Die jare van **skuldmaak** is vir ons gemeentes verby: werk eerder aan reserwefondse vir die toekoms.

1.3.10 Ten opsigte van **insamelingsmetodes**
- Die dankoffermetode <u>moet</u> **volg op die geloofsverbintenis** van lewende lidmate.
- Insamelingsmetodes moet **Bybelsbegrond** wees. Die Bybel het voorbeelde van “bring” (offers) en “haal” (2 Kor 9:5). Dankoffer moet lidmate laat ervaar dat hulle **“vir die Here”** gee. Die uitdrukking “diakens wat kollekteer” is ‘n **onding** wat ‘n “nuwe vertaling” moet kry. **Koeverte** moet persoonlik besorg word en elkeen moet ‘n briefie bevat wat verskillende aspekte van Rentmeesterskap en die gemeente se Visie belig.
- Debiet-aftrekorders/outomatiese betaalmetodes is styl van **ons tyd**. Waak teen onpersoonlike handeling.
- **Persoonlike kontak** bly veral by dankoffer insameling van kardinale belang
- Die VG en NG Kerk is gebou op ‘n **vrye-keuse dankofferstelsel**
- **Geskille** in ‘n gemeente lei tot ‘n onverskilligheid oor dankoffers.
- ‘n Gestruktureerde en doeltreffende dankofferstelsel en -gesindheid behoort alle ander tipe **addisionele insamelings** oorbodig te maak.

1.3.11 Hoe gaan ons prakties te werk om lidmate hul dankoffer aanmerklik te laat **verhoog**? Beslis nie deur te hamer op begrotingstekorte en ‘n stryd om oorlewing nie. Mense stel nie belang in ondernemings (en spanne) wat “verloor” nie. Kweek liewer **verbintenis aan die Here en die Visie** – “waar jou hart is, daar sal jou skat ook wees”!

1.3.12 In die **Bybel** is ongeveer 500 verse oor gebed, 500 oor geloof en 2 350 oor geld en besittings - 16 van die 38 gelykenisse van Jesus handel daaroor. Ons prediking, pastoraat en gemeentekultuur weerspieël dit nie.

1.3.13 Die **boodskap van die Bybel** oor materiële besittings moet benadruk word:
- *Besittings is ‘n goeie gawe van God en is bedoel om deur Sy kinders geniet te word.*
- *Besittings is ook een van die primêre oorsake waarom mense hul rug op God draai.*
- *Verlossing/Bekering vereis ‘n ommekeer ten opsigte van rentmeesterskap.*
- *Uiterstes van rykdom en armoede is nie aanvaarbaar nie.*
- *Die Bybel se leer oor besittings en geld is in die eerste plek ‘n geestelike saak.*

1.3.14 Die **Rentmeesterskap-benadering** van die gemeente speel ‘n rol in al die aksies rondom bedieninge en uitreikprogramme. Die hele gemeente se identiteit en funksie moet in sy/haar offervaardigheid uitdrukking vind en omgekeerd.

1.3.15 Verwelkoming van nuwe intrekkers en die uitspel van rentmeesterverwagtinge aan nuwe lede. Wees duidelik oor die **implikasies van lidmaatskap** en wat van ‘n lidmaat rondom tyd, talente en geld verwag word.

1.3.16 Rentmeesterskap behels langtermyn toerustings- en leringsuitdagings nl om diepgewortelde opvattings en **waardes** oor geld en die kerk te **verander.**

1.3.17 **Rentmeesterskap verskil van fondsinsameling**. In rentmeesterskap gaan dit om die lidmaat se behoefte om vir die Here te gee; by fondsinsameling gaan dit om die organisasie se behoefte om te ontvang.

1.3.18 'n **Geloofsperspektief** met 'n duidelike uiteensetting van die roeping en doel van die kerk is vir rentmeesterskap belangrik. 'n Dankbare reaksie is 'n kenmerk van iemand wat in die geloof geanker is.

1.3.19 Die lidmate moet glo in **God se plan** met die wêreld en die gemeente se rol daarin. (Visie!)

1.3.20 Die behoefte aan **leiers** wat deur hulle voorbeeld en verkondiging lei is groter as wat ons dink.

1.3.21 **Dissipelskap** sluit getuienis, tyd, energie, gebed, talente en geld in. Ons word opgeroep om die wysheid van die kruis te volg en die wysheid van die huidige geldmag kultuur uit te daag.

1.3.22 In 'n boek wat 'n ondersoek gedoen het na die **faktore** wat 'n invloed het op die dankoffers in die gemeente is die volgende vyf uitgelig:

- 'n Hoë gesinsinkomste
- 'n Hoë vlak van betrokkenheid van die hele gesin
- Bybel as rigsnoer
- Beplanning van jaarlikse dankoffer
- Kleiner gemeente

1.3.25 Rentmeesterskap behels 'n **omvattende benadering** as deel van die gemeente se totale bediening, program en visie.

1.4 IMPLIKASIES VIR DIE PREDIKANT

1.4.1 Is predikante voorbeelde van 'n eenvoudiger lewenstyl?
1.4.2 Almal is deel van 'n proses waar die beskikbare Rande verder moet "rek".
1.4.3 Dilemma met skuld en kontantvloei (moet nooit meer uitgee as wat jy inkry nie!)
1.4.4 Beste belegging tans (en in alle tye): beperk skuld
1.4.5 Jaarlikse verhoging a.g.v. inflasiekoers nie baie effektief
1.4.6 Aftreebeplanning: Begin vroeg werk aan 'n dak oor jou kop ***(BYLAE 14)***
1.4.7 Testament in orde vanaf dag een!

1.5 'n Navorsingsgroep van Buvton het 'n 2-dag werkswinkel ontwerp om gemeentes te help t.o.v. Rentmeesterskap as deel van elke Christen se geloof en lewe.

1.6 *I TIM. 6: 3 – 12; 17-19 - Goed om te onthou!*

2. GEMEENTELIKE BESTUUR EN ADMINISTRASIE

2.1 KANTOORADMINISTRASIE (KERKKANTOOR)

Die Kerkkantoor is vir die gemeente soos die hartklop vir die liggaam. Gesonde, effektiewe funksionering is noodsaaklik!

2.1.1 **Basiese Benodigdhede**

- Kerkkantoor : Geleë in of naby die kerkkompleks
- Besoekure : Vaste ure wat bekend is aan gemeentelede. Goed om beskikbaar (oop) te wees wanneer lidmate nie by hulle eie werk is nie. Gerieflik as dit op kennisgewingbord en op gemeentekalender aangebring word.
- Personeel : Moet betroubaar en bekwaam wees. Goeie menseverhoudinge. Vertrouensverhouding.
- Toerusting : Normale kantoortoerusting vir effektiewe administrasie.
- Verhoudinge : Goeie verhoudinge tussen predikante, amptenare en kerkraad is essensieel.
- Dienskarakter : Onthou dat ons 'n diens aan lidmate lewer na die voorbeeld van Jesus!

2.1.2 **Boekhouding**

Slegs basiese wenke word gegee. Maar dis van die grootste belang! Soos Paulus oor Titus skryf toe hy geld moes hanteer: Ons is daarop gesteld om korrek op te tree, nie alleen voor die Here nie, maar ook voor die mense. (2 Kor 8:21)

2.1.2.1 Ontledingskasboek:
- 32 kolom boek (Waar rekeraarstelsel nie gebruik word nie.)
- Indeling ooreenkomstig items op gemeente se finansiële staat wat aan die Ring voorgelê moet word.

2.1.2.2 Ontvangste / Uitbetalings:
- Skryf altyd **kwitansies** uit **vir *alle* gelde** ontvang.
- Doen **alle betalings *slegs* per tjek of internet-oorbetaling**, behalwe klein items wat uit kleinkas betaal kan word bv seëls, opwas- en skoonmaakmiddels, ens.

2.1.2.3 Bank:
- **Bank gereeld** en **"skoon"** met ander woorde die bedrag wat gedeponeer word, moet ooreenstem met die kwitansies tot op datum.

2.1.2.4 Bewysstukke:
- Bêre alle fakture en ander bewysstukke. Stuur vorm saam met tjek ***(BYLAE 1)***.
- Nommer elke kollektelys wat in gemeente sirkuleer, hou daarvan 'n register. Bewaar kollektelyste, plak kwitansies vir bedrag ingesamel daarop, lê aan ouditeur voor.

2.1.2.5 Rekenaars en programme

Rekenarisering is deesdae essensieel. Vergelyk verskillende programme in oorleg met ouditeur met die oog op besparing van ouditkoste. Boekhouprogram moet korrespondeer met bestaande stelsel. Kerklike programmatuur is beskikbaar. Betrek kundige lidmate om as bediening rekenaarsake te bestuur.

2.1.2.6 Interne ouditkommissie van kerkraad belangrik met die oog op kontrole en besparing van ouditkoste van ouditeure: ouditkoste loop volgens aantal ure wat die oudit duur.

NB: Sien ook Bylae 19 – Finansiële Prioriteite

2.1.3 **Registers**

2.1.3.1 Tipes

Die volgende registers moet in die Kerkkantoor wees en bygehou word:

- Doop-, Lidmaat-, Huweliksregister

2.1.3.2 Voorskrifte vir invul

- Sien in die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente van die onderskeie kerke.

- Bewaar ou Sertifikate/Attestate kronologies in jaargange in 'n eenvoudige lêer. Dit kan baie probleme voorkom as later ontdek word dat 'n naam per abuis nie ingeskryf is nie.

2.1.3.3 Aansoekvorms

- Aansoek om doopbediening - voorbeeld by ***BYLAE 2***
- Doopkladboekie handig vir addisionele rekord - voorbeeld by ***BYLAE 3***
- Aansoek om huweliksbevestiging - voorbeeld by ***BYLAE 4 & 5***

2.1.3.4 Adreslys

'n Adreslys van lidmate met hul kerngegewens wat op die rekenaar op datum gehou word, is **onontbeerlik**. Hoe groter die gemeente, hoe noodsaakliker is konstante op-datering. Elke kerkraadslid kan sy wyk se gegewens byhou.

2.1.4 **Notules (Sien Bylae 20 - Vergaderings)**

2.1.4.1 - Gebruik goeie losbladnotuleboek vir kerkraadsnotule: ook kommissies
2.1.4.2 - Notuleer duidelik met oog op navorser wat oor 50 jaar of meer nog moet verstaan wat gebeur het.
2.1.4.3 - Notuleer hoofsaaklik besluite en nie besonderhede van bespreking nie.
2.1.4.4 - Gebruik duidelike hofies om punte te laat uitstaan; probeer volgorde konstant hou in elke notule vir naslaandoeleindes.
2.1.4.5 - Verslae van Kerkraadskommissies word as Bylaes tot die notule gevoeg. Kommissies moet geleer word om verslae korrek op te stel. 'n Voorbeeld word in ***BYLAE 6*** gegee. Eenvormig!
2.1.4.6 - Hou besluiteregister op datum om opsoek van besluite te vergemaklik. Benut rekenaar daarvoor.
2.1.4.7 - Laat bind boek netjies as losbladhouer vol is in die finale boek: die sakelyste, notules en bylaes behoort daarin te wees.
2.1.4.8 - Dit help baie as die notule ook aandui **wie** 'n bepaalde besluit sal uitvoer.
2.1.4.9 - Die agenda en notule moet die kultuur en spiritualiteit van die gemeente weerspieël. Kerkraadsvergaderings moenie tyd mors met sake wat indiwidue of kommissies met volmag kan afhandel nie.

2.1.5 **Bateregister**

Hou 'n volledige register van:

2.1.5.1 Roerende bates (meubels, kantoortoerusting, rekenaars, ens.)

Met vermelding van soort, getal, kosprys (indien beskikbaar) plek waar gehou word.

2.1.5.2 Onroerende bates

Beskrywing van eiendom en nommers van Transportakte, kosprys, moontlike verbande.
Beskrywing van orrel, leweransier, besonderhede van kontrak, kosprys, ens.

2.1.6 **Versekeringsregister**

Hou volledige register van:

2.1.6.1 - Eiendomme en losgoed wat verseker is. Onthou dit moet teen vervangingswaarde verseker wees anders gaan u deur die "awery-klousule" in geval van 'n eis, benadeel word. Dit bring mee dat u slegs vir 'n pro rata gedeelte van die skade vergoed sal word.

2.1.6.2 - Ander polisse

2.1.6.3 - Besonderhede van die Makelaar van die gemeente

2.1.6.4 - Besonderhede van vorige eise.

2.1.7 **Beleggingsregister**

Hou volledige register van:

- Beleggings: Bedrag belê, instansie, rentekoers, rente betaalbaar op, vervaldatum, doel van belegging (indien enige), eie belegging of in trust.

2.1.8 **Salarisse- en Verlofregister**

2.1.8.1 Salarisse

- Lê 'n salarisregister aan, afsonderlike bladsy vir elke werknemer.

- Dui in die register in verskillende kolomme al die detail van die tjeksamestelling aan: Bruto salaris, bonus, medies, reistoelae, pensioen, LBS, netto bedrag van tjek.

2.1.8.2 Verlofregister

- Lê 'n verlofregister aan - een bladsy vir elke werknemer.

- Dui aan verlof waarop geregtig: gewone - en lang verlof afsonderlik en dui daarteenoor aan verlof geneem, verlof uitstaande. Vir verlof van Predikante in die NGK sien Reglement 23 in Kerkorde en Bepalings ***(BYLAE 12)***. Vorm vir aansoek om verlof: Sien ***BYLAE 13.***

- Laat verlofregister oudit: uitstaande verlof word later geld as dit uitbetaal moet word.

- Werk versigtig en openhartig met verlofreëlings: ons werk is om te werk!

2.1.8.3 Dienskontrakte

Hou ‘n legger van elke werknemer se dienskontrak met bylaes.

2.1.9 **Reglemente**

Dis deesdae noodsaaklik om huishoudelike reglemente vir die kerkraad te hê, sodat bv. bedienings of kommissies aan die hand van die reglement hul sake selfstandig kan afhandel.

2.1.10 **Argiefmateriaal - Sien Argiefreglement (in die Kerkorde)**

2.1.11 **Begrotings en beheer van fondse**

2.1.11.1 - Begroot betyds vir die nuwe boekjaar (VGK = Apr tot Mrt; NGK = Mrt tot Febr)

2.1.11.2 - Bring in berekening **alle** moontlike inkomste en uitgawes behalwe gelde wat slegs vir versending hanteer word.

2.1.11.3 - 'n Begroting bevorder versigtige, oordeelkundige en gesonde administrasie en beplanning.

2.1.11.4 - Vergelyk werklike syfers van uitgawes en inkomste gereeld met begrotingsmikpunte.

2.1.11.5 - Begroot om **uit te kom** en nie **om uit te gee** nie. Die feit dat 'n item op die begroting is, beteken nie dat dit goedgekeur is om die uitgawe aan te gaan nie. Dit geld egter nie vir gewone, gereelde uitbetalings nie. Kontroleer kontantvloei om te verseker dat alle uitgawes op die bestemde tyd bekostig kan word. ‘n Kerkraad behoort **nie** te begroot vir ‘n tekort nie. Predikante self ook nie!

BYLAE 7 gee 'n voorbeeld van 'n gemeente se begroting.

2.1.11.6 - Doen kwartaalliks verslag aan die kerkraad: verstaanbaar en deursigtig!

2.1.11.7 - Inkomste

Dit is die ideaal dat die grootste deel van die gemeente se inkomste gevind word deur die dankoffers van betrokke en toegewyde lidmate. **'n Lidmaat se dankofferverbintenis (commitment) volg op sy/haar geloofsverbintenis.**

2.1.11.8 - Deursigtigheid

Die lidmate het die reg om op 'n deursigtige manier verslag te kry oor die inkomste en uitgawe van die gemeente.

2.1.11.9 - Kontrole/Verslae van besoeke

Bylaes 8 - 9 is moontlikhede

2.1.12 **Invul van Ringsvorms en statistiek**

2.1.12.1 - Die leierskap behoort die finale kopie te voltooi voor ondertekening, want dit moet op Ring verantwoord word. Delegeer insamel van inligting na kommissies en maak kommissie se werk sinvol as inskakeling by sake van die kerkverband.

2.1.12.2 - Laat skriba, kommissies, kerkraadslede help om die nodige informasie te voorsien.

2.1.12.3 - Finansiële staat van gemeente aan die Ring - speel baie belangrike rol in die berekening van Sinodale offers (by NGK genoem Eweredige Bydraes/Aandele).

Maak seker:

- dat besteding vir plaaslike werk ten opsigte van Diens van Barmhartigheid en Sending korrek aangedui word.
- dat onderskeid gemaak word tussen beleggings van eie fondse en fondse wat net geadministreer word.
- dat bemakings, boeke verkoop, SKDB toekennings onder Diverse aangedui word.
- dat ten opsigte van gemeenteskuld 'n aanduiding gegee word van skuld vir kapitale uitgawes, asook die bedrag wat gedelg is.

2.1.13 **Versoeke om Finansiële Ondersteuning**

Kerkrade kry toenemend te doen met 'n legio van aansoeke om finansiële hulp. Vier vrae kan nogal help om rigting te gee:
- Is dit 'n werksaamheid van die betrokke Kerk?
- Is dit 'n werksaamheid binne ons eie Sinodale gebied of Ring?
- Is daar voorsiening in die huidige jaar se begroting?
- Is dit in ooreenstemming met die gemeente se visie?

2.1.14 **Kommunikasie**

Soos bloed in die liggaam, is komunikasie in die gemeente!

Die kerkkantoor en pastorie vul 'n sleutelfunksie in die gemeente se kommunikasieproses
- na lidmate
- tussen diensgroepe/kommissies
- na buite

Gebruik alle metodes:
- Weeklikse aankondiginge (Bulletin) moet vars en aantreklik wees.
- Maandblad (gemeentebrief) kommunikeer ook in "afvalliges" se huise
- Moderne middels (internet, e-pos en sms'e) het onbeperkte moontlikhede

Vir die kommunikasieproses is die volgende belangrik:
- Deursigtige, oop kommunikasiekanale
- Kommunkasie na/van Bo is steeds die belangrikste.
- Navorsing het bewys dat mense gewoonlik eers reageer nadat op 5 verskillende maniere met hulle gekommunikeer is.

2.2 EWEREDIGE AANDEEL VIR DIE BEGROTING VAN DIE SINODE [mbt die NG Kerk]

2.2.1 Oorsprong

- Oorspronklik moes elke Kommissie van die Sinode toesien dat hy die geld insamel wat hy nodig het vir sy werksaamhede. Dit het 'n onheilige kompetisie onder Kommissies bevorder en gemeentes die "slagveld" van Kommissies gemaak waar elkeen gekom het om so veel moontlik uit die gemeente te wurg.

- In 1957 is vir die eerste keer 'n begin gemaak met 'n elementêre puntestelsel. Vanaf 1961 is die huidige stelsel in gebruik. Hoewel kleiner veranderinge oor die jare aangebring is, het die formule waarvolgens die berekening gedoen word, basies dieselfde gebly tot 1993 toe groter aanpassings aangebring is om billikheid te verseker.

- Kommissies het nie meer nodig om gemeentes te druk in 'n poging om soveel moontlik in die hande te kry nie. EEN begroting word opgestel en in hierdie een begroting word aan elke Kommissie sy begroting toegeken met in agneming van die behoefte van die Kommissie en die vermoë van die Kerk.

- In die ontwerp van die formule word uitgegaan van die vraag of die gemeente sy eie basiese uitgawes kan bekostig - veral die leraarspos(te):

  Deur 'n verskeidenheid van komponente in aanmerking te neem, word 'n groot mate van eweredigheid in die toekenning van die punte bewerkstellig, d.w.s. die sinodale uitgawes word **<u>eweredig</u>** tussen gemeentes verdeel volgens hul vermoë wat van jaar tot jaar wissel.

  Moet dit egter nooit soos “belasting” sien nie. Dit is eerder ‘n uitdrukking van ‘n gemeente se betrokkenheid by die Kerkverband (ons vennootskap met die Visie van die hele Kerk). Gemeentes wat “na buite” lewe en gee, groei na binne!

2.2.2 Gesindheid

Die gesindheid van predikante en kerkrade is van deurslaggewende belang.

- Gesindheid teenoor **saak**: Ondersteuning word gevra vir die kerkverband se werksaamhede wat namens en in belang van die gemeentes bedryf word.

  Moenie onderskeid maak tussen "ons" werk en "julle" werk nie. Al die werk is "ons" werk, en het meestal 'n lang geskiedenis. Eintlik is dit “Sy” werk!

  <u>Wees positief:</u>

  Almal is aandeelhouers in die Koninkryk.
  Elkeen se bydrae werk op verskillende plekke - in die Sendingveld, op die jeugakker, die projekte van die SKDB, die hospitaalpastoraat, ens.

- Gesindheid teenoor die **Sinodale Kerkkantoor en Sinode.**
  Kerkkantoor en sinodale kommissies is nie 'n bedreiging nie, maar voer Sinodebesluite uit. Ons streef na 'n openhartige en gemaklike verhouding, wat baie verbeter het oor die afgelope paar jaar.

2.2.3 Formule - *BYLAE 10*

2.3 BESTUURSPAN

Die kerkraad is die bestuurspan van die gemeente. Elke gemeente het sy eie styl ontwikkel oor die samestelling, funksie en bestuursproses van die kerkraad, die kommissies (of bedieninge) die dagbestuur en die predikant(e). Spangees en spanwees is belangrik - ook die samewerking met die kerkkantoor as senupunt van die gemeentelike administrasie. In die bestuurspan is die predikant(e) nie die sg Hoofbestuurder belas met administrasie nie, maar die (geestelike) leier.

3. PERSOONLIKE FINANSIES VAN DIE PREDIKANT

3.1 SALARIS, REISKOSTE EN VOORDELE [Inliging tov NG Kerk]

3.1.1 Wie bepaal sinodale skale?

By die NG Kerk: Die Taakspan Fondse van die Algemene Sinode (ATF):

3.1.1.1 Vra teen die einde van die jaar insette van die verskillende Sinodes.

3.1.1.2 Beskik oor die dienste van 'n Menslike Hulpbronkommissie onder andere vir die Vergoedingspakket van Predikante. Hierdie Kommissie adviseer die ATF oor die vergoedingspakket in die lig van salarisse in die privaatsektor, gegewens van die A.A. en die finansiële vermoë van gemeentes.

3.1.1.3 Vergader in November om die Vergoedingspakket te finaliseer.

3.1.2 **Besonderhede is by die plaaslike gemeente beskikbaar**

3.1.2.1 Die ATF gee die besonderhede deur aan die Dagbestuur van die Sinodale Fondskommissie (SFK) en die aanpassings tree in werking op 1 Maart.

3.1.2.2 Salaris: Die SFK-Dagbestuur stel in terme van Bepaling 13 Kerkrade in kennis van die nuwe skaal wat aanbeveel word.

3.1.2.3 Voertuig- en Vervoertoelae: Die SFK-Dagbestuur bepaal die aanbevole voertuig- en vervoertoelae, in ooreenstemming met die aanbeveling van die ATF en stel Kerkrade in kennis.

3.1.2.4 Kerkraad en Predikant kan ooreenkom op 'n kleiner bedrag in oorleg met die Ring, indien die gemeentefondse onvoldoende is.

3.1.2.5 Aanbevelings word ook gemaak ten opsigte van medies, ens.

3.1.2.6 In die meeste gevalle word dit aan die kerkraad se kommissies vir finansies en/of diensverhoudinge oorgelaat om die predikant se vergoedingspakket te hanteer. In gevalle waar kerkrade nie die aanbevole pakket kan bekostig nie, onderhandel die predikant(e) en betrokke kommissies oor ‘n geskikte pakket.

3.1.3 **Diensbonus**

- Dertiende tjek gelyk aan salaris (sonder toelaes) vir een maand (of soos Diensooreenkoms bepaal|)
- Sien toe dat skriba LBS aftrek oor die volle 12 maande

3.1.4 **Onthaaltoelae**

- Die Ontvanger erken nie meer aftrekkings vir ‘n onthaaltoelaag nie.

3.1.5 **Medies (*hierdie is van toepassing op die NGK*)**

- Met ingang van 1 Januarie 2000 het die kerkgroep (werknemers in gemeentes van die NGK in Wes-Kaapland) by Discovery Health ingeskakel.
- Daar is verskeie skemas met ‘n aantal opsies binne elke skema beskikbaar.
- Die skema wat deur die SFK-Dagbestuur aanbeveel word, is die Essensiële Spaarder Plan met ‘n maandelikse Mediese Spaarrekening van R610. Kerkrade en hul werknemers word egter versoek om met mekaar ooreen te kom ten opsigte van die mees geskikte Plan wat voldoen aan die gesin se behoeftes.
- Aansluiting geskied via die Sinodale Kerkkantoor Bellville en ledebydraes moet voor die end van die maand aan die Saakgelastigde betaal word. Die Saakgelastigde doen die oorbetaling op die 7de van die daaropvolgende maand vir die vorige maand. Met ander woorde, ledebydrae is agterna betaalbaar.
- Kerkrade betaal gewoonlik 50 % van die ledebydraes en heffing. Belastingbesparing is moontlik en wenslik by die berekenings.

- Eise moet direk by Discovery Health ingedien word.

3.2 PERSOONLIKE FINANSIES

Predikante is nie beroemd vanweë hul besondere finansiële vermoëns nie.
"Are you the BOSS?" Is u in beheer van u finansies? Daarvoor is nodig:

B - Bepaal beskikbare inkomste
O - Oefen kontrole uit oor besteding
S - Spandeer met oorleg
S - Spaar en belê versigtig

3.2.1 BEPAAL beskikbare inkomste

- Jou inkomste : alle bronne
- Jou vrou : alle bronne

3.2.2 OEFEN kontrole uit oor besteding

3.2.2.1 - Waarvoor bestee jy jou geld?

(Skryf alles op - dit gee aanduiding waarheen jou geld gaan)

Vra vir jouself af:

* Lewe jy binne jou vermoë?
* Bestee jy jou geld op dinge wat jy werklik nodig het?
* Kry jy volle waarde vir die geld wat jy spandeer?
* Is jy in staat om op 'n gereelde basis te spaar?
* Is jy in staat om jou rekenings stiptelik te betaal?
* Vermeerder of verminder jou skuld?
* Kan jy onvoorsiene uitgawes hanteer?
* Werk jy aan spesifieke finansiële doelwitte?
* Is jou kinders verseker van 'n goeie opvoeding?
* Is jou familiebelange beveilig ingeval jy onverwags sterf of ongeskik vir werk raak?
* Beplan jy doelgerig vir 'n sorgvrye oudag?

3.2.2.2 <u>Begroting</u>

As jy antwoorde op bogenoemde vrae probeer gee het, sal jy gou agterkom dat jy 'n begroting nodig het. Begroting opstel is uiters belangrik en nakom is 'n gesinsaak waarby almal betrek moet word.

3.2.2.2.1 <u>Noodsaaklikheid:</u>

Charles Dickens het die mens se ekonomiese dilemma vir alle tye pragtig saamgevat toe hy mnr Micawber die volgende laat sê het:

"Jaarlikse inkomste 20 pond
Jaarlikse uitgawe 19 pond, 19 sjielings en 6 pennies
- die resultaat: *geluk*

Jaarlikse inkomste 20 pond
Jaarlikse uitgawes 20 pond en 6 pennies
- die resultaat: *ellende*"

3.2.2.2.2 Afdelings:

- Vaste verpligtinge
  Hieronder val ook dankoffers, studie- en ander skuld, spaar
- Dag tot dag uitgawes
  Kos, klere, toiletware, medies, vervoer, ens.
- Plesier en ontspanning

* Probeer hard om by begroting te bly
* Onthou - die gemiddelde SA gesin verkwis R10-00 tot R15-00 uit elke R100-00 wat hulle spandeer. Daar is oral ruimte om te beplan.

3.2.2.2.3 Gemiddelde begroting vir Gesin in SA

Voedsel	-	18 %
Behuising	-	25 %
Vervoer	-	14 %
Klere	-	10 %
Meubels	-	8 %
Alle ander (oa Dankoffer)	-	25 %
		100 %

Die persentasies wissel volgens inkomste en lewenstandaard. Vir die predikant is vervoer meer en moet ook meer voorsien word vir skulddelging.

3.2.3 **SPANDEER met oorleg**

Daar is oorvloedig wenke waaraan aandag gegee kan word.

3.2.4 **SPAAR en belê versigtig**

- Spaar gereeld al is bedrag klein. 5c per rand op 'n salaris van R2 500-00 per maand teen 10 % rente per jaar vermeerder tot R150 000-00 oor 25 jaar.
- Beplan "spaar" so dat dit outomaties is. Moenie probeer spaar wat jy oor het nie, dan sal jy nie spaar nie.
- Spaar eers en spandeer dan!
- Ideaal: 25 % van salaris vir pensioen, eie huis, versekering, spaarplanne

3.2.4.1 **Korttermyn** vir noodgevalle

2 - 3 maande se salaris

3.2.4.2 **Mediumtermyn**

Vir nuwe meubels, vrieskaste, motor, ens.

3.2.4.3 **Langtermyn**

3.2.4.3.1 Vir huiskoop

Ander mense moet ± 18% van salaris aan huisvesting bestee. 'n Predikant moet dit wegsit en so spoedig moontlik self eiendom aanskaf. Die kapitale delging op huis vorm deel van 25 % spaar ideaal. Die beste opsie is om so gou moontlik ‘n eiendom aan te skaf wat jy kan bekostig en dit dan te verhuur solank jy 'n pastorie bewoon.

3.2.4.3.2 Vir oudag

Verskillende soorte beleggings ter aanvulling van pensioene. 'n Paar voorbeelde:

- Annuïteite
- Termynversekering (uitkeer) of spaarplanne
- Effektetrusts/aandele/buitelandse belegging
- Vaste depositos

3.2.4.3.3 Die slegste spaarmetode is om "bargains" te koop!

3.2.4.4 Daar bestaan **geen** gou-rykword-metode vir predikante (en "gewone" mense) nie. Inteendeel!

3.2.4.5 **Predikante behoort voorbeelde te wees en te word van ‘n eenvoudiger lewenstyl**. Dis deesdae **baie** moeilik om uit ‘n skuldmoeras op te staan.

3.3 INKOMSTEBELASTING

3.3.1 Kommissaris van Binnelandse Inkomste

Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (S.A.I.D = Ontvanger van Inkomste) reik van tyd tot tyd "'n Gids vir Werkgewers" uit, IRP10. Die Skriba moet 'n kopie daarvan by die naaste Ontvanger van Inkomste bekom, omdat die kerkraad ‘n werkgewer is.

3.3.2 Byvoordele en Toelaes is belasbaar

Die AKF (v/d NG Kerk) het in die verlede gereeld met die Kommissaris geskakel ten einde sekere reëlings vir predikante met die Kommissaris te beding (bv. ten opsigte van gratis pastorie,reistoelaes, ens.). Kragtens die jongste reëlings van die Kommissaris word predikante slegs behandel soos die IRP-10 voorskryf vir enige ander werknemer. Elke kantoor van die SAID bepaal sy eie beleid. Inspeksies word toenemend by kerke gedoen - maak seker dat die skriba jou belasting korrek bereken en oorbetaal.

3.3.3 Komponente / Voorskrifte

3.3.3.1 Onthaaltoelaes: Het verval.

3.3.3.2 Gratis Pastorie

Die meeste predikante woon in pastorieë wat deur die Kerkraad verskaf word as gratis huisvesting. Die byvoordeel is belasbaar volgens 'n vaste formule in die IRP-10.

NB In die formule beteken "besoldiging" en "besoldigingsfaktor" die salaris plus bonus plus gedeelte van die Groepversekering deur die Kerkraad betaal. Dit moet egter in gedagte gehou word dat dit gaan oor die bedrae van **die voorafgaande jaar.**

3.3.3.3 Reistoelae

3.3.3.3.1 Indien die leraar nie 'n logboek/ritboek hou nie, moet hy 18 000 km per jaar van die kilometers van sy voertuig(e) wat vir ampspligte gebruik word, vir privaatritte aftrek, en mag hy tot 18 000 km vir ampsreise eis.

3.3.3.3.2 Aan die begin en einde van die belastingjaar moet die kilometerlesings van die betrokke voertuig(e) neergeskryf word aangesien dit as basis van die berekeninge gebruik word.

3.3.3.3.3 Vir belastingdoeleindes word 3 komponente in aanmerking geneem by die berekening van die totale koste per kilometer:

- Vaste koste
- Brandstofkoste
- Instandhoudingskoste

Die besonderhede van hierdie komponente verskyn in die "Gids vir Werkgewers" en word ook in die belastingopgawe-vorm weergegee.

3.3.3.4 Aankoop Rekenaar deur leraar

Die volgende reëlings kan met die plaaslike Ontvanger getref word:

- Hy moet hom bereid verklaar om die rekenaar as noodsaaklike gereedskap vir die werk van die leraar te beskou.

- Alhoewel waardevermindering ten opsigte van rekenaars gewoonlik volgens die "verminderde saldo"-metode toegestaan word, om in die geval van leraars die

waardevermindering volgens die "reguitlyn"-metode toe te laat en wel oor 5 jaar teen 20 % per jaar.

- Waar die rekenaar net vir 'n deel van die belastingjaar gebruik word, word die waardevermindering gegrond op die tydperk van gebruik.

- Sodra die rekenaar na 5 jaar tot nul afgeskryf is, kan geen verdere waardevermindering vir die bate geëis word nie.

3.3.3.5 Aankoop van Boeke

3.3.3.5.1 In die bediening

Dit word beskou dat predikante handboeke moet koop ten einde hul pligte te kan vervul. Die koste van hierdie boeke kan nie afgetrek word nie, maar 'n aftrekking vir waarde-vermindering van 33 1/3 % per jaar word volgens die reguitlyn"- metode op hul koste toegestaan. Dit geld slegs vir boeke bokant R1 000-00. Boeke onder R1 000-00 word dieselfde jaar afgeskryf. Bedrae wat op jaarlikse bylaes en bindkoste uitgegee word, kan ten volle afgetrek word.

In alle gevalle waar waardevermindering geëis word, moet 'n staat aan u opgawevorm geheg word.

(L.W. Die "reguitlyn"-metode beteken:

Gestel die boekery staan op R9 000-00. Indien daar geen aankoop was nie, behoort die saldo van die leerboeke na 3 jaar nul te wees. Met ander woorde R9 000-00 word afgeskryf teen 'n vaste syfer van R3 000-00 per jaar en indien 'n boek van R1 000-00 in jaar twee gekoop word, is dit R3 333-00 wat daardie jaar (2de jaar) verminder word, asook die 3de jaar, maar in jaar 4 is dit slegs R333-00. Dus in jaar 2 word nie 33 1/3 % van die saldo R6 000 + R1 000 = R7 000 x 1/3 = R2 333 geneem nie. Laasgenoemde is die "verminderde saldo"-metode).

3.3.3.5.2 Gedurende studiejare

Onder datum 1991-07-16 skryf die Kommissaris van Binnelandse Inkomste soos volg: "Waar boeke gedurende studiejare aangekoop word, word die kostes daaraan verbonde as van 'n kapitale aard beskou.

Ingevalle waar 'n belastingpligtige boeke vir studiedoeleindes aangekoop het, en die boeke word in 'n latere jaar vir doeleindes van sy bedryf gebruik, moet die slytasietoelae soos volg bereken word:

Besonderhede

Aankoopprys van boek R99,00
Aankoopdatum van boek 1 Julie 1997
Gedurende die 1998 en 1999 jare van aanslag is die boek vir studiedoeleindes gebruik terwyl die belastingpligtige dit vir die 2000 jaar van aanslag vir doeleindes van sy bedryf gebruik het.

Berekening

Aankoopprys	R99,00
Slytasie vir 1997 jaar van aanslag (33 1/3 %)	R33,00
Inkomstebelastingwaarde op 28 Februarie 1997	R66,00
Slytasie vir 1998	R33,00
Inkomstebelastingwaarde op 28 Februarie 1998	R33,00
Slytasie vir 1999	R33,00
Inkomstebelastingwaarde op 28 Februarie 1999	NUL

3.3.3.6 Tydskrifte wat in die werk van die leraar gebruik moet word.

Die onkoste ten opsigte van die intekengeld vir hierdie tydskrifte soos byvoorbeeld NG T.T. en "Die Kerkbode" word as uitgawe in die betrokke belastingjaar toegelaat.

NB [HOU ALTYD afskrifte/fotosate van alle Bewysstukke op grond waarvan jou Inkomste Belasting opgawe ingevul word!]

3.3.4 **Invul IRP5 - *BYLAE 11***

Dis altyd raadsaam dat die skriba saam met die IRP5 'n begeleidende brief aan die leraar gee sodat die wyse van berekening duidelik gestel word. Die IRP5 **moet** klop met die gemeente se boeke en salarisregister. [Veiligste is indien die Ouditeur die IRP5 voltooi.]

3.3.5 Die inligting wissel meestal tussen belastingjare - maak seker dat die jongste inligtingstukke oor belasting beskikbaar is. Die Sinodale Kantoor gee jaarliks ook riglyne. Oppas vir vindingryke slaggate om belasting te verminder - S.A.I.D. is altyd vindingryker!

3.4 VERLOF Reglement 23 van NG Kerk - *BYLAE 12*

- Gewone verlof
- Studieverlof
- Siekteverlof
- Kraamverlof
- Langverlof
- Menslikheidsverlof
- Verlofaansoekvorm - ***BYLAE 13***

Alle verlof moet aangeteken word om die verlofregister op datum te hou. Verlofregister moet deur die ouditeure gekontroleer word.

3.5 PENSIOEN

3.5.1 **Pensioenfondse**

In die NG Kerk bestaan daar 3 Kerklike Pensioenfondse vir predikante:

- Die Predikante- en Weduweepensioenfonds van die NG Kerk in SA waaraan leraars van die Sinodes van Wes-Kaap, Noord-Kaap, Oos-Kaap, Natal en sommige leraars van die VGK behoort. Namibië het op 2003-04-01 hul eie pensioenfonds gestig.
- Die Sinodale Pensioenfonds van die NG Kerk van Transvaal (omgeskakel na ’n sambreelfonds genaamd *“Die Christelike Gemeenskap Pensioenfonds”*)
- Die Sinodale Pensioenfonds van die NG Kerk in die Oranje- Vrystaat
- Die VGK beskik oor die Belhar Pensioenfonds en die Pensioenfonds van die NGKA asook twee vir Amptenare

3.5.2 **Onderlinge Raadpleging**

Die verskillende Pensioenfondse onderhandel wanneer nodig sodat die lede se beste belange gedien kan word.

3.5.3 **Toetrede tot die Fonds**

NB **Aansluiting by die betrokke pensioenfonds is verpligtend en is dus ‘n diens-voorwaarde wat deur die Wet voorgeskryf word.** Vir toetrede tot die Fonds word 'n mediese sertifikaat deur die Trustees, wat die beheerliggaam van die Fonds is, vereis. Indien die Kommissie 'n betrokke lid se gesondheidstoestand nie bevredigend ag nie, mag die Trustees in samewerking met die aktuaris beperkinge op sy lidmaatskap plaas.

3.5.4 Die verpligtinge moet **maandeliks** nagekom word. *[Die besonderhede hieronder geld vir die NGK. Vir VGK besonderhede skakel met sinodale kantoor, Belhar.]*

3.5.4.1 - Gemeente kontribusie

Ongeveer 19.2% van die maksimum salaris. 'n Hoër kontribusiekoers word deur die Fonds vereis as wat gangbaar in die privaatsektor is. Die belangrikste rede hiervoor is dat leraars se pensioenbydrae bereken word slegs op die salarisgedeelte van sy vergoeding. Toelaes soos vir behuising, reiskoste, ens. vorm deel van die vergoeding, maar pensioenbydraes word nie daarop bereken nie. Indien pensioenbydraes net so op ’n gedeelte van die inkomste bereken word, is die pensioen by aftrede dienooreenkomstig laer. Die PPF is ’n Vaste Bydrae Pensioenfonds waar die pensioenbedrag by aftrede bepaal word op grond van die bydraes oor die jaar saam met die opbrengs wat daarop verdien word.

- Groepversekering: (*NGK*)

50% van premie wat tans R280-00 pm beloop. Tans word Groepversekering buite die Pensioenfonds verkry. Die totale dekking vir sterftevoordele ten opsigte van dood voor aftrede is 6 maal maksimum salaris. Twee maal word deur die Fonds self uitbetaal en 4 maal deur versekeraars.

Die maksimum ongeskiktheidsdekking uit die Groepversekering vir ongeskiktheid is 3 maal maksimum salaris.

3.5.4.2 Leraar

- Ledebydrae ± 7.5% van veronderstelde salariskerf plus diensbonus. Die tabel gebruik die **ouderdom** van die lid **aan die begin van die kalenderjaar** as basis vir berekening.
- Groepversekering - 50% van premie
- Gadeversekering - R20-00 pm betaalbaar deur getroude lede. Dekking tans R170 000
- Kapelane - 50% van Groepversekeringspremie.

3.5.5 **Uittrede uit diens**

Wanneer iemand die bediening verlaat, word sy volle Fondswaarde aan hom uitbetaal. By uitbetaling is die uitdienstredingvoordeel belasbaar. Belasting kan vermy word deur die geld te laat oorplaas na ‘n Bewaringsfonds of ‘n Uittree annuïteit.

3.5.6 **Administrasie van die Fonds**

- Aktuaris: Al drie Fondse beskik oor die bekwame dienste van ’n aktuaris en ’n konsultant wat verseker dat alles volgens die toepaslike wetgewing hanteer word.

- Rol van die Sinodale kantoor: Die Sinodale kantoor behartig al die administratiewe werk; die insameling van kontribusies, ledebydraes en Groepversekering, die belegging van die Fondse soos besluit deur die Batebestuurders, die rekordhouding van alle lede en pensionarisse, die uitbetaal van pensioene.

3.6 ANNUÏTEITE TEENOOR PENSIOEN

'n Fout wat deur baie mense gemaak word, is om annuïteite en pensioen met mekaar te vergelyk en dan 'n oppervlakkige afleiding te maak dat die voordele van annuïteite beter is as die van 'n pensioenfonds of omgekeerd.

Ongelukkig is dit twee dinge wat weens 'n verskeidenheid van redes nie met mekaar vergelykbaar is nie. Om net een rede te noem: Die bedrae van die Pensioenfonds wat tans geld, word vergelyk met die opbrengs van annuïteite oor 25 jaar of langer. Annuïteitsagente praat graag van groot geld wat 'n mens eendag sal uitkry, maar hulle laat na om te sê dat 'n rand oor 25 jaar teen 'n inflasiekoers van 10 % waarskynlik slegs 8 c werd sal wees. As 'n mens dan 'n juiste beeld van die waarde van die annuïteite oor 25 jaar wil kry, moet jy die bedrag wat voorgehou word met 0.08 vermenigvuldig. Daarteenoor hou die Pensioenfonds se inbetalings naasteby tred met inflasie, omdat dit verband hou met die salarisaanpassings.

Annuïteite is 'n **waardevolle toevoeging/aanvulling** tot pensioenvoorsiening, maar kan dit nooit vervang nie - daarom het die Versekeringsmaatskappye vir hulle eie personeel ook pensioenfondse.

3.7 TESTAMENT

Maak seker dat jou testament geldig, aktueel, op datum en billik teenoor jou erfgename is.

3.8 AFTREEBEPLANNING

Lees asb ***BYLAE 14*** oor dié saak.

3.9 BEDIENINGS ETIEK

Lees asb ***BYLAE 21*** wat algemene wenke oor die evangeliebediening in gemeentes bevat.

4. AANSTELLING AS HUWELIKSBEVESTIGER

4.1 Die volgende bepalings is ter sake uit die NG Kerk se Kerkorde en Bepalinge:
(*VGK ooreenstemmende Reglemente het ander nommers*)

Bepaling 8.5.5

Die **voorsitter van die Kerkraad** stuur **die** kennisgewing, asook **die bevestigde se** vorige en huidige adres, aan die Saakgelastigde vir kennisgewing aan die Registrateur van Huwelike en om in die geval van proponente aansoek om hulle aanstelling as huweliksbevestigers deur die Staat te doen (vgl Regl 22.3.2.4).

Reglement 22.3.2.4

Die Saakgelastigde doen aansoek om die aanstelling van predikante/proponente as huweliksbevestigers (vgl Bep 8.5.5).

4.2 Die lisensie (en nommer) om huwelike te bevestig, word deur die owerheid toegeken.

4.3 Die prosedure by die NGK is kortliks soos volg: (*by die VGK is ander reëlings*)

4.3.1 Die voorsitter van die kerkraad stel die Saakgelastigde in kennis dat 'n proponent bevestig is as leraar. ‘n Proponent wat ‘n vaste betrekking bekom, kan self ook by die Saakgelastigde aansoek doen. Doen dit betyds!

4.3.2 Die Saakgelastigde bekom die nodige inligting; besorg dit aan die Departement van Binnelandse Sake wat aan die persoon 'n Handleiding vir Huweliksbevestigers besorg, waarin alle wetlike en ander vereistes saamgevat is en verduidelik word.

4.3.3 Die predikant/proponent reël daarna self vir die aflê van 'n (mondelinge) eksamen by die naaste landdros. As hy geslaag het, ontvang hy 'n sogenaamde lisensie om huwelike te bevestig, sy nommer en die nodige registers en instruksies.

4.3.4 **Die proses duur ongeveer twee maande.**

4.3.5 Die Saakgelastigde bly die skakelpersoon tussen die owerheid en die predikante/proponente van sy sinodale gebied, bv. ten opsigte van tydelike lisensies, veranderings in aanstellingsvoorwaardes, ens.

5. DIENSVERHOUDINGE – NB vir alle Werkgewers en werknemers!

5.1 Die Algemene Sinode van die NG Kerk het in 1998 ingrypende wysigings aangebring aan Kerkorde Artikels 7, 12, 58 - 64, sodat die kerk se diensverhoudinge tussen werkgewer en werknemer kan voldoen aan die land se arbeidswetgewing.

5.2 Van die belangrikste implikasies is dat

→ elke kerkvergadering (as werkgewer) diensooreenkomste moet hê met al die werknemers in Sy diens.
→ elke kerkvergadering ‘n diensverhoudingskommissie moet hê wat die diensverhoudinge tussen die betrokke kerkvergadering en sy werknemers bestuur.

5.3 ‘n Bestuursgids met praktiese riglyne is beskikbaar op die Internet by: www.ngkerk.org.za/bestuursgids

5.4 Elke kerkvergadering behoort te beskik oor ‘n Personeelbeleid. Die Sinode van Wes- en Suid-Kaap se Personeelbeleid is beskikbaar op aanvraag by: ngkadmin@kaapkerk.co.za .

5.5 ‘n Voorbeeld van ‘n basiese dienskontrak vir ‘n predikant word weergegee in ***BYLAE 15.***

5.6 In ***BYLAE 16*** is riglyne vir die invul van ‘n aansoek om ‘n betrekking as predikant.

BYLAE 1

Edelweissingel
Eversdal
DURBANVILLE
7550

Datum:_____

_____

_____

_____

Waarde Heer

BETALING

Ingeslote ons tjek, nommer _____ ten bedrae van R_____ synde:

a.) Vereffening van rekening/faktuur no. _____ vir _____

_____

b.) Gereelde betaling vir: _____

c.) _____

Ons dank u vir u vriendelike diens.

_____
SKRIBA/KASSER
NG GEMEENTE STELLENBERG

BYLAE 2

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE GEMEENTE VISHOEK

AANSOEKVORM VIR DIE DOOP VAN 'N KINDJIE

LET WEL

1. Hierdie vorm moet voltooi en ingelewer word by die skriba ten minste drie weke voor die doops-bediening.
2. Die wyksouderling moet sy aanbeveling op versoek van die skriba ten minste 'n week voor die doopsbediening gee.
3. Beide ouers moet die doopkategese, op die Woensdagaand voor die doop, bywoon.

A. BESONDERHEDE BENODIG VIR DIE KERKLIKE REGISTRASIE VAN DIE KIND

Vul die onderstaande besonderhede asseblief baie noukeurig in aangesien die doopregister hiervolgens ingevul sal word.

1. VAN van kind:_____

2. Volle NAME van kind:_____

3. Geboortedatum:_____

4. Name en van van VADER (voluit):_____

5. Name en nooiensvan van MOEDER:_____

6. Adres van ouers:_____

   _____ Tel: (H)_____ (W)_____

   Nommer of naam van wyk in gemeente:_____

7. Datum van huwelik van ouers:_____

8. Hoeveel kinders het u?_____

9. Is hulle almal reeds gedoop?_____

10. Is u albei lidmate van die Ned. Geref. Kerk?

    VADER: _____ MOEDER: _____

11. Is u attestaat/bewys van lidmaatskap sonder twyfel by hierdie gemeente ingelewer?_____

B. VERKLARING DEUR OUERS

1. Ons begeer om ons kindjie ten doop te bring op _____(datum van betrokke Doopsondag) en verstrek die volgende inligting omtrent onsself:
2. Ek, as Vader, woon gereeld / dikwels / soms / nooit die eredienste van die gemeente by.*

3. Ek, as moeder, woon onder normale omstandighede gereeld / dikwels / soms / nooit die eredienste van die gemeente by.

4. Wanneer het u laas nagmaal gebruik?

   VADER_____ MOEDER _____

5. Ons skakel by die volgende diensgroep(e) in: _____

_____

6. Woon u skoolgaande kinders (indien enige) gereeld die kategese van ons kerk by?_____

7. Is u gelukkig in die gemeente?_____

8. Ons verklaar hiermee dat ons opreg

   * begeer dat ons kindjie gedoop sal word
   * vrymoedigheid het om die doopbelofte voor die Here en sy gemeente af te lê
   * glo dat ons deur Sy Genade die verantwoordelikheid wat daaraan verbonde is, tot Sy eer sal nakom

9. Ons wil graag in verband met die doop met die leraar gesels - JA / NEE

GETEKEN OP:_____

VADER:_____ MOEDER:_____

* Skrap wat nie van toepassing is nie.

C. AANBEVELING VAN DIE WYKSOUDERLING:

_____

_____

_____

HANDTEKENING:_____

Doop bedien op:_____ deur Ds_____

BYLAE 3

Nr.	
GEBOORTESERTIFIKAAT:	
NAAM VAN KIND:	
WANNEER GEBORE:	
WANNEER GEDOOP: DEUR WIE:	
VADER:	
MOEDER:	
HUWELIKSDATUM:	
LIDMAATSERTIFIKATE:	
GETUIES:	
OPMERKING:	
KORREK BEVIND EN GETEKEN: (Ouer)	
ADRES:	NAAM:
PLEK: DATUM:	

BYLAE 4

GEE AANDAG AAN DIE VOLGENDE VOOR DIE HUWELIK [Voorbeeld vir voornemende egpare]

1. Die identiteitsdokumente van albei partye moet ingedien word OF (indien dit nie beskikbaar is nie) ‘n Verklaring vir doeleindes van ‘n huwelik (Vorm B-1 31).

2. As een of albei partye minderjarig is, moet die skriftelike toestemming tot die huwelik deur albei sy of haar ouers gegee word op vorm B-1 32.

3. Indien die huwelik op huweliksvoorwaardes geskied, moet die kontrak reeds onderteken wees. ‘n Brief van die prokureur in dié verband moet ingedien word.

4. Wewenaars of weduwees moet ‘n sertifikaat van die Meester van die Hooggeregshof (vorm J130) inlewer indien die afgestorwe eggenoot voor 1 Oktober 1968 oorlede is.

5. Geskeide persone moet die finale egskeidingsbevel toon of ‘n verklaring met die besonderhede van die egskeiding indien.

6. Die Kerkgebou moet ***vroegtydig*** by die kerkkantoor bespreek word.

7. Die huweliksfooi van R_____ en is betaalbaar aan die Skriba by die kerkkantoor. Die huweliksfooi sluit die huur van die kerk en die vergoeding van alle betrokke amptenare in.

8. Die Skriba sal die koster en die orreliste in kennis stel. Indien u ‘n ander orrelis wil gebruik moet u die Skriba daarvan verwittig wanneer u die bespreking doen. Die plaaslike orreliste bly in elk geval geregtig op ‘n fooi.

9. Vir u gerief gee ons hieronder ‘n aantal belangrike telefoonnommers:

   - Kerkkantoor - Tel:_____
   - Koster / Gebouebestuurder - Tel:_____
   - Orreliste - Tel:_____
   - Predikant - Tel:_____

10. Opmerkings: (Gee hier enige ter sake opmerkings)

_____

_____

_____

BYLAE 5

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA
SINODALE KANTOOR

De Langestraat 5
BELLVILLE
7530

Privaatsak X8
BELLVILLE
7535

TEL: (021) 957 7104
FAKS: 086 524 7132
E-POS: ngkadmin@kaapkerk.co.za

Daar het die afgelope tyd wysigings gekom in die manier van huweliksregistrasie, waarvan die jongste in die meegaande skrywe gegee word.

Hier is ‘n opsomming van die nuwe vereistes soos vervat in die skrywes oor die afgelope tyd:

(1) Huweliksregister-vorms moet nie meer gepos word nie, maar fisies by die DBS streekkantoor waar u as huweliksbevestiger geregistreer is, ingehandig word. ‘n Kwitansie daarvoor (vir u gemak weereens hierby insluit) moet u aan die beampte aanbied, wat die beampte ook moet onderteken as bewys vir die ontvangs van die registervorm(s), sodat die aanspreeklikheid vir die registrasie van die huwelik nie meer by u as huweliksbevestiger berus nie.

(2) Saam met die huweliksregister moet fotostate van die egpaar se Identiteitsdokumente (ID), asook van die twee persone wat as getuies teken, ingehandig word.
DUS: Fotostate van 4 ID’s

(3) Paspoort foto’s van die egpaar (kleur of swart-en-wit) moet aan elk van die drie register afskrifte gekram word. [By die “ou” vorms wat die meeste HB’s nog gebruik, word dit voorop bo-aan die register gekram; by die “nuwe” registers is daar ‘n plek daarvoor.]
DUS: U het 3 foto’s van elkeen nodig

(4) Linkerduim afdrukke van die man en vrou moet op elk van die register afskrifte kom. Dit kan met ‘n gewone swart ink kussinkie gemaak word. [Op die “nuwe” vorms is daar ‘n spesifieke plek daarvoor, op die “ou” vorms kom dit langs die plek waar die man en vrou teken.]

(5) Die nuwe reeling is dat die DBS slegs die oorspronklike bladsy van die register-vorm kry (en nie die oorspronklike **plus** die eerste afskrif soos voorheen nie). Die tweede bladsy, wat dus die eerste afskrif is, moet aan die huwelikspaar gegee word na afloop van die huweliksluiting. Dit mag wees dat die betrokke kantoor waar u inhandig op hierdie stadium nog nie tevrede gaan wees met slegs die oorspronklike blad nie – en dus beide wil hê. Daarom kan dit wys wees dat u 'n fotostaat van die eerste bladsy maak, voor inhandiging, om dan hierdie fotostaat vir die huwelikspaar te gee (waarskynlik te pos) as legitieme bewys van die sluiting van die huwelik Die derde blad (tweede kopie) bly soos voorheen, in u boek.

(6) Ou registers: Die reëling is tans dat u u bestaande boek met huweliksregisters gebruik totdat hy vol is. Daarna kry u ‘n nuwe boek wat reg aangepas is vir die nuwe vereistes.

Vriendelike groete,

Stephanie van der Merwe
Rekenmeester: Predikante Pensioenfonds
NG Kerk in SA
021 957 7116 (tel)
086 584 4943 (faks)

G.P.-S. 017-0187

BI-30

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA • REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

HUWELIKSREGISTER • MARRIAGE REGISTER

(Artikel 40 van Wet 81 van 1963) • (Section 40 of Act 81 of 1963)

A. BESONDERHEDE VAN MAN/PARTICULARS OF HUSBAND

1. I.D. No. / I.D. No.
2. Geboortedatum / Date of birth — Dag/Day, Maand/Month, Jaar/Year
3. Van / Surname .....
4. Volle voorname / Forenames in full .....
5. Land van geboorte / Country of birth .....
6. Huwelikstaat / Marital status .....

B. BESONDERHEDE VAN VROU/PARTICULARS OF WIFE

7. I.D. No. / I.D. No.
8. Geboortedatum / Date of birth — Dag/Day, Maand/Month, Jaar/Year
9. Nooiensvan / Maiden name .....
10. Huidige wettige van / Present legitimate surname .....
11. Volle voorname / Forenames in full .....
12. Land van geboorte / Country of birth .....
13. Huwelikstaat / Marital status .....

C. BESONDERHEDE VAN HUWELIK/PARTICULARS OF MARRIAGE

14. Datum van huwelik/Date of marriage: Dag/Day, Maand/Month, Jaar/Year
15. Toestemming tot die huwelik verleen deur (moet ingevul word net in die geval van minderjariges)/Consent to the marriage given by (to be completed in the case of minors only):
    (a) Man / Husband .....
    (b) Vrou / Wife .....
16. Huwelik bevestig te / Marriage solemnized at
    (a) Stad/Dorp / City/Town .....
    (b) Provinsie / Province .....
17. Permanente woonadres van egpaar na huwelik / Permanent residential address of married couple after marriage .....
18. Opmerkings / Remarks .....

D. VERKLARING/DECLARATION

(I) VERKLARING DEUR EGPAAR/DECLARATION BY MARRIED COUPLE

19. Hierdie huwelik is tussen ons voltrek in die teenwoordigheid van die ondergetekende getuies: / This marriage between us was contracted in the presence of the undersigned witnesses:

Handtekening (man)/Signature (husband) ..... *Handtekening (vrou)/Signature (wife)* .....

20. Getuies: / Witnesses: (a) ..... *Handtekening/Signature* (b) ..... *Handtekening/Signature*

(II) VERKLARING DEUR HUWELIKSBEVESTIGER/DECLARATION BY MARRIAGE OFFICER

21. Hierdie huwelik is deur my bevestig op hede die / This marriage was solemnized by me on this ..... dag van / day of ..... 19 .....
22. ..... *Handtekening/Signature*
23. ..... *Benoemingsnommer/Designation No. (Kerklike huwelieksbevestiger)/(Church marriage officer)*
24. ..... *Volle naam/Full name*
25. Kerkgenootskap/Kantoorstempel (amptelike huwelieksbevestiger) / Denomination/Office stamp (ex officio marriage officer)
26. Adres van kerklike huwelieksbevestiger / Address of church marriage officer

E. EIENDOMSREGTE VAN PARTYE KRAGTENS ARTIKEL 22 (6) VAN WET 38 VAN 1927/PROPERTY RIGHTS OF PARTIES IN TERMS OF SECTION 22 (6) OF ACT 38 OF 1927

(Moet ingevul word slegs indien ALBEI partye Swartes is)/(Must be filled in only if BOTH parties are Blacks)

Meld hieronder—(a) gemeenskap van goedere uitgesluit of (b) in gemeenskap van goedere.
State hereunder—(a) community of property excluded or (b) in community of property.

.....

F. HUWELIKSBEVESTIGERSERTIFIKAAT/CERTIFICATE BY MARRIAGE OFFICER

(Artikel 6 van Wet 25 van 1961)/(Section 6 of Act 25 of 1961)

Alle huwelieksbevestigers moet hierdie sertifikaat onderteken/All marriage officers must sign this certificate

Hiermee verklaar ek dat ek ten tyde van die bevestiging van hierdie huwelik uit hoofde van die Huwelikswet, 1961, of 'n vorige Wet bevoeg was om hierdie huwelik te bevestig.
I hereby declare that at the time of the solemnization of this marriage I was empowered in terms of the Marriage Act, 1961, or a prior law, to solemnize this marriage.

..... *Handtekening/Signature*

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DEPARTMENT OF HOME AFFAIRS

MARRIAGE REGISTER

Marriage Act, 1961 (Act No 25 of 1961)
Regulation 5A

Wet waarvolgens NG Kerk se huweliksbevestigers geregistreer is. Dit sluit nie sg "tradisionele" huwelike of "Civil Union" huwelike tussen dieselfde geslag in nie.

be completed in full and submitted at the Department of Home Affairs' office. The form to be completed in black ink with BLOCK LETTERS.
ease mark with ☑ the CORRECT box, where required. Applications that are not legible shall not be accepted.

ID-nommers invul.

PARTICULARS OF HUSBAND

no. (Passport no. if foreigner)

ate of birth Y Y Y Y M M D D

SA-burger.

ationality

urname

orenames in full

revious surname

Merk met √ in toepaslike blokkie.

arital status (prior to this marriage) ☐ Single ☐ Divorcee ☐ Widower

Paspoort grootte foto (kleur/swart en wit) van bruidegom vasgekram, nie gegom.

lace of birth (City/Town)

ountry of birth

esidential address: Street

Western Cape afgekort na "WC".

own/Village Province

ostal code Telephone no.

ighest education level completed If no schooling, tick here ☐

urrent occupation (if unemployed, ost recent occupation)

Left thumbprint

Vir praktiese redes, soos ink aan vingers, kan vingerafdrukke by finale huweliksgesprek vooraf afgehandel word.

B. PARTICULARS OF WIFE

D no. (Passport no. if foreigner)

Date of birth Y Y Y Y M M D D

Huidige van: nooiensvan / getroude van indien weduwee of geskeide dame.

Foto van bruid hier vasgekram.

Nationality

Surname

Forenames in full

Indien eerste huwelik – laat oop.

Previous surname

Bepaal huwelikstatus met 'n SMS: die letter M, gevolg deur die persoon se ID-nommer (byvoorbeeld M5001010050080) na 32551.

Marital status (prior to this marriage) ☐ Single ☐ Divorcee ☐ Widow

Place of birth (City/Town)

Country of birth

Residential address: Street

Town/Village Province

Postal code Telephone no.

Highest education level completed If no schooling, tick here ☐

Current occupation (if unemployed, most recent occupation)

Left thumbprint

C. PARTICULARS OF MARRIAGE

Date of solemnisation Y Y Y Y M M D D

Maak vooraf seker dat bruid weet onder watter van sy na die troue bekend wil staan.

Place of marriage (City/Town) Province

Surname after marriage (wife):

In terms of section 26(1) of the Births and Deaths Registration Act, as amended, 1992,
(a) a woman after her marriage assumes the surname of the man with whom she concluded such marriage or after having assumed his surname, resumes a surname which she bore at any prior time;
(b) a married or divorced woman or a widow resumes a surname which she bore at any prior time; and
(c) a woman, whether married or divorced, or a widow adds to the surname which she assumed after marriage, any surname which she bore at any prior time.

Signature of Husband

Signature of Wife

Residential address after marriage: Street

Town

Indien huwelikspaar nog nie sekerheid oor hulle woonadres het nie, gebruik intussen een van die ouerpare se adres.

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DEPARTMENT OF HOME AFFAIRS

MARRIAGE REGISTER

Marriage Act, 1961 (Act No 25 of 1961)
Regulation 5A

K00003708321

DHA-30
Page2

D. PARTICULARS OF MARRIAGE OFFICER

ID no. (Passport no. if foreigner)

Surname

Forenames

Business address: Street

Town/Village

Province

Postal code

Designation/Persal no.

Telephone no.

Denomination/ Home Affairs / Ex Officio Marriage Officer

Volle voorname van huweliksbevestiger.

Huweliksbevestiger se nommer.

"NG Kerk" en/of gemeente se amptelike stempel.

E. PARTICULARS OF WITNESSES

This marriage was solemnised in the

WITNESS 1

Identity No (Passport, if foreigner)

Surname

Forenames

Telephone no.

Place

Signature of witness

Date Y Y Y Y M M D D

WITNESS 2

Identity No (Passposrt, i

Surname

Forenames

Telephone no.

Place

Signature of witness

Date Y Y Y Y M M D D

Getuies moet SA-burgers wees. Volle name van getuies.

Emeriti wat status as huweliksbevestiger wil behou, moet via sinodale kantoor daarvoor aansoek doen.

F. CERTIFICATE BY MARRIAGE OFFICER

I hereby declare that at the time of the solemnisation of this marriage I was entitled in terms of the Marriage Act, 1961, or any prior law, to solemnise this marriage.

Place

Date Y Y Y Y M M D D

In terms of section 6 of the Marriage Act, 1961 - *Must be signed by all marriage officers*

Signature of Marriage officer

G. FOR OFFICE USE ONLY

DHA OFFICIAL RECEIVING THE MARRIAGE REGISTER

Surname

Forenames

Identity No.

Persal no.

Signature of official

Vul DBS-kwitansie as bewys van indiening in en laat DBS-amptenaar teken vir ontvangs.

Maak vooraf seker van stawende dokumente benodig.

Minderjarig: onder 18 jaar.

DOCUMENTS SUBMITTED: *tick applicable*	Husband	Wife		Husband	Wife
Copy of ID documents			Decree of divorce		
Copy of foreign passport			Death Certificate		
Declaration for the purpose of marriage (DHA-31)			Letter from Minister (Boy under 18 yrs / Girl		
Consent to marriage of a minor (DHA-32)					
Consent by child welfare commissioner (DHA-34)					

Office date stamp

DBS hanteer huwelike met buitelanders self; NGK huweliksbevestiger word ernstig gemaan om slegs kerklike seremonie vir huwelikspaar te behartig.

Oorspronklike blad van register aan DBS, tweede blad aan huwelikspaar, derde blad bly in register. Dokumente word nie meer gepos nie; moet sover moontlik binne week ingedien word. Kom hieroor ooreen met huwelikspaar, sodat hulle nie te gou oor registrasie navraag doen by DBS nie.

BYLAE 6

LEIDRAAD VIR DIE OPSTEL VAN 'N KOMMISSIEVERSLAG AAN DIE KERKRAAD

Hiermee wil ons graag 'n eenvoudige leidraad vir die opstel van 'n kommissieverslag aan u beskikbaar stel.

A. **OPSKRIF**

Die opskrif moet 'n aanduiding gee van:

die kommissie wat verslag doen - in HOOFLETTERS
die datum van die kerkraadsvergadering waarvoor dit voorberei is bv ***Verslag van die GETUIENISKOMMISSIE*** vir voorlegging aan die Kerkraadsvergadering op 7 Oktober 2000.

B. **ALGEMEEN**

Die geskrewe verslag moet asseblief nie op 'n klein stukkie papier ingedruk word nie. Spasieer die verskillende punte duidelik uitmekaar. Dit vergemaklik die werk van die tikster, wat al die kommissieverslae moet orden.

Nommer die verskillende punte of sake wat behandel is, duidelik. Dit vergemaklik die aanbieding van die verslag op die vergadering.

Die verslag word altyd in die naam van die voorsitter van die betrokke kommissie aangebied al skryf iemand anders die verslag.

Indien die sakelys beskikbaar is, kan die skrywer van die verslag heelwat voorbereidingswerk doen deur die verskillende punte neer te skryf en ruimte oop te laat vir die invul van besonderhede en besluite op die vergadering.

C. **VOLGORDE**

Dit bespaar baie papier en tyd indien kommissieverslae in dieselfde volgorde gedupliseer word as wat die kerkraadsvergadering se sakelys aandui. Die sake in die verslag kan ook afsonderlik op die sakelys verskyn.

Sake

Al die verskillende sake wat deur die kommissie behandel word, word agtereenvolgend onder 'n duidelike opskrif aangedui en vanaf 1 genommer bv.

1. LEKTUURVERSPREIDING
2. KERKBYWONING
3. TUGHANDELING

D. **AANBEVELING VAN SAAK**

1. Dui die saak waaroor dit gaan met 'n duidelike opskrif aan.
2. Gee kortliks besonderhede waaroor die saak gaan; notuleverwysings.
3. Geen besonderhede van die bespreking word gegee nie, bv. broer P J Kotze het so gesê en broer F H Jordaan het so gesê nie.
4. Slegs 'n aanbeveling aan die kerkraad word op skrif gedoen, behalwe as motivering as agtergrondinligting nodig is.

As die aanbeveling verskillende onderafdelings bevat, moet dit afsonderlik genommer word. Die vergadering mag bv. een deel goedkeur en 'n ander deel verwerp. As dit slegs onder een punt aangebied word mag die vergadering die hele punt verwerp omdat dit onduidelik was waarvoor hul moet stem.

Hier volg ‘n voorbeeld van ‘n moontlike verslag oor lektuurverspreiding in die gemeente.

E. LEKTUURVERSPREIDING

In ‘n skrywe van die Christelike Lektuurvereniging word gevra dat die traktaatjie, “Geestelike Groei”, vir massaverspreiding tydens Pinkster bestel sal word en dat die kerkraad ‘n spesiale bydrae vir die drukkoste moet oorweeg.

Aanbeveling

Die Kerkraad besluit

1.6 dat 750 traktaatjies bestel word.
1.7 dat dit deur die ouderlinge tydens huisbesoek uitgedeel sal word
1.8 dat R100 as donasie aan die Christelike Lektuurvereniging gestuur word.

(Let op hoe die aanbeveling genommer word van die punt wat ter sprake is, nl. 1 en dan die nommer van die aanbeveling bv. 1.1, 1.2, 1.3)

NED GEREF KERK - GOEDGELOOF			
BEGROTING VIR DIE JAAR	**Werklik**	**Begroting**	**Begroting**
GEËINDIG - 28 FEBRUARIE 2005	**Jaar tot**	**Jaar tot**	**Jaar tot**
	29/02/2004	**29/02/2004**	**28/02/2005**
	R	R	R
INKOMSTE	1 387 083.00	1 360 792.00	1 409 580.00
Gemeentelike bydraes:	1 254 961.00	1 240 000.00	1 270 000.00
Gewone kollektes	350 676.00	360 000.00	325 000.00
Jaarlikse dankoffers	202 788.00	210 000.00	210 000.00
Maandelikse dankoffers	654 042.00	630 000.00	680 000.00
Basaars	47 455.00	40 000.00	55 000.00
Sinodale- en spesiale kollektes en bydraes:	45 334.00	38 000.00	49 000.00
Sinodaal: Deel van sinodale aandeel	19 215.00	15 000.00	20 000.00
Sinodaal: Nie deel van sinodale aandeel	16 094.00	15 000.00	18 000.00
Spesiale kollektes en bydraes	10 025.00	8 000.00	11 000.00
Plaaslike werksaamhede	5 417.00	5 000.00	6 000.00
Gemeentelike dienswerk	4 467.00	4 500.00	4 700.00
Donasies en fondsinsamelings	13 935.00	10 500.00	14 000.00
Huur ontvang	62 032.00	62 032.00	65 000.00
Wins met verkoop van bates	-	-	-
Rente ontvang	276.00	260.00	280.00
Diverse	661.00	500.00	600.00
UITGAWES	781 803.79	758 609.00	751 630.00
Salarisse en voordele	359 601.79	357 442.00	375 600.00
Salarisse : Leraar	136 705.36	136 705.00	142 175.00
: Amptenare	83 694.75	83 695.00	87 042.00
Bonusse : Leraar	11 392.11	11 392.00	11 850.00
: Amptenare	6 974.56	6 975.00	7 253.00
Reistoelaes	47 160.00	45 000.00	50 000.00
Pensioenfondsbydraes	30 954.00	30 954.00	32 000.00
Mediesefondsbydraes	11 596.00	11 596.00	13 000.00
Huissubsidie- en toelaes	24 000.00	24 000.00	24 900.00
Werkloosheidsversekering	4 212.00	4 212.00	4 380.00
Ongevalleversekering	2 913.00	2 913.00	3 000.00
Plaaslike werksaamhede	14 690.00	14 100.00	15 180.00
Gemeentebediening	10 286.00	10 000.00	10 500.00
Jeug	2 709.00	2 500.00	2 900.00
Gemeente-aksies	1 695.00	1 600.00	1 780.00
Gemeentelike dienswerk	82 932.00	81 850.00	22 200.00
Geloofsgelofteofferprojekte	68 400.00	68 000.00	6 900.00
Diens van Barmhartigheid	6 600.00	6 300.00	6 700.00
Gemeenskapsprojekte	-	-	500.00
Getuienis na Buite	1 466.00	1 350.00	1 500.00
Hulp aan Gemeentes	1 200.00	1 200.00	1 200.00
Ringsprojekte	5 266.00	5 000.00	5 400.00
Administrasiekoste	63 417.00	60 680.00	66 150.00
Bankkoste	828.00	750.00	900.00
Instandhouding kantoortoerusting	11 052.00	10 500.00	12 000.00
Ouditeursgelde	3 269.00	3 150.00	3 350.00
Posgeld en posbushuur	829.00	780.00	900.00
Rekenaaruitgawes	9 810.00	9 000.00	10 500.00
Skryfbehoeftes en drukwerk	6 182.00	5 500.00	6 500.00
Telefoon	31 447.00	31 000.00	32 000.00
Eiendomsuitgawes	126 994.00	118 425.00	133 550.00
Belasting en heffings	3 250.00	3 200.00	3 350.00
Elektrisiteit en water	60 352.00	55 000.00	65 000.00
Instandhouding geboue	15 954.00	14 000.00	17 000.00
Instandhouding toerusting	2 540.00	2 225.00	2 700.00
Lone en tuinuitgawes	17 283.00	17 000.00	17 500.00
Versekering	27 615.00	27 000.00	28 000.00
Rente	4 883.00	4 700.00	5 000.00
Diverse	6 595.00	6 300.00	6 650.00
Waardevermindering	15 312.00	15 312.00	16 000.00
Sinodale- en spesiale kollektes en bydraes:	45 334.00	38 000.00	49 000.00
Sinodaal: Deel van sinodale aandeel	19 215.00	15 000.00	20 000.00
Sinodaal: Nie deel van sinodale aandeel	16 094.00	15 000.00	18 000.00
Spesiale kollektes en bydraes	10 025.00	8 000.00	11 000.00
Sinodale aandeel uit kerkkas	62 045.00	61 800.00	62 300.00
TOTALE INKOMSTE BO UITGAWE	605 279.21	602 183.00	657 950.00
Kontant in Bank	8 899.43		
Aanvraagrekening	120 000.00		
KONTANT FONDSE	128 899.43		

BYLAE 8

NED. GEREF. GEMEENTE VRIJZEE

MAANDELIKSE INLIGTING DEUR DIAKENS

WYK:_____ **DATUM:_____**

1.1 Aantal punte bydraes gekry _____
1.2 Aantal punte nie bydraes gekry nie _____

2. **LIDMATE NIE MEER IN WYK NIE:**

Naam en adres:

_____

_____

3. **NUWE INTREKKERS:** Lidmaatsert.
Naam en adres: aangevra?

_____

_____

_____

4. **SAKE VIR AANDAG OUDERLING:**

_____

_____

_____

5. **SAKE VIR AANDAG PREDIKANT:**

_____

_____

BYLAE 9

VISITE-KAARTJIES

NED. GEREF. GEMEENTE, VRIJZEE

Dit spyt my dat ek u tydens my besoek nie tuis gekry het nie.
Die seën van die Here op u persoon, huis en dierbares toegebid.

*OUDERLING / DIAKEN*_____

*DATUM*_____ *TEL*_____

1 Kor 16: 24
My liefde met julle almal in Christus Jesus

NG KERK STELLENBERG

U ouderling/diaken
het u besoek,
maar u was ongelukkig
nie tuis nie.

*TYD:*_____

*DATUM:*_____

*NAAM:*_____

BYLAE 10

NED GEREF KERK IN SUID-AFRIKA

MEMORANDUM OOR SINODALE AANDEEL

Oktober 2007

Die Taakspan het by drie geleenthede vergader nl. 12 Februarie 2007, 17 April 2007 en 7 Mei 2007. Verskillende moontlikhede en aanpassings is bespreek.

1. Geskiedenis van die huidige formule

Dit is histories so dat alle vorige sinodale formules die regte elemente bevat het soos inkomstes, uitgawes ensomeer in die berekening van gemeentes se sinodale aandeel. Die probleem met die formulering was dat norme in die algemeen ontbreek het, wat beteken dat vindingryke gemeentes die formules kon misbruik tot voordeel van hulle gemeente en tot nadeel van ander, gewoonlik armer, gemeentes.

Die benadering wat met die huidige formule gevolg is:

⇒ Om inkomste in ag te neem;
⇒ 'n Regverdige/billike toelating vir uitgawes te maak wat neutraal en nie manipuleerbaar nie, en
⇒ Betaalvermoë te bepaal waarop gemeentes se aandeel bepaal word.

Die enigste debatteerbare punt is watter uitgawe items in ag geneem word teen watter norme. Die uitgawe-items is gekies deur die werksgroep om die formule so eenvoudig moontlik te hou.

As norm vir regverdige uitgawes is lidmatetal geneem omdat dit 'n logiese drywer vir bedieningsbehoefte is. Hierdie norm is nog alle tye gebruik om te bepaal watter fasiliteite nodig is, hoeveel predikante nodig is en is nog altyd deur die kerk aanvaar as 'n beplanningsaanduider. (As daar probleme is met lidmatetal as 'n aanduider van gemeentelike bedieningsbehoefte, behoort dit geskrap te word en 'n formule basseer word net op inkomste met sy gepaardgaande gebreke.)

2. Kenmerke van 'n goeie formule

2.1 Bybels begrond

Die Nuwe Testament se waarheid: "*gee volgens vermoë*" en "*hulle wat meer het, moet dié help wat mninder het*" saam met die Bybel se verhouding van "*'n tiende*", moet in berekening gebring word.

2.2 Sekerheid en eenvoud

"Die formule moet so eenvoudig moontlik wees. 'n Gemeente moet seker wees van sy aandeel en dit maklik kan bereken sonder om afhanklik te wees van konsultante of buitestaanders. Eenvoudige formules word ook makliker verstaan."

2.3 Billikheid en betaalvermoë

"*Horisontale billikheid* vereis dat soortgelyke gemeentes dieselfde bydra of dat gemeentes in dieselfde situasie dieselfde bydrae moet maak.

Vertikale billikheid vereis dat gemeentes in verskillende omstandighede toepaslik verskillende bydraes moet maak, d.w.s. dat gemeentes met ‘n hoër vlak van ekonomiese welstand ‘n groter bydrae moet maak as gemeentes wat minder goed daaraan toe is. Gelyke aandeel of opoffering dus.”
Die betaalvermoë is dan die vermoë om ‘n verdere opoffering te maak nadat noodsaaklike verpligtinge afgehandel is.

2.4 Neutraliteit

“Neutraliteit vereis dat gemeentes nie deur die eweredige bydraeformule beïnvloed moet word om een handelwyse bo ‘n ander te verkies alleenlik of hoofsaaklik, omdat hulle bydraeposisie, onder een van die opsies beter is nie [bv. meer geboue - skuld aangaan, want die formule laat groot aftrekkings toe]. ‘n Neutrale bydrae-formule is dus 'n formule wat so ver moontlik die impak van die bydraestruktuur op die gemeente-aktiwiteite minimaliseer.

2.5 Nie-onteienend

“’n Formule is onteienend as dit ‘n bydrae vra wat groter is as die werklike betaal-vermoë. ‘n Gemeente wat hierdeur geraak word, is verplig om in te teer op sy reserwes of lenings aan te gaan.”
Die indruk dat eweredige bydraes ‘n gemeente onteien, het ‘n tweërlei oorsaak, nl. oor-ambisieuse sinodale begroting en/of die toelatings vir uitgawes is onrealisties.

2.6 Nie-manipulerend

Vindingryke finansies en boekhouding deur gemeentes om SA te vermy, moet uitgeskakel word.

3. Uitgangspunte waaroor konsensus bestaan

3.1 As deel van die Kerkverband neem gemeentes verantwoordelikheid vir die finansiering van die gesamentlike werksaamhede.

3.2 Gemeentes se Sinodale Aandeel word sover moontlik volgens elke gemeente se finansiële vermoë bereken.

3.3 Inkomste waar die gemeente net 'n "posbus" is (soos Sinodale- en Spesiale kollektes) moet buite rekening gelaat word vir SA berekening.

3.4 Dit is bykans onmoontlik om huisvestingskoste as deel van leraarskoste in die formule op te neem aangesien 'n norm vir al die verskillende gemeentes nie bepaalbaar is nie.

4. Vergelyking van die 4 voorstelle wat tans ter sprake is

	Huidige Formule	V/d Merwe Voorstel	Persentasie-Formule	Glyskaal-Formule
Gebasseer op Inkomste	Ja	Ja Deel van beleggings bygetel	Ja Sekere aftrekkings	Ja Sekere aftrekkings met 'n glyskaal waar hoër inkomste 'n hoër persentasie aandeel kry
Toelating vir Uitgawes	Ja Bedrag per lidmaattal	Ja Vaste%	Ja Vaste bedrag **R450 000**	Nee
Aanmoediging tot Inkomste groei	Ja Korting vir Gemeentedienswerk; Net 10% van Inkomste groei; SA net tot 20% meer	Nee	Nee	Nee

5. Die verskillende formules is met verskillende permutasies bereken. So is bv. die Persentasie Formule bereken met 'n korting vir die werklike aantal leraars per gemeente, die werklike koste van leraars in elke gemeente teenoor verskillende bedrae wat op grond van leraarsvergoeding, soos vasgestel deur die AKF, vasgestel is.

Na deeglike bespreking is bevind dat elkeen van dié moontlikhede 'n onaanvaarbare resultaat het.

Die inkomste van die Sinode uit gemeentes se Sinodale Aandeel vir die onderskeie formules, is soos volg:

Ou EB	18,460,486.00
Huidige SA	15,807,670.00
VD Merwe	15,520,392.27
% Grafiek	15,936,092.42
Glyskaal	15,829,208.28

6. Lidmaattal as faktor

Daar is 'n aantal probleme met hierdie syfer as bepalende faktor vir die SA Formule:

6.1 Dit is nie akkuraat in baie gevalle nie;

6.2 Die "stippellyn" gemeentegrense maak die bepaling moeilik;

6.3 Die huidige formule word oneweredig verwring by gemeentes met baie lidmate (bv. Die ring van Brackenfell waar al die gemeentes se inkomste tussen R1 miljoen en R2 miljoen is, maar die gemiddelde SA is 1,15% van gemeentelike inkomste);

6.4 Die Algemene Sinode beoog om lidmaatregisters te sentraliseer. Die impak daarvan op gemeentelike lidmaat besonderhede is nog onseker.

7. Verskillende moontlikhede

Die verskillende formules wat tans ter sprake is, is bereken op 2005/6 se gegewens en word in grafieke voorgestel.

7.1 **<u>Ou EB-formule</u>**

Die grafiek toon duidelik dat gemeentes met kleiner inkomstes 'n relatief groter deel van hulle inkomste aan die kerkverband gee. Dit saam met die ingewikkeldheid en manipuleerbaarheid van die formule het veroorsaak dat hy vervang moes word.

7.2 **<u>Huidige SA-formule</u>**

Hierdie formule is 'n groot verbetering, maar die grafiek toon dat daar groot verskille in SA's tussen gemeentes met ooreenstemmende inkomstes is. Deel van hierdie verskille kan toegeskryf word aan die verskil in uitgawes t.o.v. gemeentelike dienswerk. Die grootste rede vir die verskille is egter die groot invloed van lidmaattalle in die formule.

7.3 **<u>Van der Merwe-formule</u>**

Al is die formule prakties en eenvoudig, toon die grafiek dat groot afwykings by eenderse inkomste en kleiner inkomste kry nie groter korting nie.

7.4 **Persentasie-formule 1**

Hierdie formule het 'n vaste 10% van inkomste as uitgangspunt. Die bruto-inkomste word verkry na toelating vir aftrekkings t.o.v. bemakings, bates vervreem, versekeringseise ontvang, Sinodale- en spesiale kollektes en ondersteuning van die Sinode en andersins.

'n Primêre korting van R450 000 word aan alle gemeentes toegestaan. Dit maak voorsiening vir die koste van een leraar en 'n paar ander noodsaaklikhede.

Minimum SA = 1% van inkomste
Maksimum SA = 8% van inkomste

7.5 **Glyskaal-formule**

Na oorweging van al die moontlikhede het die Taakspan gekom tot 'n persentasie formule met 'n glyskaal wat die persentasie Sinodale Aandeel grond op die inkomste van die gemeentes, maar daar word 'n maksimum boperk van 8% vasgestel. Alle bedrae waar die gemeente net 'n "*posbus*" is, word van die Inkomste afgetrek vir berekening van die SA.

Bruto inkomste word verkry na toelating vir aftrekkings t.o.v. bemakings, bates vervreem, versekeringseise ontvang, Sinodale- en spesiale kollektes en ondersteuning van die Sinode en andersins.

Glyskaal vir berekening van persentasies

Inkomste	Sinodale Aandeel
Onder R400 000	1%
R400 000 – R600 000	R4 000 plus 6% van bedrag bo R400 000
R600 000 – R1 miljoen	R16 000 plus 9% van bedrag bo R600 000
R1 miljoen – en meer	R52 000 plus 10% van bedrag bo R1 miljoen

Die voordeel van hierdie formule is:

⇒ Inkomste word as uitgangspunt geneem.
⇒ Gemeentes met groter vermoë neem 'n relatief groter aandeel t.o.v. die SA's.
⇒ Geen arbitêre bedrag vir korting om gemeentes met kleiner inkomstes te "help" is nodig nie.

8. Aanbeveling

Die SFK besluit om by die Moderamen aan te beveel dat die Glyskaal-formule met ingang 2008/9 as bepaling vir die gemeentelike Sinodale Aandeel gebruik word.

Lede van die SA Taakspan:
Callie Visagie
Danie Claassen
Daan Botes
Hans Steyn
Jim v/d Merwe
Bossie Minnaar
Arnold Nadel
Francois Cillié
08-05-2007

PUNT 9.3, BL 66: SFK-DAGBESTUUR NOTULE VAN 21-09-2007

1. Die berekening van die persentasie SA op grond van 'n gemeente se inkomste, word volgens die volgende tabel gedoen:

Inkomste	Sinodale Aandeel
Onder R400 000	1%
R400 000 – R600 000	R4 000 plus 6% van bedrag bo R400 000
R600 000 – R1 miljoen	R16 000 plus 9% van bedrag bo R600 000
R1 miljoen – en meer	R52 000 plus 10% van bedrag bo R1 miljoen

(Inkomste van jaar 1 word gebruik vir die bepaling van die SA vir jaar 2.)

2. Die netto inkomste vir berekening van die SA word verkry nadat aftrekkings t.o.v. bemakings, bates vervreem, versekeringseise ontvang, **Sinodale- en Spesiale deur-"offers"** bereken is. Ondersteuning deur die Sinode soos bv. uit die Gemeentehulpfonds, en vir studente bediening word ook afgetrek.

3. Die minimum SA is 1% van inkomste en die maksimum is 8%.

4. By gemeentes waar die verskil tussen die huidige SA-bepaling en die bepaling volgens die Glyskaal, groot is, moet onderhandel word, om die verskil oor 'n tydperk van 3 jaar in te fasseer.

5. In 'n poging om versoeke vir SA-vermindering by individuele gemeentes te voorkom, moet **Ringe** oorweeg om die gemeentes onderling te subsidieer.

6. *Bona fide* offers soos jaarlikse dankoffers, 10de maand offers, maandelikse offers, erediens offers, basaar- en ander funksies se inkomste, asook spesiale insamelings vir die gemeente se eie werksaamhede, word as **gewone inkomste** vir berekening van SA's beskou.

7. Alle insamelings vir spesifieke doeleindes buite die gemeente se behoeftes, word as "**posbus**" sake gereken en is nie inkomste vir die SA berekening nie. Die “posbus” is slegs bydraes wat ontvang word om “na buite” die gemeente gegee te word – dis waar die gemeente se kerkkantoor slegs ‘n deurgang vir die administrasie van die bydraes is.

8. "Geloofsbelofte offers" (GBL) waar lidmate hulle verbind tot 'n offer "bo- en behalwe gewone dankoffer" word as "posbus" beskou indien dit vir projekte "buite" die gemeente is. GBL gelde vir sake en projekte "binne" die gemeente word as "gewone inkomste" gereken.

9. 'n Beroep word op kerkrade gedoen om nie SA's te "ontduik" deur ongeregverdigde inkomste via 'n **Artikel 21 Maatskappy** te kanaliseer nie. Die lojaliteit teenoor en verbintenis aan die Kerkverband is vir gemeentes net so belangrik soos dié van lidmate aan die gemeente.

BYLAE 11

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SA

VOORBEELD

Salaris bereken op Salarisband 1 kerf 4: 2002/3 R76 050-00 p.j.

INKOMSTEBELASTINGBEREKENING

Salaris per maand x 13 ÷ 12			6337-50
Groepversekering per maand			113-00
50 % van motortoelaag			1 800-00
PLUS: Vry huis			
Jaarlikse salaris plus bonus vorige jaar	R70 590-00		
Sanlam - Groepversekering vorige jaar (werkgewerbydrae)	1 284-00		
Sub-totaal	R71 874-00		
MINUS:			
Standaard korting	R20 000-00		
	R51 874-00	x 18% ÷ 12	778-11
			9 028-61
MINUS: Pensioen (Persoonlike bydrae)			460-00
BEDRAG WAAROP BELASTING BEREKEN WORD			R8 568-61

Maandelikse belasting wat afgetrek word: 2 228-00

MAANDELIKSE SALARISTJEK

Salaris	R5 850-50
Reistoelae	3 600-00
	R9 450-00
MINUS	
Pensioen	460-00
Groepsversekering	113-00
Eggenoteversekering	21-00
Medplus	29-00
Discovery Kusstreek Kernplan	423-50
LBS	2 228-00
Netto salaris	R6 175-50

BYLAE 11 b

VOORBEELD

Geagte Ds

BELASTINGSERTIFIKAAT 2000/1

Aangeheg vind u u vorm IRP 5 vir die 1999/2000 belastingjaar. Ek gee vervolgens meer besonderhede insake die verskillende items op die vorm.

A.	**Bruto besoldiging**		
	Salaris en bonus: (R5 850 x 13)		R 76 050-00
	(Onthaaltoelaag van R2 500 is by bogemelde ingesluit)		
	Volle reistoelaag: (R3 600 x 12)		43 200-00
	Gratis huisvesting (sien onder)		9 350-28
	Groepversekering deur gemeente betaal: (R107 x 12)		1 356-00
			R129 956-28
B.	**Gratis Huisvesting**		
	Salaris en bonus: (R5 430 x 13)		R 70 590-00
	Groepversekering deur Kerkraad betaal: (R113 x 12)		1 356-00
			R 71 946-00
	MINUS: Standaard-korting	R20 000-00	R 20 000-00
			R 51 946-00
	R51 946-00 x 18 %		R 9 350-28

REGLEMENT 23

REGLEMENT VIR DIE VERLOF VAN PREDIKANTE EN SINODALE AMPTENARE

(Sinodale amptenare hierna predikante genoem)

1. JAARLIKSE VERLOF

1.1 Kerkrade/kommissies reël en notuleer verlof waarop die predikant soos ooreengekom jaarliks geregtig is, met inagneming van die besondere omstandighede van die gemeente en advies wat van tyd tot tyd deur die AKDV gegee word. Ongereelde werksure, werksdruk en gesinsomstandighede word ook in ag geneem. 'n Minimum van 30 dae en 'n maksimum van 42 kalenderdae verlof per jaar kan toegeken word..

1.2 Verlof val 'n predikant *pro rata* vanaf bevestiging (diensaanvaarding) toe.[1]

1.3 Verlof kan oorgedra word na 'n volgende jaar, onderhewig aan die bepaling dat:

1.3.1 'n predikant in enige stadium slegs 30 dae opgehoopte verlof tot krediet mag hê;

1.3.2 'n maksimum van 30 dae opgehoopte verlof[2] by diensbeëindiging uitbetaalbaar is. Vir die berekening van die waarde van die verlof geld lewensonderhoud en alle toelaes, met die uitsondering van behuisingsvoordele.[3]

2. SIEKTEVERLOF

2.1 Kerkrade/kommissies kan aan predikante siekteverlof met volle lewensonderhoud en toelaes toestaan:

2.2.1 120 dae siekteverlof word in siklusse van 3 jaar toegestaan.

2.2.2 In die geval van oorskryding van toegekende siekteverlof binne 'n siklus van drie jaar, kan 'n werknemer kies om enige vakansieverlof tot sy/haar beskikking aan te wend vir siekteverlof. Indien geen toegekende siekteverlof of vakansieverlof meer vir 'n werknemer beskikbaar is nie en die werknemer steeds deur swak gesondheid verhinder word om sy/haar werksaamhede doeltreffend te verrig, kan so 'n werknemer aansoek doen vir verdere siekteverlof en in die geval waar so 'n aansoek goedgekeur word neem die werkgewer 'n besluit oor vergoeding vir daardie tydperk.

2.2.3 In die geval van 'n werknemer wat aansoek doen om verdere siekteverlof soos hierbo bedoel kan die werkgewer, benewens deur te oorweeg om die aansoek vir verdere siekteverlof goed te keur of af te keur, ook oorweeg om 'n gepaste alternatiewe reëling te tref.

2.2.4 By 'n aansoek om siekteverlof vir meer as 3 dae kan die werkgewer aandring op 'n verslag van 'n geregistreerde mediese praktisyn in sodanige bewoording wat die werkgewer in staat stel om:

* te bepaal dat die applikant nie in 'n geskikte toestand van gesondheid verkeer om sy/haar pligte te verrig nie; en
* dat die tydperk van verlof waarvoor aansoek gedoen word, vir die herstel van sy/haar gesondheid nodig is.

2.2.5 Die werkgewer sal die reg hê om 'n mediese sertifikaat deur 'n geneesheer, op koste van die werkgewer te verkry, voordat siekteverlof goedgekeur word, indien hy van mening is dat die omstandighede dit regverdig.

2.2.6 Indien die siekteverlof 120 dae oorskry, word die advies van die ringskommissie ingewin met die oog op die voortgang van die Evangeliebediening in die gemeente.

3. LANGVERLOF

3.1 Predikante is bo en behalwe verlof, met goedkeuring van die kerkraad/kommissie, geregtig op langverlof onderhewig aan die volgende voorwaardes:

3.1.1 Ná verloop van drie jaar in dieselfde werkkring is 'n predikant geregtig op 30 dae langverlof;

3.1.2 Langverlof word daarná bereken op die basis van 10 dae per jaar diens;

3.1.3 'n Predikant mag in enige stadium slegs 90 dae langverlof tot krediet hê;

3.1.4 Langverlof kan nie van een gemeente/werkkring na 'n ander oorgedra word nie;

3.1.5 Langverlof kan slegs in periodes van 30 dae of langer geneem word, tensy met die kerkraad/kommissie anders gereël word.

3.1.6 Die waarde van die helfte van uitstaande regsgeldige langverlof (lewensonderhoud en alle toelaes met uitsondering van die behuisingsvoordele) is met die goedkeuring van die kerkraad/kommissie, slegs by diensbeëindiging uitbetaalbaar.

4. STUDIEVERLOF

4.1 Studieverlof is 'n vergunning en werkgewers en predikante moet in die lig van plaaslike omstandighede ooreenkom oor studieverlof.

4.2 Indien die studietydperk langer as ses maande duur, is 'n predikant verplig om demissie by die werkgewer aan te vra.

4.3 Die predikant tref self reëlings met die Algemene Regskommissie met betrekking tot behoud van bevoegdheid indien van toepassing.

4.4 Predikante is verplig om eers opgehoopte verlof te gebruik voordat hulle kan aanspraak maak op studieverlof. 'n Werknemer kan aansoek doen om 'n terugskrywing op verlof, vir verlof wat hy/sy vir toepaslike studiedoeleindes gebruik het, mits in 'n kursus(se) wat vooraf deur die werkgewer goedgekeur is, geslaag is.

4.5 Wanneer die werkgewer 'n predikant verplig om opleiding te ondergaan (bv. VTO) of om 'n kursus/predikantekonferensie by te woon, geld dit nie as studieverlof of gewone verlof nie.

5. KRAAMVERLOF

5.1 'n Vrou in die amp as predikant is geregtig op minstens 4 opeenvolgende maande kraamverlof. So 'n predikant kan met kraamverlof begin vanaf 4 weke voor die verwagte datum van geboorte, tensy anders ooreengekom.

5.2 Die predikant ontvang gedurende kraamverlof volle lewensonderhoud en toelaes, minus die bedrag wat sy uit die Werkloosheidsversekeringsfonds kan kry.

6. OPENBARE VAKANSIEDAE

'n Predikant is geregtig op openbare vakansiedae. Indien die predikant 'n diensverpligting het, kom die predikant en werkgewer ooreen op 'n gepaste reëling.

7. VERLOF VIR GESINSVERANTWOORDELIKHEID

'n Predikant is, met die oog op gesinsverantwoordelikhede, geregtig op 3 dae menslikheidsverlof per jaar, wat nie oploopbaar is nie.

---

1 Dit beteken dat 'n predikant na een jaar diens reeds 12 dae verlof moes geneem het, sodat daar nie meer as 30 dae opgehoop word nie.

2 Sien die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997, hoofstuk 3, artikel 20. In ander state geld die wetgewing wat daar van toepassing is.

3 Opgehoopte verlof is ongebruikte verlof van die vorige jaar of jare. Ander regsgeldige verlof is die *pro rata*-deel van die huidige jaar se verlof wat nog nie gebruik is nie. Albei is uitbetaalbaar by diensbeëindiging.

BYLAE 13

AANSOEK OM VERLOF

Hierdie vorm moet volledig voltooi en by die skriba ingedien word voor die kerkraadsvergadering wat die verloftydperk voorafgaan. *(Dringende aansoeke kan deur die Dagbestuur in behandeling geneem word).*

NAAM:_____**POS BEKLEE**:_____

TYDPERK en TIPE VERLOF WAARVOOR AANSOEK GEDOEN WORD		
1. **GEWONE** met volle besoldiging	Vanaf _____	tot en met _____
2. **BUITENGEWONE** onbetaald	Vanaf _____	tot en met _____
3. **SIEKVERLOF**	Vanaf _____	tot en met _____
4. **LANGVERLOF**	Vanaf _____	tot en met _____

HET U REËLINGS GETREF VIR PLAASVERVANGER(S)?_____ ***(Verstrek besonderhede)***

PLAASVERVANGER 1: _____ vanaf _____ tot _____

PLAASVERVANGER 2: _____ vanaf _____ tot _____

_____ _____
DATUM **HANDTEKENING**

VIR KANTOORGEBRUIK

Verlof toegestaan - Kerkraadsvergadering van :_____

Aantal dae in lopende jaar reeds toegestaan :_____

Aantal dae nou toegestaan :_____

Aantal dae waarop werknemer nog geregtig is :_____

Aftrekking vir onbetaalde verlof *: Maand* _____ *R*_____

*: Maand*_____*R*_____

Salaris vir maand *: Maand*_____*R*_____

*: Maand*_____*R*_____

Plaasvervanger vergoed:

1. NAAM: _____ *R* _____ *Datum:* _____

2. NAAM: _____ *R* _____ *Datum:* _____

BYLAE 14

FINANSIËLE BEPLANNING VAN PREDIKANTE

1. IS BEPLANNING/STRATEGIE NODIG?

Die Trustees van die Predikante Pensioenfonds het oor die laaste paar jaar bewus geword van >n hele aantal pastoriegesinne wat finansiële probleme ondervind. Ongelukkig is dit ook die verhaal van >n toenemende aantal gemeentes en van baie lidmate en hul gesinne.

Terselfdertyd het die Trustees ontdek dat predikante wil/moet aftree, maar eintlk nie ander finansiële voorsiening gemaak het as wat hulle uit die pensioenfonds ontvang nie - en dit is onvoldoende! Die samestelling en grootte van ‘n predikant se vergoedingspakket vereis dat elke predikant reeds vanaf sy/haar eerste werkdag planmatig moet voorsien vir aftrede A*eendag@*.

DIE PREDIKANT WAT EEN JAAR LATER BEGIN MET FINANSIËLE BEPLANNING IS KLAAR TE LAAT OM VOLDOENDE VOORSIENING TE MAAK,

Daarom het die Trustees besluit om hierdie kort inligtingstuk oor die saak aan alle predikante te besorg.

2. WANNEER MOET EK BEGIN?

Ps. 90:10 AOns lewe maar sewentig jaar, of, as ons baie sterk is, tagtig, en dié is vol swaarkry en leed. Dit is gou verby, ons vlieg na ons einde toe@.

Dié bekende bybelvers gee ons ‘n aanduiding van 3 sake wat oor die onderwerp van belang is:

- ‘n lewensverwating van 70 of 80 jaar, wat intussen begin klim danksy beter mediese sorg;
- ‘n lewe waarin die verdriet soms meer ervaar word as die genade;
- ‘n lewenspad wat baie gouer omvlieg as wat ons dink.

Ons raad aan predikante is normaalweg dat jy op 60 jaar met gerustheid kan aftree, indien

- **jy geen skuld het nie**
- **jy oor ‘n afbetaalde woning beskik**
- **jy die volle enkelbedrag van jou pensioen kan belê vir inkomste bykomend tot jou gewaarborgde maandelikse pensioen**

Om dit reg te kry, moet ‘n gewone predikant vanaf dag een sy beplanning regkry -

EN DAARBY HOU!

3. NUWE FAKTORE

Enkele faktore het die afgelope 5 jaar na vore gekom, wat finansiële beplanning vir die predikant baie meer belangrik maak as vantevore:

- Onbeheerbare rentekoerse op skuld die vorige klompie jare
- Werkonsekerheid: Ons kan beslis nie meer almal verseker wees van ‘n permanente werk en vaste inkomste tot op 65 jaar nie
- Die verarmingsproses van die middelklas (waarby ons predikante ingesluit is) in Suid-Afrika, is nog nie naby sy draaipunt nie.
- Mediese koste styg vinniger
  - as ons inkomste
  - na aftree-ouderdom
- Inflasie is nog nie onder beheer nie

4. WAT BEHELS FINANSIËLE BEPLANNING?

4.1 Die dae is verby dat ‘n gewone man sy eie finansiële beplanning kan doen sonder deskundige advies. Dit is egter belangrik om jou adviseur of konsultant te vertrou en te ken - en te verstaan dat die konsultant se inkomste dikwels afhang van hoeveel hy *Averdien@* op sy advies aan jou d.m.v. beleggings of polisse.

Dus: Kry so gou moontlik ‘n betroubare raadgewer!

4.2 Die predikant se finansiële beplanning moet spesifiek die volgende faktore verreken:

- Die vermindering van skuld en veral gepaardgaande rente.
- Die aanskaf van eiendom so gou moontlik - veral eiendom wat d.m.v. huurinkomste deur ander betaal word.
- Voorsiening vir opvoeding en studie van kinders.
- Voorsiening vir onverwagte uitgawes.
- Voldoende mediese voorsiening.
- Sinvolle en omvattende testament.

5. KAN DIT WERK?

Elke predikant se finansiële beplanning kan alleen werk as -

- stiptelik by die beplanning gehou word - *mense beplan nie om te misluk nie maar misluk omdat hul nie beplan nie;*
- hy/sy en die hele gesin besef in Suid-Afrika moet almal in die middelklas dringend werk (en sukkel) om ons lewenskoste en -standaard af te skaal. Eenvoudiger lewe is in elk geval ons voorland!;
- hy/sy so werk dat hy/sy tot op ten minste ouderdom 60 permanent in diens is.

6. AFTREEBEPLANNING VIR DIE PREDIKANT

6.1 Omstandighede na Aftrede:

Statistiek toon dat die meeste mense na aftrede nie die dinge kan geniet waarna hulle uitgesien het nie. Vir hulle beteken aftrede die verlaging van hul lewenspeil. Baie mense maak ten volle op hul pensioenfonds staat om in hul aftrede te voorsien. Die werklike voordele wat hul pensioenfonds bied, kan egter weens verskeie faktore minder wees as waarop hulle gereken het.

Pensioenvoordele word op die Fondswaarde gebaseer. Voordele soos motor- en behuisingsvoordele en ander toelaes wat ons lewenspeil verhoog, is uitgesluit as die pensioenbydraes bereken word. Om na aftrede dieselfde lewenstandaard te handhaaf, moet vir sulke bykomende voordele voorsien word.

6.2 Waarom moet ek nou al bykomende voorsiening maak vir aftrede?

6.2.1 Teen ‘n inflasiekoers van 7% verdubbel pryse elke 10 jaar. Dit beteken dat ‘n mens oor tien jaar R200 moet betaal vir ‘n mandjie kruidenierswaré wat nou R100 kos.

6.2.2 Mense leef al hoe langer. Mans wat op 60 aftree, leef gemiddeld nog 18 jaar. Vroue van 60 leef gemiddeld nog 21 jaar.

6.2.3 Die maandelikse pensioen is die veiligste en belangrikste aftreevoorsiening van die predikant - maar onvoldoende as dit die enigste is.

7. VERDERE INLIGTING

‘n Persoonlike adviseur sal verdere inligting kan voorsien. Die jongste inligting oor pensioenvoordele verskyn in ons jongste omsendbrief. Indien u of u makelaar meer inligting oor u persoonlike situasie verlang kan u ons kantoor skakel. Ons beskik oor inligtingstukke met algemene gegewens.

BYLAE 15

OOREENKOMS

TEN OPSIGTE VAN VERGOEDINGSPAKKET

AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN

DIE NG KERK ……..

EN

……..
(Hierna die Predikant genoem)

1. Tydens ‘n kerkraadsvergadering gehou op ……, is daar besluit om die leraar se vergoedingspakket vir die finansiële jaar vanaf …… tot …… soos volg saam te stel:

1.1	Kontantvoordele:			
	1.1.1	Salaris	R ……..	pm
	1.1.2	Bonus	R ……..	pj
1.2	Byvoordele			
	1.2.1	Reistoelaag (……. km)	R ……..	pm
	1.2.2	Behuising (Water, elektrisiteit, telefoon, tuin, ens.)	R ……..	pm
1.3	Werkgewersbydraes			
	1.3.1	Pensioenfonds	R ……..	pm
	1.3.2	Groepversekering	R ……..	pm
	1.3.3	Uitgestelde vergoeding	R ……..	pm
	1.3.4	Mediese fonds	R ……..	pm
	1.3.5	Eggenoteversekering	R ……..	pm

2. Die samestelling van hierdie pakket en die strukturering van die vergoeding berus op onderhandelinge en ‘n ooreenkoms tussen die kerkraad en die predikant en vervang alle vorige pakketsamestellings.

3. Hierdie ooreenkoms dien as ‘n aanhangsel of uitbreiding tot die Diensooreenkoms (of Beroepsbrief) van die predikant.

4. Enige arbeidsregtelike en/of ander regsaanspreeklikheid, wat hieruit mag voortspruit, sal beperk wees tot die predikant en die kerkraad, of sy genomineerdes.

5. Die geregtigheid op voordele uit die Predikante Pensioenfonds, is onderhewig aan die Reglement van die fonds.

6. Die samestelling van die predikant se vergoedingspakket sal van tyd tot tyd, soos tussen die kerkraad en predikant ooreengekom, hersien word.

Onderteken te ..... op .....

PREDIKANT	**nms. KERKRAAD**

VOORBEELD DIENSOOREENKOMS VIR PREDIKANTE

Memorandum van ‘n ooreenkoms aangegaan deur en tussen:

DIE NG GEMEENTE VAN _____ (naam en adres van gemeentes)

(Hierna genoem die gemeente in sy hoedanigheid as werkgewer) aan die een kant

en

_____(volle naam en ID nommer)

(Hierna genoem predikant) aan die ander kant.

1. **INLEIDING**

1.1 Die NG Gemeente van _____ vorm deel van die NG Kerk in SA. Die gemeente onderskryf die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God, die Belydenisskrifte wat die NG Kerk bely, die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente, asook toepaslike besluite van die Algemene Sinode en streeksinode. Die gemeente handel deur die kerkraad as sy gevolmatigde vergadering.

1.2 _____ (volle naam) is ‘n gelegitimeerde predikant van die NG Kerk, wat die legitimasieverklaring onderteken het en wat nie deur enige ander ooreenkomste, teenstrydige oortuigings of beperkings daarvan weerhou word om sy voltydse diens as predikant in die gemeente te lewer nie.

1.3 Die kerkraad se Kommissie vir Diensverhoudinge bestuur die diensverhouding tussen die gemeente en die predikant, en doen verslag aan die kerkraad.

2. **PLIGTE VAN DIE PREDIKANT**

Die pligte van die predikant sluit die primêre funksies van ‘n predikant in soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde. Die kerkraad en predikant kom ooreen om die volgende aspekte afsonderlik aan te dui: (Beklemtoon ‘n aspek of meer uit Bestuursgids bl 93).

_____

_____

_____

3. **PLIGTE VAN GEMEENTE**

Die kerkraad onderneem om binne die vermoë van die gemeente dit vir die predikant moontlik te maak om sy pligte te verrig en om aan hom die liefde, en ondersteuning en medewerking te bied sodat hy sy taak met vreugde kan vervul.

4. **DIENSVOORDELE EN VOORWAARDES**

Die aanstelling is onderworpe aan die bepalings van die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente, toepaslike wetgewing en die amptelike personeelbeleid van die gemeente. Die volgende spesifieke bepalings ten opsigte van die predikant word vervolgens omskryf:

4.1 **DATUM VAN DIENSAANVAARDING**

Die predikant is vanaf _____ in ‘n permanente hoedanigheid in diens gestel in die gemeente.

4.2 **VERGOEDINGSPAKKET**

Die vergoedingspakket word baseer op die riglyne wat die Algemene Sinode en streeksinode voorsien. Die kerkraad sal jaarliks die pakket evalueer en volgens die riglyne van die Sinode en die omstandighede van die gemeente aanpas en met die predikant ooreenkom.

4.3 **VERLOF**

Die predikant is geregtig op verlof soos bepaal in die Kerkorde (1998) Reglement 22. Verlof word beplan en geneem in oorleg met die kerkraad.

4.4 **WERKSURE**

Vanweë die aard van die predikant se beroep is die bepaling van vaste diensure nie moontlik nie. Daar word egter van die predikant verwag om in oorleg met die kerkraad te alle tye beskikbaar te wees vir die uitvoering van sy verantwoordelikhede teenoor die gemeente.

4.5 **AF-DAE EN AF-NAWEKE**

Die predikant kan in oorleg met die kerkraad sy tyd so reël dat hy een af-dag per week en een af-naweek per kwartaal van sy normale pligte verskoon word.

4.6 **PENSIOENFONDS**

Lidmaatskap van die Predikante Pensioenfonds van die NG Kerk in Suid-Afrika is verpligtend.

4.7 **MEDIESE FONDS**

Lidmaatskap van die fonds(e) waarmee die NG Kerk of die kerkraad ‘n ooreenkoms het is verpligtend.

4.8 **PRIVAATWERK**

Terwyl die predikant in diens van die kerkraad is, mag die predikant geen privaat en/of ander werk verrig of addisionele inkomste verdien van enige aard, sonder vooraf goedkeuring van die kerkraad nie.

4.9 **DIENS VIR DIE KERKVERBAND**

Die predikant is beskikbaar vir vergaderings en ander werksaamhede in die kerkverband (ring, Sinode, Algemene Sinode) soos ooreengekom tussen die kerkraad en die predikant.

4.10 **DISSIPLINE**

Die predikant sal onderworpe wees aan die prosedures soos vervat in die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente, asook die personeelbeleid van die gemeente.

4.11 **BEHUISING**

4.11.1 Die kerkraad voorsien gratis behuising aan die predikant en is verantwoordelik vir alle redelike instandhoudingskoste wat die geboue, dienste en tuin insluit. Die kerkraad is verantwoordelik vir die rekeninge vir munisipale dienste, elektrisiteit, telefoon en tuindienste soos jaarliks ooreengekom.

<u>of</u>

4.11.2 Die kerkraad voorsien ‘n huistoelaag wat soos volg saamgestel word: _____

_____

4.14 **WYSIGING VAN VOORDELE**

Die aanpassing van alle diensvoordele sal jaarliks oorweeg en met die predikant ooreengekom word.

5. **BEËINDIGING VAN DIE OOREENKOMS**

Een maand wedersydse kennis word vereis vir die beëindiging van die ooreenkoms onderworpe aan betrokke kerkordelike bepalinge en ander besluite.

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20____.

GETUIES:

1. _____

2. _____ _____
nms KERKRAAD

GETUIES:

1. _____

2. _____ _____
DS ……

BYLAE 16

AANSOEK VIR POS (Voorbeeld vir Raamwerk)

A: MOTIVERING

1. Ek stel myself beskikbaar vir die leraarspos te _____ volgens die bekendstelling in die Kerkbode van _____of soos versoek.
2. Aangeheg my CV met die belangrikste gegewens.
3. Kommentaar op Kerkorde Art. 9
4. Soos versoek verstrek ek die volgende besonderhede:

	AANPASBAARHEID
Bv: Besondere gawes	Sendingvisie en betrokkenheid
Bedieningsvoorkeure	Platteland? Stad?
Spesialisasieterrein	Bejaardesorg
Spanwerk - samewerking	Skakeling met ander Kerke
Sielkundige kennis	Gemeentebou, Spiritualiteit
Musiekbediening	Datum van diensaanvaarding
Administrasie	

5. Siening oor rol van eggenote in gemeente
6. Voornemens?
   NB: * Sê liewer te min, duidelik genoeg, as te veel (omslagtig)
   * Oppas vir foutvinderigheid
   * Onthou dat elke gemeente ‘n eie “kultuur” het
7. Maak seker dat jy (en jou CV) pas by die profiel van die pos!

B: RAAMWERK VIR OPSTEL VAN CV

DEEL 1: <u>PERSOONLIKE BESONDERHEDE</u>
1. VOLLE NAME EN VAN
2. GEBOORTEDATUM
3. ID. NOMMER & NASIONALITEIT
4. POS EN WOONADRES
5. GETROUD
6. AFHANKLIKES

DEEL 2: <u>KWALIFIKASIES</u>
1. FORMELE OPLEIDING
   - Inrigting
   - Kwalifikasies
   - Jaar behaal
2. SPESIFIEKE BEROEPSOPLEIDING
   - Spesialisasiegebied
   - Prakties gedoen

DEEL 3: <u>BEROEPSERVARING</u>
1. HOEKOM IS JY PREDIKANT?
2. BETROKKENHEID BY HUIDIGE GEMEENTE(S)
3. PERSOONLIKE VISIE TEN OPSIGTE VAN
   - Kerk, gemeente en kerkraad
   - Rol en funksie van predikant

DEEL 4: <u>ANDER BEROEPSERVARING</u>
1. TYDPERK
2. POS BEKLEE
3. REDE VIR DIENSVERLATING

DEEL 5: <u>AANVULLENDE INLIGTING</u>
1. GESINSOMSTANDIGHEDE
   * Vrou se beroep
   * Kinders: (Name en skoolstanderd)
2. SAMELEWING / ALGEMENE STUDENTELEWE
   * Deelname
   * Belangstellings
   * Betrokkenheid

(Hierdie gedeelte moet nie oorbeklemtoon word nie)

3. VERENIGINGS

DEEL 6: <u>REFERENTE</u>
1. TWEE TOT DRIE PERSONE: * Dosent
   * Persoonlik
   * Werksverwant?

CV	***-***	***moet maklik lees***
	-	***nie te lank wees nie***
	-	***netheid***
	-	***geen tik-/spelfoute***
	-	***brief in eie handskrif***

BYLAE 17

BYBELSE RENTMEESTERS: TEOLOGIE EN METODOLOGIE

Samevatting
In die Bybel het rentmeesterskap ’n baie prominente plek. Hierdie dokument met bylaes gee praktiese riglyne aan gemeentes sodat meer oor Bybelse finansiële rentmeesterskap nagedink en gekommunikeer kan word. Dit behoort of kan op ’n jaarlikse dankofferverbintenisfees uitloop waar lidmate geleentheid kry om oor hulle rentmeesterskap na te dink.. Die resultaat hiervan gee aan die kerkraad ’n grondslag vir die inkomstebegroting, sodat uitgawes daarvolgens bepaal kan word. Dit moet alles geskied vanuit die kerk en gemeente se visie vir die Here se koninkryk.

1. Inleiding

Die Bybel leer dat ons verbondenheid aan die Here, ons ook verbind om verantwoordelike rentmeesters te wees. Die program wat hier volg wil gemeentes begelei om hulle lidmate te help om blymoedige rentmeesters te wees wat veral groei in hulle offervaardigheid!
Die saak van rentmeesterskap raak alle aspekte van gemeente-wees, sowel as die groter kerkverband en ons lewe. Rentmeesterskap is dus ’n meer omvattende saak wat die totale prentjie van gemeente-wees omvat. Verdere riglyne oor bv. rentmeesterskaptoerusting in die teologiese opleiding, katkisasie, en ook die maniere om lidmate te leer oor bestedingspatrone, sal elders aangebied word.

2. Die Bybel

Die Bybel se uitgangspunte is ons grondslag. Die Here het Abraham geseën om tot seën vir die ander te wees. Daardie motief kom deurgaans in die Bybel na vore.
As mense is ons nie besitters nie, maar wel ***bestuurders (rentmeesters)*** van alles wat die Here aan ons toevertrou het. Ons moet rekenskap gee van alles wat aan ons toevertrou is – in die gesindheid van 2 Korintiërs 8: hulle het hulleself eers aan die Here gegee, en toe hulle offers…..
Ons is aanspreeklik ten opsigte van ons ***gawes (talente), geleenthede (tyd), geld en grond (die ekologie) [GGGG]*** teenoor die Here. Ons offers is teken van ons ***dankbaarheid*** teenoor die Here.
Vir die Here Jesus was dit normaal om ***geloof en middele*** in een asem te noem. Meer as die helfte van sy ***gelykenisse*** handel oor die regte gebruik van geld en goed. Hy het ook telkens verwys na ’n ***gawe as offer*** (as jy jou gawe na die altaar bring en dit jou daar byval dat iemand iets teen jou het….; Jesus het gekyk terwyl baie ryk mense baie geld in die offergawe kis gegooi het….)
Die ***Ou Testament*** sien die offer van ’n tiende as deel van Gods volk se lewe. Die ***Nuwe Testament*** hef die tiende nie op nie (Matteus 23:23), maar bring ’n vervullende dimensie in die begrip “dankoffer volgens elkeen se vermoë”.
Die Bybel heg ook die mees **omvattende beloftes** van die Here aan offervaardigheid: oop vensters van die hemel met meer reën as nodig (Maleagi 3:10), God sal alles in oorvloed skenk…. (2 Korintiërs 9:8), God sal in elke behoefte ryklik voorsien (Filippense 4:19) ens.

3. Roeping

Verantwoordelike rentmeesterskap begin daarby dat lidmate/’n gemeente vanuit hul kennis en ontmoetings met die Drie-enige God, die roeping (geloofsoortuiging) met mekaar begin deel, sodat die lewe anders kan wees as wat dit was. Sonder hierdie gedeelde droom van ’n ander toekoms sal min lidmate hulle lewens en beursies meer omvattend vir die Here gee. Gedurende die afgelope aantal jare het baie gemeentes (onder andere deur Buvton se fasiliteringsprosesse) tot roepingservaring (visievorming) gekom. Dit is reg dat meeste van daardie gemeentes hulle visie “laat leef” deur dit effektief bekend te maak en te bemark sodat dit in lidmate se lewens “grondvat”. Vir gemeentes wat reeds ’n visie het, of in ’n proses van visievorming is, kan onderstaande program meer effektief wees. So nie, moet ’n gemeente dit oorweeg om by visievorming te begin. Dit kan selfs wees met behulp van die intervensie proses in die “***Deelnemende werkswinkel oor Rentmeesterskap***” van Buvton. Belangrik is ook om daarop te let dat ’n sistemiese benadering nodig is. Die verskillende vlakke van gemeente-wees speel op mekaar in. Kyk asseblief na ***Bylae 17.1*** om meer daarvan te verstaan.

4. Vernuwing en Groei

Voordat ons in ons gemeentes oor finansiële rentmeesterskap "begin praat" sal ons eers "vernuwend" moet dink. Vir baie jare is die belangrike onderwerp van rentmeesterskap afgeskeep. Die regte klem daarop was ook nie nodig nie. Want in die kerk wat op 'n pad van "instandhouding" was, in 'n tyd waar sy lidmate 'n "aangebore" lojaliteit gehad het, het ons finansieel oorleef en was die bybelse beklemtoning van rentmeesterskap nie "nodig" nie. Maar in hierdie tyd, waar lojaliteit "verwerf" moet word en waar die kerk vanuit sy roeping met 'n missie leef, word finansiële rentmeesterskap baie belangrik. Wat meer is, ons lidmate moet gelei word tot "bekering van die beursie" wat teken van ware bekering is (Luther). Met Bybelse lering oor rentmeesterskap is ons ook baie meer gehoorsaam aan die Woord!

Ons sal 'n "kultuur" van Rentmeesterskap in die gemeente se lewe as geheel, en in die lidmate individueel moet laat groei. Dit sal doelbewus, maar sonder "druk" gedoen moet word.

Die vernuwing sal by ons as ***leraars*** moet begin. Menige leraars is bang om te praat oor geld. En wanneer ons daaroor praat, is dit gewoonlik negatief: hoe beperk ons fondse is, hoe min bronne daar in ons gemeente is, hoe beswaard ons oor ons sinodale vennootskap en verantwoordelikheid is… By myself het die verandering gekom toe ek meer en meer in die Bybel gesien het watter plek die Here aan geld en die regte gebruik daarvan gee. Ek het ook besef dat mens nie skaam hoef te wees om met mense oor geld te praat nie. Deur daaroor te praat is dit nie wat jy "*aan hulle doen*" nie, maar wat jy "*vir hulle doen*" – ons help hulle om te verstaan en gehoorsaam te wees aan die Here! Ons begelei mense om te groei in hulle betrokkenheid by die Here se werk. Ons as leraars moet glo in die gemeente se visie, dit self leef en bemark, en lidmate begelei om ook eienaarskap daarvoor te neem. Dan sal dit vir hulle maklik word om ook die finansiële implikasies te integreer.

Daarna sal die vernuwing by die ***Kerkraad*** moet plaasvind. Hulle sal gehelp moet word om van die "armoede kultuur" (ons moet die begroting so klein as moontlik laat wees), te groei na 'n "visie kultuur" (ons streef daarna om soveel as moontlik vir die Here te doen en te gee). En van 'n "instandhoudings-kultuur" na 'n "roepingsgedrewe" gemeentelewe wat die Koninkryk van die Here meer en meer buite homself laat kom. Die belangrikste metode hiervoor is om die Kerkraad aan die Woord bekend te stel – gebruik elke Kerkraadsbyeenkoms om 'n stuk Bybelstudie oor Rentmeesterskap te doen. 'n Verdere stap in die Kerkraad se "vernuwing" sou wees om die ***Vraelys vir*** 'n ***Gemeente se Finansiële Bestuursplan*** [Sien **Bylae 17.2**] te gebruik – laat Kerkraadslede dit self invul. Dit sal hulle daartoe bring om vanuit 'n ander perspektief na die gemeente te kyk, leemtes te identifiseer, en planne te maak om dit aan te spreek!

In die proses moet vernuwing ook by die ***gemeente*** plaasvind. Gebruik soveel as moontlike kommunikasiemetodes om dit te doen: Gemeente nuusbrief, weeklikse aankondiginge / bulletin, getuienisse van lidmate, dankoffertyd in die eredienste, bekendstelling van deurkollektes, ens. Hanteer dit soos die Here Jesus dit gedoen het: asof dit die natuurlikste ding is om oor te praat…. En moet nooit apologeties daaroor wees nie – dan is dit soos om verskoning te maak vir die Here se kruisiging.

5. Waarheen is ons op pad?

As helpende Christene wat gee en omgee, fokus ons op dit wat die Here bedoel het dat ons moet wees. Dit gaan om ***gelowiges se behoefte om vir die Here te gee***, eerder as die Kerk se behoefte om te ontvang. In hierdie proses het ons veral 5 dinge in die oog:

5.1 Hernude toewyding en gehoorsaamheid aan die Here.
5.2 Groter openheid en algemene gespek oor rentmeesterskap. 'n Proses waardeur veel meer en as in die verlede oor Bybelse rentmeesterskap gekommunikeer sal word.
5.3 'n Proses wat riglyne gee oor hoe 'n jaarlikse dankofferverbintenis deur lidmate hernuwe kan word.
5.4 Sinvolle administrasie ten opsigte van dankoffers.
5.5 Bevordering van testamentêre bemakings.

6. Leierskap

Hulle wat die leiding neem, behoort te weet hoe belangrik rentmeesterskap is. Dit moet geleer word. Dit moet gepreek word. Leiers moet self gehoorsame rentmeesters wees en dit modelleer!
Die leierskap moet ook altyd die groot waarheid bevestig: ’n gemeente groei wanneer hy nie net gerig is op die instandhouding van homself nie, maar veral op diens aan die koninkryk van God buite die gemeente. Lewe en gee na buite is nie net bevorderlik vir die werk van die Here nie, dit laat die gemeente self groei! So word hulle self modelle van Jesus wat Homself gegee het!
Die leraar(s) as leier se rol moet nie gering geag word nie: hy/sy stel die voorbeeld, sy/haar woorde inspireer, inisieer die beplanning en gee Bybel-getroue lering oor rentmeesterskap!

7. Kerkraad

Een van die kerkraad se belangrikste take is om die gemeente te leer oor wat die Woord van God ons oor verantwoordelike rentmeesterskap leer. Die kerkraad moet (soos die leraar(s)) ook die voorbeeld in hierdie verband stel.
Dit kan op verskeie maniere geskied.

7.1 Woordverkondiging
Die Woord van die Here moet “gehoor” word, sodat lidmate daarop kan reageer. Die prediking in die eredienste bly een van die belangrikste plekke waar die Woord aan die woord kom. Hier is enkele moontlikhede:

* “As jy jou gawe bring” (Matteus 5:23,24; met Markus 12:41-44)
* “ ’n Tiende” (Maleagi 3:10 met Matteus 23:23)
* “ ’n Bestuurder is aanspreeklik” (Lukas 16:1-13)
* “Ywer vervang bekommernis” (Lukas 12:22-34)
* Offers in die Ou Testament en Nuwe Testament (sien Bylae)
* “Dankoffer bring ewewig” (2 Korintiërs 8:12)
* “Beloftes verbind aan Dankoffers (Maleagi 3:10, 2 Korintiërs 9:8, Filippense 4:19)
* Reaksie op ontmoeting met die Here (Genesis 28:22, Lukas 19:1-11, 2 Korintiërs 8:5)

Daar is natuurlik baie, baie meer skrifgedeeltes wat direk met finansiële rentmeesterskap te doen het – gebruik en verkondig dit!

7.2 Dankoffertyd in eredienste
Dit moet gebruik word om goeie rentmeesters te laat groei in offervaardigheid. Die liturg kan meer oor die dankoffer sê, waarvoor dit gebruik word, ens. Getuienis deur lidmate wat die Here se seën ervaar moet hier plek kry. Vervang die ronde, plat houtbordjies met gevlegte mandjies wat plek het vir note en koeverte. [Sien **Bylae 17.3** vir stukkies wat met dankoffertyd of in die aankondiginge gebruik kan word].

7.3 Deur “kollektes”
’n “Tweede offergawe” by eredienste is die geleentheid om die gemeente se vennootskap met ander sake te stimuleer. Die saak verbaal te motiveer word die betrokkenheid daarby en voorbidding daarvoor, baie meer! By geleenthede waar die liturg die saak verduidelik en “’n gesig daaraan gee” is die opbrengs gewoonlik 3 tot 4 maal meer.

7.4 Die Erediens
Dit wat by 7.1-7.3 gesê is, moet deel vorm van die hele Erediens-gebeure wat die lidmate bewus moet maak dat ook hulle offers in geld ’n element van aanbidding is.

7.5 Bybelstudies wat Bybelse rentmeesters laat groei
Daar is verskillende Bybelstudies beskikbaar. Gebruik dit in die gemeente op verskillende plekke en geleenthede. Kyk ook **Bylae 17.4**

8. Administrasie

8.1 Administrasie in die gemeente is soos die **hartklop** in die liggaam. As dit daar sleg gaan, verswak al die ander funksies!

8.2 Die vraag kan ontstaan: Watter rol behoort **kontrole** in dankoffer te speel? Waar daar 100% meelewing en verbintenis is (en dit bly elke gemeente se ideaal!) sou geen kontrole nodig wees nie. Dit is die ideaal waarheen ons streef.

8.3 Maar die werklikheid is dat ons oor jare heen aan 'n gekontroleerde dankofferstelsel **gewoond** geraak het. Dit kan nie eensklaps laat vaar word nie. Mense voel veilig binne gekontroleerde omstandighede en "*people tend to do what is inspected rather what is expected*".

8.4 Kontrole bied ook aan die Kerkraad geleentheid om aan gewers **erkenning** en dank te betuig. 'n Ingelewerde dankofferkoevert, byvoorbeeld, wat met 'n bedankingsbriefie (of so iets) by die lidmate terugbesorg word, het 'n baie positiewe gevolg! Deur kontrole kan die Kerkraad ook bepaal wie geen of ongereeld dankoffer gee. Dit moet opgevolg word, want 'n lidmaat wat nie dankoffer gee nie, verstaan dalk nie die konsekwensies van 'n verbintenis aan die Here nie, of het dalk iets op die hart wat nie op 'n ander manier gesê kan word nie! Kerkrade **moet** lidmate wat geen (of geringe) dankoffer gee nie, ernstig opneem en aandag daaraan gee.

8.5 Waar **koeverte** as dankoffer metode gebruik word, moet moeite met die koeverte gedoen word. Persoonlike kontak met die lidmate is baie belangrik – wanneer die koevert afgegee of terug besorg word. Gebruik koeverte wat maandeliks verskil – byvoorbeeld die kleur en bewoording van die koeverte. Dit is ook belangrik dat kommunikasie geleenthede d.m.v. die koeverte benut word: plaas bv. 'n briefie in die koevert – so dat 'n deel uitsteek – skryf elke maand iets anders, bv. waarvoor die dankoffer gebruik word, hoe die gemeente en sinode se visie vervul word, dank vir wat gegee word, ens.

8.6 Waar 'n **Debietorder** stelsel gebruik word, moet daar juis ekstra moeite gedoen word om persoonlike kontak te bevorder. Stuur gereeld bedankings. Vra jaarliks of die offer verhoog kan word. Probeer om die meganiese outomatisasie van die elektroniese stelsel te oorbrug. Daar is niks wat persoonlike kontak kan vervang nie, en mense heg groot waarde daaraan!

8.7 In alles, onthou dat erkentlikheid (dank, waardering, terugvoer oor wat bereik word) die beste **motiveerder** is. Dit laat mense positief reageer!

9. Proses tot jaarlikse Dankofferverbintenis.

Die deel wat hier volg is die kern van hierdie stuk. Dit moet aangepas word by plaaslike omstandighede en dan "gedoen" word.

9.1 Stel 'n kommissie, **taakspan** of werkgroep vir Bybelse rentmeesters saam wat biddend besin oor die hele aspek van verantwoordelike rentmeesterskap en in samewerking met die kerkraad 'n strategie vir die gemeente uitwerk**.** Die res van die organisasie en deurvoer van die proses moet aan hierdie taakspan oorgelaat word, met kennis en goedkeuring deur die kerkraad. Vir die **taakspan** is die volgende belangrik:

9.1.1 ***Samestelling***: Dit moet verkieslik nie net die fondsekommissie van die kerkraad wees nie, hoewel die fondsekommissie se betrokkenheid deurslaggewend kan wees. Die taakspan moet saamgestel word uit die sterkste meningsvormers in die gemeente wat self getroue Bybelse rentmeesters is. Die leierskap moet hierdie taakspan met groot omsigtigheid (en gedra in gebed) saamstel.

9.1.2 Die taakspan moet vir homself 'n doelstelling formuleer. 'n **Doelstelling** sou soos volg kan wees: "Die taakspan streef om binne die volgende jaar deur middel van sinvolle kommunikasie, effektiewe administrasie, en deur 'n jaarlikse dankofferverbintenis (en ander metodes), die lidmate toe te rus

om as Bybelse rentmeesters te groei sodat hulle gemiddeld minstens 1% meer van hulle inkomste vir die Here via die gemeente sal gee."
Vanuit die doelstelling moet verskillende doelwitte vasgestel word. 'n Doelwit moet spesifiek, meetbaar, haalbaar en tyd-bepaald wees.

9.1.3 As deel van sy doelwitte sal die taakspan o.a. die volgende ***sake*** moet hanteer:

9.1.3.1 Administrasie

* Lidmaatrekords (volledigheid en korrektheid, met kontak besonderhede)
* Kwotasies vir en uitvoer van drukwerk en publikasies
* Begroting vir proses wat taakspan moet uitvoer
* Versending van korrespondensie indien so besluit
* Skedulering van alle aktiwiteite om in te pas by jaarprogram [sien **Bylae 17.6**]
* Bepaal datum vir dankofferverbintenisfees
* Deurgee van verwagte inkomste sodat uitgawe begroting bepaal kan word

9.1.3.2 Kommunikasie en reklame

* Wat word hoe en wanneer deur wie gekommunikeer?
* Aanwys van predikers en sprekers
* Wie gaan wanneer getuienisse lewer?
* Skriftelike kommunikasie in maandblad en aankondiginge [**Bylae 17.7**]
* Saamstel van brosjure wat gemeentelike visie en finansies bekendstel
* Opstel van verbintenisvorm (vir Verbintenisfees) [**Bylae 17.5**]

9.2 Dit is nodig dat die proses voorafgegaan word deur 'n tyd lank se intensiewe **geestelike voorbereidingsprogram** d.m.v. prediking, gesprekke met kerkraad, wyksbyeenkomste, ens., ("vernuwing" en nuwe toewyding). Die verbintenis aan verantwoordelike rentmeesterskap gaan hand aan hand met 'n verbintenis aan die Here en aan die visie van die gemeente.

9.3 Dit kan opgevolg word met 'n paar boodskappe oor ons dankoffers. Sien ook punt 4 en 7.1 hierbo.

9.4 Die volgende **stappe** vir die proses sou deur die taakspan oorweeg kon word:

9.4.1 Die leraar en kerkraadslede kry geleenheid om in die lig van die Skrif en aan die hand van beskikbare inligting (byvoorbeeld 'n brosjure oor offervaardigheid), elkeen saam met sy/haar eggenote vir 'n tyd lank te bid o.a. oor wat die Here van hulle verwag.
Op die genoemde datum, of voor die datum handig elke kerkraadslid 'n verbintenisvorm in. Op die vorm verskyn geen name nie. Dit is nie 'n bindende belofte nie, maar 'n voorneme en dit lees soos volg: "My eggenote en ek wil graag onder die seënende hand van die Here, sover moontlik, maandeliks R…… as dankoffer aan die Here gee." (Kyk by **Bylae 17.5**)
Die rede waarom hierdie vorms in 'n geslote koevert gegee word, is sodat die totale som wat die kerkraad van voorneme is om te gee, by die volgende stap aan die gemeente bekend gestel kan word.
[Dit is belangrik dat sover moontlik elke kerkraadslid 'n vorm inhandig. Dit word die "lokomotief" wat die "trein trek". Die kerkraad (en gemeente) staan gewoonlik verbaas oor wat die som is.]

9.4.2 Terselfdertyd word die hele program aan die gemeente bekend gestel. Vir drie of vier weke word daar intensief oor die saak gekommunikeer: Deur die Woordverkondiging, aankondiginge, maandbriewe en selfs persoonlike briewe aan lidmate kan oorweeg word.
In die kommunikasie gaan dit oor:
Verbintenis aan die Here,
Die gemeente se visie as gehoorsaamheid aan die Here,
Bybelse beeld van rentmeesters – ook wat finansies betref,
Dankoffer as dankbare reaksie op die Here se gawe in Jesus Christus, Oproep dat rentmeesters minstens 1% meer van hulle inkomste vir die Here gee.

Dit kan aan die gemeente gemeld word dat die kerkraad klaar oor die saak gebid en besin het, en kondig dan die somtotaal vir hulle aan. Vra die lidmate om individueel (of as egpaar) ook vir ’n tyd lank, hulle voor die Here oop te stel en op sy leiding te wag t.o.v. die bedrag wat hulle maandeliks aan Hom moet gee.

9.4.3 Die lidmate se verbintenis word by ’n erediens gedoen. Reël dit as ’n jaarlikse feesgeleentheid waar ’n verbintenis aan die Here en die gemeente se visie opnuut gemaak word. Dit word skriftelik op ’n vorm (wat vooraf, saam met die uitnodiging tot biddende oorweging beskikbaar gestel is) gedoen en by die feesdiens ingehandig. [Sien **Bylae 17.5]**
Die totaal van hierdie verbintenisse vorm die basis vir die Kerkraad se begroting vir die volgende jaar. Kommunikeer openlik en voortdurend oor die hele proses.

9.4.4 Die hele program moet deur gebed en die Here se leiding “gedra” word. Daarsonder is dit leeg en betekenisloos. Dit gaan tog daarom dat mense se verhouding met die Here verinnig en verdiep!

9.4.5 Hierdie program moet (natuurlik aangepas by die omstandighede) jaarliks herhaal word. Daar moet op elke jaarprogram voorsiening gemaak word vir die program: Kerkraadsbesluite, prediking en kommunikasie, verbintenissondag, ens.

10. Begrotingsmetode

Deur hierdie metode word lidmate gevra om hulle dankofferverbintenis voor die Here te bepaal voordat die gemeente se begroting opgestel word. So leer mense om in geloof te gee, eerder as vir ’n begroting. Dit bevorder ook die lidmate se behoefte om vir die Here te gee, eerder as die gemeente (Kerk) se behoefte om te ontvang.

11. Testamentêre bemakings

Die sinvolheid van ’n bemaking vir die Here se Koninkryk moet telkens onder lidmate se aandag gebring word. Mense gee testamentêre bemakings vir hulle kinders en ander vir wie hulle baie lief is. Ons moet hulle daaraan herinner dat hulle liefde vir die Here ook in hulle testamente neerslag kan vind.
Baie lidmate voeg by hulle eie kinders nog ’n “kind” as dit by die testament kom. Hulle noem dit “Liefdadigheid”. Daardie “kind”, wat die Kerk, gemeente, en ander organisasies kan insluit, erf dan ’n gelyke deel saam met die ander kinders. Ander bepaal weer dat 10% van hulle naletenskap vir die Here se Koninkryk gegee word. So word, soos die Skrif sê, nog skatte in die hemel versamel. Dit “kos” die persoon ook nie “iets” nie, want moontlik het hy/sy juis goed voorsiening gemaak vir ’n lewe wat nog vir ’n onbepaalde tyd kan voortgaan – miskien geld vir ’n groot operasie gespaar, en dan gaan hy/sy daarsonder na die Here.
Ook in hierdie opsig is dit nie wat jy **aan** iemand doen nie, maar wat jy **vir** hom/haar doen deur so ’n nalatenskap te noem. Al wat ons doen is om iemand aan die moontlikheid te herinner – die keuse daaroor bly die persoon s’n. Dit is die beste dat alle bemakings in ’n trustfonds bewaar word. Verkieslik moet net die opbrengs van die fonds (nadat vir kapitaalgroei voorsiening gemaak is) aangewend word vir spesiale projekte wat die gemeente / kerk onderneem. Dit word dan ’n aanvulling tot die gemeente se visie vir die Here se koninkryk buite die gemeente se eie grense.

12. Ten slotte

Moenie moed verloor as alles nie die eerste keer reg loop nie. Selfs ’n eerste jaar se beplanning is deel van ’n groter proses. Die Here sal die goeie saad wat gesaai word op sy tyd laat ontkiem en groei. Ons moet aanhou “saai”! Selfs al gaan dit die eerste keer goed, bly dit ’n leer-proses.
Dis uiters belangrik om volgende jaar voort te gaan. Bybelse rentmeesters moet elke jaar groei in hulle verhouding met die Here en die dankbare offervaardigheid wat daaruit kom!

BYLAE 17.1 – FAKTORE WAT RENTMEESTERSKAP IN ’n GEMEENTE RAAK

Inleiding
Dit is belangrik om te verstaan dat probleme met ’n gemeente se Rentmeesterskap en of dankoffers met ’n verskeidenheid van faktore te doen kan hê – wat kan wissel van ’n swak insamelingsisteem tot mense se werklike verbintenis aan die kerk of die Evangelie. Wanneer ons ’n gemeente se dankoffersisteem analiseer en probeer dink hoe ons dit kan verbeter, moet al hierdie faktore in berekening gebring word. Dit is ook belangrik om te onthou dat die faktore onderskeibaar is, maar in die praktyk gewoonlik vervleg is en op mekaar inwerk. Ons gee hieronder ’n lys van moontlike faktore.

1. Verbintenis aan die Evangelie
Dit is moeilik om te dink dat mense met vreugde vir die Here sal gee as hulle nie verbind is aan die evangelie nie. Met verbintenis aan die evangelie bedoel ons persoonlike geloof, kindskap, dat iemand al werklik sy of haar lewe vir die Here gegee het. Ons kan daarop reken dat daar mense is wie se traagheid om te gee, hiermee te doen het.

2. Verstaan / aanvaar Bybelse boodskap oor Rentmeesterskap
Ons weet almal dat daar lidmate is wat meeleef met die kerk en hulself as gelowiges beskou, maar wat nie ’n goeie insig het in wat die Bybel vir ons oor toewyding aan God, dissipelskap en daarom oor rentmeesterskap sê nie. Iemand het gesê: “Rentmeesterskap is alles wat jy doen nadat jy gesê het ‘Ek glo’”. Die erkenning dat jy nie ’n besitter is nie, maar eerder bestuurder van alles wat die Here gegee het, is die logiese gevolg van ’n mens se verbintenis aan die Evangelie. Die regte verstaan van die Woord dring mens daartoe om bestuurder vir die Here te wees.

3. Gehegtheid aan die Gemeente en identifikasie met die gemeentevisie
Daar is mense wat sukkel om te gee omdat hulle negatief is oor die gemeente. Dit kan gekoppel wees aan pt 1 bo (’n gebrek aan persoonlike geloof), maar dit kan ook te doen hê met ander redes soos negatiewe ervarings in die gemeente of dat hulle probleme het met die visie van die gemeente, dit is om te voel dat die gemeente nie werklik met verskilmakende projekte besig is nie.

4. Vertroue in die Gemeenteleierskap
“Zo prediker, zo gemeente” skryf Ds Overduin in *Worden als een man*. “The pastor is the key” sê baie Amerikaners. Al die gesegdes beklemtoon die groot waarheid: Rentmeesterskap kan beter groei in ’n gemeente waar die leierskap die lidmate se vertroue geniet. Leiers kan hier verwys na die predikante en/of die ander leiers in die gemeente.

5. Ervaring van die totale gemeentebediening itv eie behoeftes
“Ministry leads offerings”. Menslike behoeftes begin by die self. Rentmeesterskap kan eers groei wanneer lidmate ervaar dat hulle persoonlike behoeftes vervulling vind. Daar is mense wat nie gee nie of langtand gee omdat hulle ervaar dat die bediening van die gemeente (bv die eredienste, pastoraat, jeugwerk, ens) hulle self nie bereik of help nie. Ons meen dat hierdie tans ’n groot probleem in ons kerk is.

6. Insamelingsisteem en administrasie rondom dankoffers
“People tend to do what is inspected, rather than what is expected,” is ’n waarheid wat selfs binne die liggaam van Christus belangrik is. Daarom is gladde administrasie en deeglike kontole (vir inkomste en uitgawes) ’n integrale deel van Dankoffers en Rentmeesterskap. Ons kan aanvaar dat baie gemeentes sukkel met finansies omdat hulle insamelingsisteem gebreke het.

7. Direkte kommunikasie rondom dankoffers en insameling
Effektiewe kommunikasie uit die Woord en deurlopende inligting oor die groei in die gemeente se visie en bediening is uiters belangrik. Mense wil graag weet wat die resultaat van hulle beleggings (dankoffer) is. Woordverkondiging oor Rentmeesterskap, lidmate se geleentheid tot verbintenis mbt Rentmeesterskap, inligtingstukke ens. is van kardinale belang.

BYLAE 17.2 – FINANSIËLE BESTUURSPLAN VIR GEMEENTES

In die ontwikkeling van ’n Finansiële Bestuursplan vir gemeentes moet sinvolle antwoorde op die volgende vrae gegee word. Daarna kan Doelwitte en Planne ter verbetering beraam en in werking gestel word:

1. Lidmate Statistiek

1.1 Hoeveel lidmate het die gemeente? [ ]

1.2 Hoeveel leraars het die gemeente? [ ]

1.3 Hoeveel lidmate per leraarspos?
[’n Aantal jare gelede het die Sinode 700 lidmate per leraarspos as ideaal genoem. Dit is ook waar dat gemeentes met minder lidmate per leraarspos beter meelewing, erediensbywoning, dankoffers ens. aanteken.]

1.4 Hoe betroubaar is bogenoemde syfers? (Gee ’n % betroubaarheid) [ ]
[Betroubare statistiek is uiters belangrik. As ons nie presies weet wie ons lidmate (“kliënte”) is en wat hulle omstandighede is nie, kan ons hulle mos nie behoorlik bedien nie.]

1.5 Hoe lank gelede is ’n betroubare sensus van lidmate binne die gemeente se geografiese gebied gemaak? [ ]
[’n Kerkraad behoort gereeld ’n opname te maak – sodat ons ook kan weet na wie om uit te reik met die liefde van die Here!]

1.6 Hoeveel lidmate uit ander geografiese gebiede word deur die gemeente bedien? [ ]

2. Eredienste

[Erediensbywoning is, soos dankoffers, ’n aanduiding van hoe dit in die gemeente gaan – maar dis slegs soos die punt van die ysberg – daar is baie ander aanduidings ook.]

2.1 Wat is die gemiddelde % Oggenddiensbywoning (kwartaal-tyd) oor die afgelope 5 jaar?

Jr 1		Jr 2		Jr 3		Jr 4		Jr 5	

[Groei dit? Waarom nie? Wat word daaroor gedoen? Die gemiddeld in die Sinodale streek is 30% wat dui meelewing wat baie moet verbeter]

2.2 Wat is die gemiddelde % Aanddiensbywoning (kwartaal-tyd) oor die afgelope 5 jaar?

Jr 1		Jr 2		Jr 3		Jr 4		Jr 5	

3. Inkomste

3.1 Wat was die totale inkomste (Dankoffers, Erediensoffergawes, Spesiale funksies, ens - maar sonder rente- en kapitale inkomste) oor die afgelope 5 jaar?

Jr 1		Jr 2		Jr 3		Jr 4		Jr 5	

3.2 Wat is die gemiddelde inkomste per lidmaat per jaar oor die afgelope 5 jaar?

Jr 1		Jr 2		Jr 3		Jr 4		Jr 5	

[Verdeel die *inkomste* by 3.1 genoem deur die *lidmaattal* by 1.1]

3.3 Wat was die % groei in inkomste per lidmaat oor die afgelope 5 jaar?

Jr 1		Jr 2		Jr 3		Jr 4		Jr 5	

[Dit is die *groei in die %* by 3.2 genoem. Onthou inflasie in dié tyd was meer as 40 %.]

3.4 Watter % van die lidmate se bruto inkomste word via die gemeente vir die Here se werk gegee?
[Maak ’n skatting van lidmate se gemiddelde inkomste. Die bedrag by 3.2 word daardeur verdeel en as % uitgedruk.]

4. Dankoffers

4.1 Watter Dankoffer insamelingsmetode is in werking?

4.2 Hoe word die stelsel met die lidmate gekommunikeer?

4.3 Watter kontrole maatreëls word ten opsigte van dankofferinsamelings gebruik?

[In ’n gemeente met ideale meelewing behoort geen kontrole nodig te wees nie. Onthou egter: “people tend to do what is inspected rather than what is expected”]

4.4 Hoe effektief is die kontroles?

4.5 Watter % van die lidmate gee gereeld Dankoffer?

4.6 Wat word gedoen t.o.v. lidmate wat nooit of ongereeld dankoffer gee?

[Dis ’n Kerkraad se plig om vas te stel waarom lidmate geen dankoffer gee nie – is dit ’n toewydingsprobleem, het hulle dalk finansiële nood, is hulle dalk ontevrede met iets?]

4.7 Watter terugvoer kry lidmate t.o.v. Dankoffers? (Erkenning, dank, statistieke, begroting en werklike syfers, ens.)

[Erkenning is ’n baie belangrike motiveerder! Bedanking is ’n belangrike deel van erkenning. Daarmee saam is inligting oor wat met die uitvoering van die visie gebeur en hoe fondse aangewend word, voortdurend belangrik!]

5. Offervaardigheid

5.1 Watter gestruktureerde planne t.o.v. die bevordering van Offervaardigheid en Rentmeesterskap word toegepas?

5.2 Hoe effektief is die planne?

5.3 Wat word gedoen om lidmate te lei om hulle Dankofferverbintenis jaarliks, in biddende afhanklikheid van die Here, te hernu?

5.4 Wat word in Eredienste (by die Dankoffertyd) gedoen om Offervaardigheid aan te moedig?

5.5 Wat word gedoen om "Deurkollektes" te verhoog?

5.6 Wat word gedoen om Testamentêre bemakings vir die Here se werk aan te moedig?

6. Begroting

6.1 Hoe word die jaarlikse begroting opgestel?

[Probeer u die Uitgawes tot die minimum beperk en hoop dan dat daar genoeg geld sal inkom? Of kommunikeer u eers die Visie en Uitdagings met die hele gemeente, vra hulle verbintenis - ook finansieel - daarby, en begroot dan die uitgawes volgens die verwagte inkomste?]

6.2 Hoe word die Begroting en Werklike finansiële syfers met die gemeente gekommunikeer?

7. Uitgawe

7.1 Watter % van die gemeente se inkomste (3.1) is oor die afgelope 5 jaar t.o.v. personeelvergoeding aangewend?

Jr 1		Jr 2		Jr 3		Jr 4		Jr 5	

[Die ideaal is dat ’n gemeente so na as moontlik aan 50% van sy Inkomste aan die Here se werk buite die gemeente sal gee. Dan moet personeel uitgawes aansienlik minder as 50% wees. Maar wanneer personeeluitgawes jaarliks ’n groter deel van die inkomste opneem, en veral wanneer dit meer as 65% is, is gevaartekens duidelik!]

7.2 Volgens die Sinodale aanbeveling vir traktement en reiskoste, op watter % daarvan word u leraar(s) vergoed? [ ]
[Dit sou meer, minder of op 100 % kon wees.]

7.3 Op watter % van die aanbevole skale vir Gemeentelike amptenare (bv skriba, koster) word u amptenare vergoed? [ ]
[As u nie die aanbevelings het nie, kan u daarvoor vra by die Sinodale kantoor of die vraag onbeantwoord laat.]

7.4 Wat doen u om uitgawes te beperk (byvoorbeeld kontrole oor fotokopiëring, telefoonoproepe, elektrisiteitsverbruik, eiendomsonderhoud wat deur lidmate self gedoen word, ens.)

7.5 Watter % van die gemeente se inkomste word vir die Here se werk buite die gemeente gegee? [ ]
[Dit sluit Eweredige Bydraes in, asook Sending verbintenisse, Ringsbetrokkenheid, ens. indien dit by 3.1 ingereken is.]

8. Kommunikasie

8.1 Watter metodes van kommunikasie word alles gebruik, bv Verbale en Skriftelike Erediensaankondigings, Maandblad, E-pos, Webblad, selfoon sms, ens

8.1 Hoe effektief is die verskillende metodes.

9. Ampsbediening

Op watter manier word doeltreffendheid van die Ampsbediening in die gemeente geëvalueer?
Ten opsigte van die Leraar(s)

Ten opsigte van die Ouderlinge

Ten opsigte van die Diakens

Ten opsigte van die Dienswerkers

9.2 Watter afleidings kan uit bogenoemde gemaak word?

9.3 Wat word ten opsigte van die groei en verbetering van die Ampsbediening gedoen?

10. Algemeen

Is daar unieke omstandighede in u gemeente wat ’n Finansiële Bestuursplan sal beïnvloed?

BYLAE 17.3 – VOORSTELLE VIR GEBRUIK IN EREDIENSTE MET DANKOFFERTYD

Inleidend:
* Soos **Rentmeesterskap** ’n **integrale deel** van die Bybel en Jesus se leer uitmaak, is dit belangrik dat daar binne elke erediens aan Rentmeesterskap aandag gegee sal word. Met Dankoffertyd kan baie goed hiervoor ruimte gemaak word. Dit sal goed (en Bybels korrek) wees om meer te doen as om net te sê: “Die diakens sal nou die kollekte opneem.”
* Die voorstelle wat hier gegee word, kan op **verskeie plekke in die liturgie** gebruik word; bv as deel van die skuldbelydenis, toewyding, uitsending ens., maar met Dankoffertyd sou dit seker beste pas.
* Uit onderstaande kan uittreksels gemaak word wat op die **Aankondiginge / Bulletin** geplaas word. Probeer om dit te laat aanpas by die Tema van die Erediens. Dankoffers moet komplimenterend inwerk by die hele samehang van die diens – dit moet nie ’n losstaande item wees nie.
* ’n **Diaken** sou ook (selfs voor die opname van Dankoffers) een van die voorstelle kon lees en dan bid om die offers aan die Here te wy.
* **Humor** het ook sy plek as dit sinvol en aktueel en tot opbou van die Erediens is. Daarom word ook ’n aantal voorstelle “op ligter trant” gemaak. *(Meeste van die humor-stukkies is kursief gedruk.)*
* Kort **persoonlike getuienisse** oor Rentmeesterskap en die Here se voorsiening kan ook baie positief binne die Erediens gebruik word.

[Die stukkies wat volg, is by onderwerpe ingedeel sodat dit makliker vir ’n eredienstema gevind kan word.]

1. VERHOUDING MET DIE HERE
[Voordat aan Finansiële Rentmeesterskap gedink kan word, moet ’n mens in die regte verhouding met die Here lewe!]

1.1 Vir Paulus was dit baie belangrik dat mense se **verhouding met die Here** reg sal wees voordat hulle aan Dankoffer dink. Hy noem as voorbeeld die gemeentes in Masedonië: “…eers het hulle hulleself aan die Here gegee en toe aan ons. Dit is soos God dit wil.” (2 Korintiërs 8:5) Hulle het selfs bo vermoë gegee, want “*die skadu van die kruis het oor hulle tjekboeke geval*.”
Gebed: Onse Vader, ons offers is simbool van ons lewens wat ons reeds vir u gegee het.

1.2 **Maartin Luther**, die groot kerkhervormer met die leuse: “*Na duisternis die lig*” (bedoelende dat die hervorming die Bybel se lig laat skyn), het gesê: “Op die **geloofspad** gaan ’n Christen deur 3 bekerings, eers die **verstand**, dan die **hart** (lewe) en uiteindelik die **beursie** – die derde bekering is bewys van ware bekering!”
Gebed: Hemelse Vader, met ons offers bely ons ons geloof in en vertroue op U.

1.3 “Rentmeesterskap is alles wat ’n mens doen **na jy sê ‘Ek glo’**” (Eugene Grimm)
Gebed: Here, ons bring ons offers as teken van ons lewens wat aan u behoort.

1.4 **Jakob** was ’n jongman toe hy van sy ouerhuis moes vlug. Terwyl hy die nag met sy kop op ’n klip geslaap en van ’n leer na die hemel gedroom het, het die Here beloftes van sorg en seën aan hom gegee. Hy het besef dat die Here daar by hom is. Daarna het hy ’n gelofte afgelê: “As U, o God, by my is en my beskerm…., sal U, Here, my God wees, ….en van alles wat U my gee, sal ek vir U ’n tiende gee.” (Genesis 28:15-22)
Gebed: Here, dankie dat u beloftes aan ons waar is – soos aan Jakob. Met ons offers bevestig ons ons geloof in U.

1.5 Nadat **Saggeus** die Here Jesus persoonlik ontmoet het, het sy houding teenoor sy besittings en sy medemense heelteMaleagi verander: “Here, ek gaan die helfte van my goed vir die armes gee, en waar ek iets van iemand afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug.” (Lukas 19:8)
Gebed: Hemelse Vader, vergewe ons elke vorm van oneerlikheid. Ons bring ons offers as teken van opregtheid en ons lewens wat aan u behoort.

1.6 "Die **finansiële krisis in kerke** is die wekroep van 'n groter, dieper probleem – 'n geestelike probleem in die hart van ons gemeenskap. Die beginpunt is bekering. Omdraai, van ons vertroue op onsself, na vertroue op die Here." Loren Mead
Gebed: Here, onse God, die offers wat ons bring is teken daaarvan dat ons nie op onself vertrou nie, maar op U. U is ons lewe!

1.7 Die Britse Raad van Kerke het verklaar: "Ons **verhouding tot God en ons verbintenis aan Christus**, ons liefde vir ons naaste en ons eie geestelike lewe is intiem **verbind met ons houding teenoor ons besittings en geld**, en hoe ons dit aanwend. Geloof en finansies kan nie los gemaak word van mekaar nie."
Gebed: Onse Vader, soos ons gesondheid en lewenskrag van U ontvang, weet ons dat alles wat ons besit, aan U behoort. Ons gee ons offers omdat ons aan U verbind is en in U glo.

1.8 Wanneer 'n man **ryk word**, kry God 'n vennoot of die man verloor sy lewe!

2. PRIORITEITE
[In Finansiële Rentmeesterskap gaan dit om die dinge wat vir 'n mens die belangrikste is.]

2.1 Louis Malherbe het gesê: "'n Mens kan jou **verhouding met die Here sien in jou tjekboek se teenblaaie**." Patrick Morley het dieselfde waarheid anders gestel toe hy oor "Karakter" gesê het: "As ons wil weet wat vir ons belangrik is, moet ons dagboeke en tjekboeke uithaal en kyk hoe ons ons tyd en geld bestee – dis die toets vir ware karakter." Iemand ander het dit so uitgedruk: "Waar jou geld heen gaan wys wie jy vertrou en wat vir jou waarde het."
Gebed: Here, ons dien u graag met ons goed, talente en tyd.

2.2 Om welvarend te wees, is genade van die Here. Dis nie verkeerd om baie bates te hê nie. Dis reg om talente te gebruik, hard te werk en spaarsamig te lewe. **Paulus spoor ons aan om ons bates reg te gebruik**. "Dié wat in hierdie wêreld ryk is, moet jy waarsku om nie hooghartig te wees nie. Hulle moet nie hulle hoop op die onsekerheid van rykdom vestig nie, maar op God wat alles ryklik aan ons gee om te geniet. Spoor hulle aan om goed te doen, om ryk te wees in goeie dade, vrygewig en mededeelsaam. So vergader hulle vir hulle 'n skat as 'n goeie belegging vir die toekoms, sodat hulle die ware lewe sal verkry" (1 Tim 6:17-19) – Bevoorregte mense moet geniet wat hulle het, en deur dit te gebruik om ander gelukkig te maak, sal hulle self meer gelukkig word.
Gebed: Dankie Here, dat U ons met baie vertrou. Ons dien U graag as bestuurders van die goed wat u aan ons toevertrou het.

2.3 Oor die **regte lewensprioriteite** het Jesus geleer: "Julle moet julle dus nie bekommer en vra: 'Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?' nie. Dit is alle dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee." (Matteus 6:31-33)
Gebed: Onse Vader, dis net U wat in 'n mens kan werk om die regte prioriteite te hê. Die offers wat ons bring bevestig ons bereidheid om deur U verander te word.

2.4 Jesus het geleer oor **skatte op die regte plek**: "Moenie vir julle skatte op aarde bymekaarmaak waar mot en roes dit verniel en waar diewe inbreek en dit steel nie. Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar, waar mot en roes dit nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en dit steel nie. Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees." (Matteus 6:19-21)
Gebed: Here, help ons om skatte op die beste plekke te versamel.

3. OFFERVAARDIGHEID
[Iemand het gesê dat mens eers regtig gegee het as jy dit "gevoel" het. Offer vra ook opoffering]

3.1 Winston Churchill het gesê: "You make a living by what you get, you make a life by what you give." Hy het seker iets van Jesus se woorde verstaan: "**Om te gee, maak** 'n **mens gelukkiger as om te ontvang**." (Hand 20:35)

Gebed: Here, dit maak ons lewens gelukkig om vir U en ander te kan gee.

3.2 Die Bybel sê dat ons Dankoffers die Here gelukkig maak: "Julle gawe is voor God 'n **offer met** 'n **lieflike geur**, vir Hom aanneemlik en welgevallig." (Filippense4:18) En "..julle vrygewigheid (het) tot gevolg dat God gedank word… daar (sal) baie wees wat God eer toebring" (2 Korintiërs 8:11,13)

3.3 Die voorbeeld van ons Here Jesus wat Homself ten volle vir ons gegee het, is vir Paulus 'n sterk motivering tot ruim Dankoffers: "Ek geen nie 'n opdrag nie, maar ek wys julle op die ywer van ander om daardeur die opregtheid van julle liefde te toets. Julle ken die genade van **ons Here Jesus Christus: hoewel Hy ryk was, het Hy ter wille van julle arm geword**, sodat julle deur sy armoede ryk kon word." (2 Korintiërs 8:8,9)
Gebed: Onse Vader, dankie dat Jesus ons ryk maak: geestelike en stoflik.

3.4 Die Heilige Gees het die **lidmate van die eerste gemeente** daartoe gebring dat hulle hulle goed met mekaar gedeel het. Sommige het die opbrengs van hulle besittings "…vir die Apostels gegee. Dié het dit dan uitgedeel volgens elkeen se behoefte. Josef 'n Leviet wat op Siprus gebore is en wat deur die apostels Barnabas genoem is – dit beteken iemand wat mense moed inpraat – het ook die grond wat hy gehad het, verkoop en die geld gebring en dit vir die apostels gegee." (Hand 4:35v)
Gebed: Here, ons bid dat die Heilige Gees ons sal lei tot ware Offervaardigheid.

3.5 **Ontvang** wat God jou gee met vreugde**.** **Gebruik** daarvan wat jy nodig het. **Die res** het jou naaste nodig. (Augustinus)

3.6 Die verhaal word vertel van die **brandarm man en vrou wat met Kersfees** graag vir mekaar 'n geskenk wou gee. Die man dink toe: my vrou het hierdie pragtige lang hare. Ek sal my sakhorlosie verkoop om vir haar 'n ordentlike borsel te koop. Die vrou dink weer: my man is so lief vir sy sakhorlosie. Ek sal vir hom 'n ketting daarvoor koop dan kan hy dit in sy sak dra sonder die vrees van verloor. Sy laat toe haar hare afsny en verkoop dit vir geld om die ketting te kry.
Hulle wou elkeen die ander gelukkig maak en het daarom hulle kosbaarste gegee! Dit is offer!

3.7 D L Moody, beroemde Christelike leier het gesê: "**As jy min het, maar tog gee, sal jy meer hê**. Maar as jy baie het en nie gee nie, sal selfs die baie nooit genoeg wees nie."
Gebed: Here, ons gee graag, want dit maak ons gelukkig.

4. BELOFTES
[Die beloftes in die Bybel is waar. Ook mbt Rentmeesterskap kan ons daarop vertrou.]

4.1 Die beloftes wat in die Bybel gegee word vir mense wat **met blymoedigheid hulle Dankoffer volgens vermoë gee**, is oorweldigend: "God is by magte om aan julle **alles** in **oorvloed** te skenk, sodat julle in **alle** opsigte **altyd** van **alles** genoeg kan hê en **volop** kan bydra vir **elke** goeie werk." (2 Korintiërs 9:8)
Gebed: Here, dankie dat u genade en liefde altyd oorvloedig vir ons is.

4.2 Nog 'n **belofte vir mense wat ruim dankoffer gee** (in dié geval met 'n sending perspektief), is Filippense4:19: "My God sal in **elke** behoefte van julle **ryklik** voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus." (lees ook 2 Korintiërs 9:8, Mal. 3:10)
Gebed: Dankie Here, vir u ryklike voorsiening aan ons.

4.3 Die enigste plek in die Bybel waar ons lees dat **die Here sy kinders uitdaag om Hom op die proef te stel**, is in Mal. 3:10. Dit hou verband met Dankoffer wat vir die Here gegee word en sluit 'n kragtige belofte in: "….en toets My hierin, sê die Here die Almagtige. Toets My of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik…."
Gebed: Here, dankie dat u beloftes waar is en dat ons daarop kan staat maak.

4.4 **Spreuke het** 'n **kosbare belofte** vir almal wat die Here met hulle besittings dien: "Vereer die Here met offerandes uit al wat jy besit en met die beste uit jou oes, dan sal jou skure oorvol wees en jou parskuipe oorloop van die wyn." (Spr 3:9,10)

Gebed: Onse Vader, ook wat ons offers betref, bou ons op die beloftes van U Woord. Vergewe ons asseblief ons kleingeloof.

5. EWEWIG

[Finansiële Rentmeesterskap is die Here se manier om ewewig onder mense ten opsigte van materiële besittings te bring.]

5.1 In die oortuiging dat **kinders van die Here op mekaar aangewese is vir materiële ewewig**, het Paulus aangehaal uit die geskiedenis van die Israeliete wat manna in die woestyn versamel het: "Die met baie, het nie te veel gehad nie, en dié met 'n bietjie nie te min nie." Dit het hy geskryf na aanleiding van die waarheid dat die Here van sy kinders verwag om tasbaar vir mekaar om te gee: "Ek bedoel nie dat julle gebrek moet lei om ander te help nie; maar sodat daar ewewig sal wees, moet julle wat nou oorvloed het, dié help wat gebrek lei. Dan, as hulle weer oorvloed het en julle gebrek lei, kan hulle julle weer help. So kom daar ewewig." (2 Korintiërs 8:13-15)
Gebed: Here, help ons om bewus te bly van ander se nood en behoeftes sodat ons iets daaraan kan doen.

5.2 Oor **hulp aan armes** leer Spreuke: "Wie hom oor 'n arm mens ontferm, gee 'n lening aan die Here, en Hy sal hom ten volle vergoed. As jy jou ore sluit vir die hulpgeroep van 'n arm mens, sal jy ook nie antwoord kry as jy roep nie." (Spr 19:17, 21:13)
Gebed: Onse Vader, deel van die offers wat ons bring is om minderbevoorregte mense te help. Ons bid vir wysheid in die regte besteding daarvan.

5.3 Met dankoffertyd is dit goed om Spr. 11:25 en 22:9 te onthou: " Wie 'n ander voorspoed gun, sal self oorvloed hê. Wie die dors van ander les, sal self genoeg kry as hy dors is. **Wie mededeelsaam is**, word geseën, want hy gee sy kos vir arm mense."
Gebed: Dankie Here, U seën ons met al die goeie. Ons wil ook vir ander tot 'n seën wees.

5.4 Wanneer 'n **arm mens van honger doodgaan**, is dit nie omdat God nie vir daardie persoon gesorg het nie. Dit is omdat ons nie instrumente in die hand van God was om vir die armes 'n stukkie brood of klere te gee toe hulle dit nodig gehad het nie. (Moeder Teresa)

5.5 "n Man het gewens hy kan sien **hoe lyk die hemel**. Uiteindelik, eendag, is sy wens in 'n droom vervul. Maar in sy droom sien hy toe eers hoe lyk die hel. Die hel is 'n baie groot plek met lang tafels waarby daar duisende mense sit. Op die tafels is die heerlikste kos, maar die mense daarby is brand maer, honger en lyk siek. By sy navraag hoekom hulle dan nie van die lekker kos eet nie, antwoord een: "Ons kan die kos nie in die mond kry nie, want al waarmee ons kan eet is sulke lang lepels. Dis te lank om die kos in jou mond te kry…" Net daarna, in sy droom, sien die man hoe lyk die hemel. Dis 'n baie groot plek met lang tafels waarby duisende mense sit. Op die tafel is die heerlikste kos en die mense is gesond, gelukkig en versadig. Hy vra toe hoekom hulle wat in dieselfde omstandighede as die mense in die hel is, dan so gelukkig is. "Ons het sulke lang lepels gekry om mee te eet, dan skep ons en voer vir mekaar. So word ons almal versadig!"

6. TEVREDE

[Ten opsigte van Rentmeesterskap leer die Bybel hoe belangrik dit is dat ons tevrede sal wees met wat ons het.]

6.1 **Agur se wysheid** is in Spreuke opgeteken. Onder andere dié waarheid: "Net twee dinge vra ek van U: …moenie toelaat dat ek vals is en lieg nie, moet my nie arm maak of ryk nie, gee my net die kos wat ek nodig het, sodat ek nie te veel het en U verloën en sê: 'Wie is die Here?' nie, en sodat ek nie arm word en steel en my God se Naam oneer aandoen nie." (30:7-9)
Gebed: Here, gee ons elke dag ons daaglikse brood.

6.2 Toe 'n **rykman eendag sterf** het almal gevra: "Hoeveel het hy nagelaat?" 'n Wyse gryse het geantwoord: "Alles!" Dit laat 'n mens dink aan Paulus se woorde: "Die godsdiens is 'n groot wins as iemand tevrede is met wat hy het, want ons het niks in die wêreld ingebring nie; ons kan ook niks

daaruit wegneem nie. As ons dan kos en klere het, moet ons daarmee tevrede wees. Maar dié wat ryk wil word, val in versoeking…. (1 Tim 6:6-9)
Gebed: Here, leer ons om ons talente ten beste te gebruik sonder om in die versoeking van gewetenlose materialisme te verval.

6.3 Met jou dankoffer betuig jy jou dank. Daar is **altyd iets om die Here voor te dank**. Soos die Chinese tannie wat altyd ’n breë glimlag gehad het. Die sendeling vra haar toe: “Jy is altyd so gelukkig en bly en jy het net twee tande?” “Ja, maar hulle sit darem regoor mekaar”, antwoord sy.

7. HOEVEEL?
[Hoeveel moet ons gee is ’n vraag wat meesal gevra word. “n Tiende of “volgens vermoë?]

7.1 Die Ou Testamentiese maatstaf van ’n **tiende vir Dankoffe**r is in die Nuwe Testament bevestig (Matteus 23:23), maar is “bevry” van ’n wettiese “moet” deur die maatstaf van “**elkeen gee volgens sy vermoë**” (1 Korintiërs 16:2, 2 Korintiërs 8:3). So is daar van ons lidmate wie se besteebare inkomste dit (tans) onmoontlik maak om ’n tiende te gee, maar daar is seker ook ander wat veel meer as ’n tiende kan gee, volgens vermoë, selfs twee, drie of meer tiendes.
Gebed: Onse Vader, ons weet dat as ons karig saai, die oes karig sal wees; maar as ons volop saai, sal ons ook volop oes.

7.2 **Vir Jesus was die maatstaf van Dankoffer** nie hoeveel iemand gegee het nie, maar hoeveel hy vir homself oorgehou het – want dit wys hoeveel ’n mens op God vertrou. “Jesus het toe regoor die offergawekis gaan sit en kyk hoe die mense geld daar ingooi. Baie ryk mense het baie geld ingegooi. Daar het toe ’n arm weduwee gekom en twee muntstukkies ingegooi. Dit was baie min werd. Hy het sy dissipels nader geroep en vir hulle gesê: ‘Dit verseker ek julle: Hierdie arm weduwee het meer ingegooi as al die ander mense…. Hulle het almal uit hulle oorvloed iets ingegooi, maar sy het in haar gebrek alles ingegooi wat sy gehad het, alles waarvan sy moes lewe.’” (Mark 12:41-44)
Gebed: Here, ons God, ons bely ons klein geloof wat in ons klein offers sigbaar word. Laat groei tog groter geloof in en vertroue op U.

7.3 Met ’n mens se dankoffer word die waarheid van die natuur (en boerdery) bevestig: “Dink daaraan: wie karig saai, sal karig oes; en **wie volop saai sal volop oes**.” En dan volg die belangrike beginsel dat ’n mens moet dink oor (begroot vir) jou dankoffer: “Elkeen moet gee soos hy in sy hart voorgeneem het, want God het ’n blymoedige gewer lief.” Wanneer ’n mens jou Dankoffer biddende oorweeg, word dit ’n “blymoedige gawe” (2 Korintiërs 9:6,7)
Gebed: Hemelse Vader, dankie dat U oor en oor U genade oorvloedig in ons lewens saai.

7.4 ’n Lidmaat van die Anglikaanse kerk vertel van ’n **aaklige nagmerrie**: “Ek droom dat my salaristjek aan die einde van die maand gelyk is aan 10x my dankoffer vir die maand.”
Gebed: Onse Vader, gee asseblief vir ons genade om weldeurdagte offers te bring.

7.5 Toe iemand aan Dr Etienne Rousseau, toegewyde Christen en voormalige hoof van Sasol, gevra het of ’n mens jou dankoffer moet bereken as persentasie van jou **Bruto- of Netto Inkomste**, was sy antwoord: “Dit hang af of jy Bruto- of Netto- deur die Here geseën wil word.”
Gebed: Here, onse God, dankie dat U ons oorvloediglik seën.

7.6 “Jesus en sy dissipels het **10% as maastaf vir Dankoffer** as ’n basiese standaard aanvaar. Nêrens in die Bybel word minder as 10% as standaard vir Dankoffer voorgestel nie. Die Nuwe Testament leer dat elkeen ‘volgens sy vermoë moet gee’. ’n Tiende bly egter ’n standaard waartoe elke kind van die Here se Dankoffer kan groei.” (Eugene Grimm.)
Gebed: Here, ons God, gee vir ons genade om te dink voordat ons ons dank offer, sodat ons verhouding met U daardeur verstrek word.

7.7 **Dankoffer is** ’n **geloofsdaad waaroor** ’n **mens moet bid, beplan en begroot**. Die Korintiërs het dit geweet: “…die dankoffer wat julle vroeër beloof het (moet) vooraf in orde gebring word. Dan sal dit daar gereed wees as ’n werklike offer van dankbaarheid, en nie as iets wat afgepers is nie.” (2 Korintiërs 9:5)

Gebed: Onse Vader, dit is met dank dat ons, dit wat ons van U ontvang het, aan U offer.

7.8 Sir John Templeton wie se organisasie jaarliks meer as R90 biljoen vir kliënte belê, sê: "Ek het in my jare as beleggingskonsultant 100 000 gesinne leer ken. Ek het altyd **meer geLukas en groter voorspoed** gesien by hulle wat tiendes vir die Here gee, as hulle wat dit nie doen nie."
Gebed: Onse Vader, weerhou ons daarvan om minder as ons vermoë vir U te gee. U het tog alles aan ons toevertrou.

7.9 "Ons **dankoffer moet gebaseer wees op** 'n **persoonlike besluit** oor die deel van ons inkomste wat ons sal gee om ons verbintenis aan die Here, en ons ware dankbaarheid, uit te druk." (Die Britse Raad van Kerke)
Gebed: Onse Vader, toe ons verbintenis met U begin het, het ons houding teenoor geld en besittings verander. Daaom bring ons met dank en vreugde ons offers aan U.

7.10 Oor Dankoffer het Paulus o.a. geskryf: "As die goeie goeie wil daar is en **iemand gee volgens wat hy het**, neem God die gawe aan. Hy verwag nie van hom wat hy nie het nie." (2 Korintiërs 8:12)
Gebed: Hemelse Vader, dankie dat u nie meer van ons verwag as wat U vir ons gee nie.

7.11 As ons **sonder blymoedigheid vir die Here gee** – as ons kwaad of geïrriteerd voel – dan is dit beter om niks te gee nie. Maar dan moet ons verstaan wat dit beteken. Dit wys dat ons steeds onder Mammon se krag is, dat ons ons geld liewer het as vir God, dat ons vergifnis en genade nog nie heelteMaleagi verstaan nie.

7.12 Die **klein gawe van die arm weduwee** (Lukas 21:1-4) hou vir elke gelowige 'n belangrike les in. Ons moet onthou dat die Here op 'n ander manier as mense na ons Dankoffer kyk. Vir mense gaan dit oor bedrae: hoeveel word gegee. Vir die Here gaan dit oor gesindheid en geloofsvertoue: hoeveel word oorgehou.
Gebed: Onse Vader, maak ons gereed om U te ontmoet, ook in die manier en gesindheid wat ons ons offers vir U bring.

7.13 Die dogtertjie het **tien blink Rande** by haar oom gekry en dit onmiddellik begin uitgee: Hierdie een is vir Jesus, hierdie een is vir mamma, pappa, boetie, ens.
Toe sy nog net een Rand oor het, sê sy weer: "Hierdie een is vir Jesus." Haar ma sê toe: "Maar jy het klaar een vir Jesus gegee." "Ja!" antwoord sy, "maar die eerste een het aan Hom behoort, maar hierdie een is 'n present."

7.14 'n Sendeling in Afrika wou sy gemeente **leer oor dankoffers en gee van tiendes**. "As 'n mens 10 koeie het, dan gee jy een vir die Here, en nege is jou eie," sê hy. "Ja, Murutie!" antwoord die gemeente geesdriftig. As jy tien skape het, dan gee jy een vir die Here en nege is joune," gaan hy voort. "Ja!" antwoord hulle, baie blymoedig. Aangemoedig deur hulle entoesiasme: "As jy tien hoenders het, dan gee jy een vir die Here en hou self nege." "Nee, Murutie!" antwoord hulle met oortuiging. "Maar waarom nie?" vra hy. "Ons hét tien hoenders."

8. GELDGIERIGHEID

[Geld as sodanig is nie "sleg" nie – dis by gierigheid en hebsug waar die probleem lê. Gierigheid is dikwels die simptoom van gebrekkige vertroue op die Here.]

8.1 **Geldgierigheid staan dikwels teenoor ruim offervaardigheid**. Paulus het reeds vir Timoteus daarteen gewaarsku: "Dié wat ryk wil word, val in versoeking. Hulle loop hulle vas in die strik van baie sinlose en skadelike begeertes waardeur mense in verderf en ondergang gestort word. Geldgierigheid is 'n wortel van allerlei kwaad. Party het geld nagejaag en toe van die geloof afgedwaal." (1 Tim 6:9,10)
Gebed: Here, vergewe ons ons gierigheid wat vir ons soms ellende bring. Help ons om U meer te vertrou.

8.2 Wanneer 'n mens tot bekering kom en jou sondige natuur deur Christus verander word, sal jy ander prioriteite kry. Soos Paulus aan die Kolossense skryf (3:5): "Daarom moet julle die aardse dinge

doodmaak wat nog deel van julle lewe is… en **gierigheid, wat afgodery is**." Want gierigheid dui daarop dat mens jou vertroue op geld, eerder as op die Here stel.
Gebed: Here, wanneer ons ons offers bring, bid ons dat u ons streker sal maak teen ons sondige natuur wat ons gierig na geld en besittings wil maak.

8.3 **Jesus het dringend gewaarsku teen gierigheid**: "Pas op en wees op julle hoede vir elke vorm van gierigheid, want 'n mens se lewe is nie afhanklik van die oorvloed van sy besittings nie." (Lukas 12:15) Daarna het Hy die gelykenis van die ryk dwaas vertel. Die man "se lewe is van hom opgeëis" pas nadat hy baie skatte versamel het. "So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is by God nie," het Jesus gesê.
Gebed: Here, wanneer ons ons dankoffer aan u gee, bid ons dat u ons sal bewaar van elke vorm van gierigheid.

8.4 Die Hebreër-skrywer het in sy praktiese aanwysings oor die Christelike lewenswandel, gesê: "**Hou julle lewe vry van geldgierigheid**; wees tevrede met wat julle het. God self het geê: 'Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie'" (Hebr 13:5)
Gebed: Here, wanneer ons ons offer bring, vra ons u om ons te weerhou van geldgierigheid,

8.5 'n **Joodse legende vertel van** 'n **baie ryk, eensame man** wat by die Rabbi kom raad vra. Die rabbi neem hom toe na 'n venster en vra: "Wat sien jy?" Die rykman antwoord: "Mense." Hy neem hom toe na 'n spieël en vra: "Wat sien jy?" "Ek sien myself." "Ja," sê die rabbi, "in die venster en die spieël is glas. Maar die spieël is bedek met 'n laag silwer. Wanneer die silwer bykom sien 'n mens nie meer die ander nie maar net jouself."

9. ALGEMEEN

9.1 Die Bybel stel Rentmeesterskap voor as die **twee kante van dieselfde muntstuk**. Die een kant is die vreugde en seën daarvan om lid van God se huishouding te wees; aan die ander kant is ons nie eienaars of besitters nie. Eerder is ons "bestuurders" van alles wat die Here aan ons toevertrou het, in die verwagting dat ons volgens God se plan sal bestuur en nie net vir ons eie voordeel nie.

9.2 Ps 24:1 Herinner ons daaraan dat alles aan die Here behoort. Ons is bestuurders daarvan.
"Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here." En Haggai (2:8) bevestig dit: "Aan My behoort al die silwer, aan My al die goud, sê die Here die Almagtige."
Gebed: Here, ons erken dat alles, alles aan u behoort. Dankie dat u ons vertrou om bestuurders van U eiendom en U aarde te wees.

9.3 Kerke waar lidmate **relatief groot Dankoffers** gee, besef dat mense nie hulle dankoffer sal verhoog nie, tensy iemand hulle jaarliks vra om dit te doen. Daardie Kerke weet dat Christene graag vir die Here gee en positief reageer as hulle op die regte manier gevra word. Daar sal net genoeg geld wees om die missie waartoe die Here die Kerk roep, uit te voer, indien **lidmate gevra en aangemoedig word om te groei in hulle dankoffer.** (Eugene Grimm)
Gebed: Here, maak ons tervrede met dit wat U vir ons gee, sodat ons ons welvaart kan gebruik om ook ander gelukkig te maak.

9.4 **As mens getrou is in die klein dinge kan die Here jou vertrou met groot dinge**. "Wie in die kleinste dinge betroubaar is, is ook in die groot dinge betroubaar; en wie in die kleinste dinge oneerlik is, is ook in die groot dinge oneerlik. As julle dan nie betroubaar is in die hantering van die oneerlike mammon nie, wie sal die ware rykdom aan julle toevertrou?" Lukas 16:10-11
Gebed: Hemelse Vader, ons wil U alléén en heelhartig dien – ook in die manier waarop ons die besittings wat u aan ons gegee het, bestuur.

9.5 Die bekende **Willow Creek Community Church het sewe stappe** hoe om 'n ongelowige te begelei tot 'n toegewyde volgeling van Jesus Christus. Die sewende stap is: "Leer gelowiges oor hulle verantwoordelikheid om hulle geld en bates op 'n God-verheerlikende manier te bestuur. Elke

gelowige moet besef dat Rentmeesterskap deel is van Dissipelskap en dat Dankoffer deel van aanbidding is."
Gebed: Here, met ons offers aanbid ons U. Want uit U, en deur U, en tot U is alle dinge.

9.6 Die dogtertjie loop en speel met haar twee R5-stukke (die een "kerkgeld" en die ander haar eie) op pad kerk toe. Een van die R5-stukke val uit haar hand uit en rol tot in 'n mangat. Sy kyk dit so meewarig agterna en sê: "Ag siestog, **kyk waar val die Here se R5 nou**!"

9.7 Die bewys van jou naasteliefde lê nie net in wat jy doen met jou miljoen nie. Dit sal ook wys in jou oop hand met jou maand se laaste twintig Rand. [Anoniem]

9.8 Die Dominee kom een Sondag beswaard op die Preekstoel. "**Ek het slegte nuus, goeie nuus en nog slegte nuus**", sê hy vir die gemeente. "Die slegte nuus is dat die Kergebou ernstige herstelwerk benodig. Dit sal baie, baie geld kos," gaan hy voort. "Maar die goeie nuus is dat ons reeds die geld vir die herstelwerk het!" "Die slegte nuus is egter dat die geld nog in julle sakke is!"

9.9 "Rentmeesterskap sluit in: Hoe **bekom** ons die geld wat ons kry; Hoe **gee** ons die geld wat ons het; Hoe **bestee** ons die geld wat ons hou." (Dick Armstrong)
Gebed: Almagtige God, ons besef dat U alles van ons weet en ken. Ontvang daarom die offers wat ons aan U bring en wat ons gee sodat U Koninkryk kan kom.

9.10 Die dominee word genooi om by 'n ander gemeente te gaan preek en neem sy sesjarige seuntjie saam. Toe hulle by die kerk ingaan sien hulle 'n offerbussie waarop "Sending" staan. Die dominee gooi toe 'n R50-noot daarin. Na die diens sê een van die ouderlinge in die konsistorie: "Dominee, die gemeente het nie fondse om die predikers te betaal nie, maar ons het die gebruik om dit wat ookal in die sendingbussie is, te gee." En so kry hy weer sy R50 terug. Op pad huis toe sê sy seuntjie: "**Pa, as jy meer ingesit het, het jy meer uitgekry**!!"

9.11 Die R50-noot is baie lelik met die R20 en sê: "Ek is tog baie meer werd as jy". "Dis seker so", sê die R20, "maar ek kom darem baie meer in die kerk as jy."

9.12 Ondervinding in Christelike gemeentes oor die hele wêreld het bewys dat **kinders van die Here graag vir die Here gee,** en dat hulle by hulle Dankoffer-voorneme bly tensy iets onverwags gebeur wat dit onmoontlik maak. (Eugene Grimm)
Gebed: Here, dit is met dankbaarheid dat ons ons Dankoffer aan U gee sodat U Koninkryk kan kom.

9.13 "Benewens die planmatige lering oor Christelike vrygewigheid, is die minste, waarsonder geen christelike gemeente kan voortbestaan nie, 'n **program waarin lidmate jaarliks tot** 'n **nuwe dankoffer-verbintenis gelei wor**d." (Loren Mead)

9.14 Ons **God is** 'n **God wat gee!** Mense wat aan Hom behoort word mense wat gee. Mense wat net wil hê, se natuur is sonder God. (JP Versteeg, Nederlandse Teoloog)

9.15 **Die enigste ware sekuriteit is by die Here** – soos Ps 46 leer. (God is vir ons 'n toevlug en 'n beskerming…) Van tyd tot tyd moet elkeen van ons dink oor ons ewige bestemming en die "skatte" wat ons daar het. Een van die maniere waarop 'n mens "skatte in die hemel" kan versamel, is deur 'n **testamentêre bemaking** vir Konikrykswerk te bepaal – hetsy in die gemeente of in wyer Kerklike verband.
Gebed: Here, U is vir ons 'n toevlug en beskerming. Gee genade dat ons op baie maniere skatte in die hemel sal versamel.

9.16 Ons dink soms dat die Bybel nie baie met geld te doen het nie. Die teendeel is egter waar. **In die Bybel is daar baie verwysings na geld en die regte gebruik daarvan:**
* Daar is 500 verse oor gebed, minder as 500 oor geloof, maar 2350 verse oor geld en besittings
* In die 4 Evangelies handel een uit elke tien verse (288) direk oor geld

* 16 van die 38 Gelykenisse wat Jesus vertel het, handel oor die rege aanwending van geld en besittings.
* Naas die Koninkryk van God as onderwerp, het Jesus die heel meeste oor geld en besittings gepraat.
Gebed: Here, ons bring ons offfers aan u met die bede dat u ons sal help om op die regte manier (soos U) oor geld en besittings te dink.

9.17 Die Bybel leer ons oor die **posisie van leraars**:
In die Ou Testament is die grootste deel van die verpligte offers (tiendes) gebruik vir die "instand-houding van die Erediens" en die lewensonderhoud van die priesters. Die Nuwe Testament sluit daarby aan:
"Ons het vir julle die geestelike saad gesaai, is dit dan te veel gevra as ons van julle die stoflike lewensonderhoud sou inoes?" (1 Korintiërs 9:11)
"Iemand wat onderrig ontvang in die woord van God, moet sy leermeester laat deel in al die goeie dinge wat hy het." (Gal. 6:6)
"Die ouderlinge wat goeie leiding gee, behoort dubbele erkenning te kry, veral die wat hard werk deur te preek en onderrig te gee." (1 Tim 5:17)
Gebed: Here, ons dank u vir ons leraars en voorgangers. Ons bid dat u hulle sal seën en wysheid sal gee sodat hulle ons in U volle waarheid kan lei.

BRUIKBARE AANHALINGS
Gee aan die Here wat reg is, nie wat oor is nie.
Baie kniel sal jou laat regop staan.
Iemand wat voor God kniel kan voor enige mens staan.
Moenie 'n vraagteken plaas waar God 'n punt gesit het nie.
Die Here wil meer as aandele in jou lewe hê, Hy wil die beherende belang hê.
As 'n man ryk word, kry God 'n vennoot óf die man verloor sy lewe.
Moenie wag totdat ses sterk mans jou kerk toe vat nie.
Beplan vooruit – dit was mooi weer toe Noag die ark gebou het.
Baie mense wil die Here dien, maar net in raadgewende hoedanigheid.
Dissipline weeg in gramme, maar verwyte weeg in kilogramme.
Doen daagliks oefening – wandel met die Here.
Toevalligheid is wanneer God kies om anoniem te bly.
Wysheid het twee dele: 1) Jy het baie om te sê; 2) Jy sê dit nie.
Moenie die duiwel oplaai nie, hy wil altyd bestuur.
'n Skoon gewete is 'n sagte kussing.
Dis moeilik om liefde en goedheid weg te gee, dit kom aanmekaar terug.
Wie jou kwaad maak, beheer jou.
God roep nie bekwames nie, Hy bekwaam hulle wat Hy roep.
Wees julle vissers van mense, vang hulle – die Here sal hulle skoon maak.
As God jou mede-vlieënier is, is dit tyd om plekke te ruil.

BYLAE 17.4 – DIE WOORD VAN GOD OOR RENTMEESTERSKAP (EN DANKOFFERS)

Die Bybelse begrip Rentmeester (oikosnomos = bestuurder van ’n ander se eiendom) verwys na ons Verantwoordelikheid vir God se hele skepping. Gelowiges is bestuurders wat God se Koninkryk op elke terrein moet laat kom. Dit omvat Gawes (talente), Geleenthede (tyd), Geld en Grond (ekologie). ’n Baie belangrike deel, is die manier waarop ons met ons geld en besittings omgaan.

Naas die Koninkryk van God, is die een onderwerp waaroor die meeste in die Bybel gepraat word, **geld en die regte gebruik daarvan**. In die Bybel is daar 500 verse oor gebed, minder as 500 oor geloof, maar 2350 verse oor geld en besittings. In die Evangelies handel 10% van die verse (288) direk oor geld. Sestien van Jesus se 38 gelykenisse handel oor die regte aanwending van geld en besittings.

Beide **Ou en Nuwe Testament** handel hieroor. Hoewel Ou en Nuwe Testament nie te skei is nie, moet ons wel onderskei. Die Ou Testament het wetsvoorskrifte wat die Israeliete **dwing**. Die Nuwe Testament se gelowige is vrygemaak van die dwang van die wet, maar die liefde van Christus en sy dankbaarheid **dring** hom.

1. Offergawe in die OT

Van die vroegste tye af het mense offers aan die Here gebring (Kain, Abel, Noag, Abraham).
Vanaf Moses se tyd is dit georganiseer. Behalwe ’n verskeidenheid van offergebruike, moes die Israeliete ook die volgende gehoorsaam:

1.1 Opofferinge teenoor die naaste (waardeur ewewig behou is)
1.1.1 Kwytskelding elke sewende jaar (Deut. 15:1-6)
1.1.2 Afskryf van skuld in die jubeljaar (50ste) (Lev 25:23-55)

1.2 Vrywillige geleentheidsoffers by bou van Tabernakel en Tempel (Ex. 25,35; 1 Kron. 29)

1.3 Tiendes
1.3.1 Een tiende is jaarliks na die tempel gebring (Deut 14:22-27)
1.3.2 Elke derde jaar is ’n tweede tiende gegee (Deut 14:28-29, 26:12)
1.3.3 Met die koms van die Koningskap (Saul, Dawid, ens) is ’n verdere tiende deur die staat gehef (1 Sam 8)
Totaal tiendes dus: Jaarliks 2/10 (vir Here en staat), driejaarliks 3/10.

Opsommend:
Wetlik is vasgelê en gereël dat ’n aansienlike deel van inkomste vir godsdienstige doeleindes gegee is. Uit wat gegee is, is ’n ruim deel aangewend vir “die instandhouding van die Erediens”

2. Offergawe in die NT
Jesus het in sy prediking klem gelê op dankbaarheid en “gee”. Hy het die Ou Testament norme gehandhaaf. Bv. Matteus 23:23 *Hierdie dinge (tiendes gee ens.) behoort hulle te doen, sonder om die ander na te laat.* Hoewel Christus die Ou Testament eerbiedig, het hy dit nie normatief gemaak vir die Nuwe Bedeling nie. Daar is **nie wetsvoorskrifte** vir die NT-gelowige oor Dankoffer nie (Daar is egter ook nie ’n wet dat die sondaar hom moet bekeer nie!) Dankoffer wat opoffering uit dank vir genade weerspieël, is in die Nuwe Testament ’n belangrike uitgangspunt. **Die beginsel van “gee volgens vermoë” word beklemtoon.**
Ons word nie gered **deur** goeie werke nie, maar wel **vir goeie werke**!

Wat leer ons uit die Bybel?

A. Paulus en die Korintiërs

A1 – 2 Korintiërs 8:5bc – Macedoniërs het uit hulle armoede oorvloedig gegee. Dit was meer as wat ons verwag het, want **eers het hulleself aan die Here gegee** en toe aan ons. Dit is soos God dit wil.

Hy noem hoe belangrik die _____ met die _____ is.
Rentmeesterskap begin by verbintenis aan die Here!

A2 – 1 Korintiërs 16:1-2 Wat die kollekte vir die gelowiges in Jerusalem betref, moet julle ook **maak soos** ek dit in die gemeentes van Galasië **gereël** het. Elke Sondag moet elkeen van julle na sy vermoë tuis iets opsy sit en dit opspaar, sodat die geldinsameling nie eers plaasvind as ek kom nie.

Gee _____ en volgens_____ (Begroting is belangrik)

A3 – 2 Korintiërs 8:12 - As die goeie wil daar is en iemand gee volgens wat hy het, neem God die gawe aan. Hy **verwag nie van hom wat hy nie het nie**.

** Vrywillige _____ volgens _____*

---

2 Korintiërs 8:13-15 - Ek bedoel nie dat julle gebrek moet ly om ander te kan help nie; maar sodat daar ewewig sal wees, moet julle wat nou oorvloed het, dié help wat gebrek ly. Dan, as hulle weer oorvloed het en julle gebrek ly, kan hulle julle weer help. So kom daar ewewig. Daar staan ook geskrywe: "Dié met baie, het nie te veel gehad nie, en dié met 'n bietjie, nie te min nie."
2 Korintiërs 9:10 - God wat saad verskaf om te saai en brood om te eet, sal ook aan julle saad gee en dit laat groei en julle vrygewigheid 'n ryk oes laat oplewer.

** Geen _____ maar streef na _____ omdat die Here se _____ genoegsaam is*

A4 – 2 Korintiërs 9:5, 7 - Daarom het ek dit noodsaaklik geag om die broers aan te spoor om vooruit na julle toe te gaan. Hulle moet die dankoffer wat julle **vroeër beloof** het, vooraf in orde bring. Dan sal dit daar gereed wees as 'n werklike offer van dankbaarheid, en nie as iets wat afgepers is nie. Elkeen moet gee soos hy hom **in sy hart voorgeneem** het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.

Hulle moet hulle gawe goed _____ in afhanklikheid van die Here.
Vir dankoffer is "begroting" noodsaaklik - dan word dit "blymoedige offers".

B. Wat gebeur as mense die Here se seën ervaar?

B1 – Genesis 14:18-20 Melgisedek, koning van Salem en priester van God die Allerhoogste het vir Abraham kos en wyn gebring en hom geseën: " Mag Abram geseën word deur God die Allerhoogste, Skepper van hemel en aarde. Geloof sy God die Allerhoogste! Hy het jou vyand in jou mag oorgegee." Toe het Abram vir Melgisedek 'n tiende van alles gegee.

Abraham het _____ aan Melgisedek gegee nadat hy hom nms die Here _____ het.

B2 – Genesis 28: 20-22 Jakob het toe 'n gelofte afgelê en gesê : " As U, o God, by my is en my beskerm op my reis en vir my kos en klere gee, sodat ek behoue terugkom by my ouerhuis, sal U, Here, my God wees.

Hierdie klippilaar wat ek regop gesit het, sal ’n tempel wees, en van alles wat U my gee, sal ek vir U ’n tiende gee.”

Jakob het die Here in ’n droom by Bet-el ervaar en toe beloof om _____ van alles vir die Here te gee.

B3 – Lukas 19 : 1-11 Jesus het in Jerigo gekom en was op pad deur die stad. Daar was ’n man met die naam Saggeus, die hooftollenaar, ’n ryk man. Hy het geprobeer om Jesus te sien, maar weens die skare kon hy nie, omdat hy te kort was. Hy hardloop toe vooruit en klim in ’n wildevyeboom om Jesus te kan sien, want Hy sou daar verbygaan. Toe Jesus by die plek kom, kyk Hy op en sê vir hom : “Saggeus, kom gou af , want Ek moet vandag in jou huis tuis gaan.” Hy het toe gou afgeklim en Jesus met blydskap ontvang.” Almal wat dit gesien het, het beswaar gemaak en gesê: “Hy gaan by ’n sondige man tuis!” Maar Saggeus het opgestaan en vir die Here gesê: “Here ek gaan die helfte van my goed vir die armes gee, en waar ek iets van iemand afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug “

Saggeus het die _____ van alles gegee, en die foute van die verlede _____, nadat hy Jesus van aangesig tot aangesig ontmoet het.

B4 – Mark 12: 41- 44 Jesus het toe regoor die offergawekis gaan sit en kyk hoe die mense geld daar ingooi. Baie ryk mense het baie geld ingegooi. Daar het toe ’n arm weduwee gekom en twee muntstukkies ingegooi. Dit was baie min werd. Hy het sy dissipels nader geroep en vir hulle gesê: “Dit verseker Ek julle: Hierdie arm weduwee het meer ingegooi as al die ander mense wat iets in die offergawekis gegooi het. Hulle het almal uit hulle oorvloed iets ingegooi, maar sy het in haar gebrek alles ingegooi wat sy gehad het, alles waarvan sy moes lewe.”

Die arm Weduwee het die Here so volkome _____ dat sy “alles” _____ het

---

C. Here se beloftes wat aan milddadigheid verbind is, bly waar.

C1 – Maleagi 3: 10 Bring die volle tiende na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete in my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die Almagtige. Toets My of Ek nie die venster van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie.

Die Here belowe _____ en _____ Homself daartoe

C2 – 2 Korintiërs 9: 8,11 En God is by magte om aan julle alles in oorvloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk, Hy maak julle altyd in alles ryk genoeg om by elke geleentheid vrygewig te kan wees. Hy maak julle altyd in alles ryk genoeg om by elke geleentheid vrygewig te kan wees.

Aan die Korintiërs word _____ beloof sodat hulle nog meer kan _____

C3 – Filippense4: 18,19 Julle gawe is voor God 'n offer met 'n lieflike geur, vir Hom aannemlik en welgevallig. En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus.

Vir die Filippense sal die Here in elke _____ _____ voorsien.

C4 – Matt 6:33 Beywer julle allereers vir die Koninkryk van God en vir die wil van God, dan sy Hy julle ook al hierdie dinge (kos, klere ens.) gee.

Ywer vir God se Koninkryk _____ vervulling van behoeftes.

C5 – 2 Korintiërs 9:7 Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.

Weldeurdagte dankoffers bring _____ en verseker van God se _____

D. Wat leer die Bybel oor 'n Tiende as Maatstaf vir Dankoffer?

D1 – Deuteronomium 14: 23b Jy moet die tiende opsy sit van jou koring, jou wyn en jou olie en dan ook nog die eersteling van jou grootvee en jou kleinvee, sodat jy kan leer om die Here jou God altyddeur te eer.

– 'n Tiende leer mens om die Here _____ te _____.

D2 – Levitikus 27: 30,32 "Een tiende van die produkte van die land behoort aan die Here, of dit nou graan of vrugte is. Dit is aan die Here gewy." " Een tiende van die beeste en kleinvee behoort aan die Here. Al die diere moet getel word, en al om die tiende dier wat verbykom, moet vir die Here aangekeer word."

'n Tiende _____ aan die Here

D3 – Maleagi 3: 10 Bring die volle tiende na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete in my huis kan wees en toets My hierin, sê die Here die Almagtige. Toets My of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie…

'n Tiende is _____ aan _____ seën

D4 – Matt 23:23 " Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle gee tiendes van kruisement, anys, en koljander, maar wat volgens die wet van God die swaarste weeg, laat julle na: geregtigheid, barmhartigheid en betroubaarheid. Juis hierdie dinge moet 'n mens doen en die ander nie nalaat nie.

'n Tiende is _____ aan die Here se _____.

E. Die uitwerking van dankoffer volgens vermoë

E1 – Deuteronomium 16: 16b- 17 "Die volk mag nie sonder offers in die teenwoordigheid van die Here verskyn nie. Elkeen moet 'n geskenk bring in die mate waarin die Here jou God jou voorspoedig gemaak het. "

Israeliete moes met 'n _____ (volgens vermoë) na Here gaan

E2 – Deuteronomium 16: 10, 12 In die mate waarin die Here jou God jou met voorspoed geseën het, moet jy 'n vrywillige offer vir Hom bring. Jy moet altyd onthou dat jy 'n slaaf was in Egipte. Onderhou al hierdie voorskrifte en leef daarvolgens."

Bring van offers (volgens vermoë), was 'n herinnering aan _____

E3 – Spreuke 3: 9-10 Vereer die Here met offerandes uit al wat jy besit en met die beste uit jou oes, dan sal jou skure oorvol wees en jou parskuipe oorvol van die wyn

Oorvloedige seën word _____

E4 – Filippense 4: 16 –18 Julle het iets vir my (Paulus) behoeftes gestuur. Dit gaan vir my egter nie om die gawe nie, maar om die vrug daarvan: daardeur word julle self ryker. Julle gawe is voor God 'n offer met lieflike geur, vir Hom aanneemlik en welgevallig.

Offers aan die Here maak 'n mens self _____

E5 – 2 Korintiërs 8: 12-14 As die goeie wil daar is en iemand gee volgens wat hy het, neem God die gawe aan. Hy verwag nie van hom wat hy nie het nie. Ek bedoel nie dat julle gebrek moet ly om ander te kan help nie; maar sodat daar ewewig sal wees, moet julle wat nou oorvloed het dié help wat gebrek ly. Dan, as hulle weer oorvloed het en julle gebrek ly, kan hulle julle weer help. So kom daar weer ewewig.

Gee volgens vermoë bring _____ en is 'n goeie belegging vir die _____

F. Die Here gee 'n nuwe denkwyse.

F1 – 2 Korintiërs 8:1-5 - Broers, ons wil hê julle moet weet van die genade wat die **gemeentes in Masedonië** van God ontvang het. Al was hulle swaar beproef deur verdrukking, hulle blydskap was oorvloedig; en al was hulle baie arm, hulle was ryk in hulle oorvloedige vrygewigheid. Ek verseker julle hulle het na vermoë, ja, bo vermoë, bygedra. Uit eie beweging het hulle by ons daarop aangedring om te mag deel in die liefdeswerk van hulpverlening aan die gelowiges in Judea. Dit was meer as wat ons verwag het, want eers het hulle hulleself aan die Here gegee en toe aan ons. Dit is soos God dit wil.

Offers versterk 'n mense se _____ met die Here.

F2 – Handelinge 20: 35 Onthou die woorde van die Here Jesus. Hy het self gesê: "Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang."

Gee maak _____

F3 – 1Timoteus 6: 17-19 Dié wat in hierdie wêreld ryk is, moet jy waarsku om nie hooghartig te wees nie. Hulle moet nie hulle hoop op die onsekerheid van rykdom vestig nie, maar op God wat alles ryklik aan ons gee om te geniet. Spoor hulle aan om goed te doen, om ryk te wees in goeie dade, vrygewig en mededeelsaam. So vergader hulle vir hulle 'n skat as 'n goeie belegging vir die toekoms, sodat hulle die ware lewe sal verkry

Welvarende mense kan God se Gawes gebruik om _____ in die hemel te _____

F4 – Lukas 12:32-34 " Moenie bang wees nie, klein kuddetjie, want dit was die wil van julle Vader om die koninkryk aan julle te gee. "Verkoop julle besittings en gee bydraes vir die armes. Skaf vir julle 'n beurs aan wat nie leeg raak nie, 'n onuitputlike rykdom in die hemel, waar geen dief dit kan bykom en geen mot dit kan verniel nie. Waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees."

Waar jou _____ is (God s'n en ons eie), daar sal jou _____ wees

---

F5 – Lukas 16: 13 "Geen huisbediende kan vir twee base tegelyk werk nie, want hy sal óf die een minder ag en die een hoër, óf vir die een meer oorhê en die ander een afskeep. Julle kan nie God én Mammon dien nie."

Kry die regte _____

G. Waarvoor moet dankoffers aangewend word

G1 – Ou Testament: Priesterdiens (Instandhouding van "Erediens")
Numeri 5:9,10 Die offergawes wat die Israeliete na die priester toe bring vir die diens van die Here, behoort aan die priester. Die gewyde gawes wat iemand bring, bly sy eie, maar wat die priester toekom, moet aan hom gegee word.
Numeri 18:21 Vir die dienswerk wat die Leviete in die tent van ontmoeting verrig, gee Ek aan hulle as hulle besitting al die tiendes wat die Israeliete as offergawes bring.
2 Konings 12:16 Die geld vir skuldoffers en sondeoffers is nie in die huis van die Here gebring nie; dit was vir die priesters bestem.

Die mense in die Here se diens, se lewensonderhoud het uit _____ gekom.

G2 – Nuwe Testament - Geestelike groei (Instandhouding van "Erediens")
Matteus 10:10 En moenie vir die pad (waarop die Evangelie gebring word) 'n reissak aanskaf of nog 'n kledingstuk of skoene of 'n stok nie. 'n Arbeider is tog geregtig op onderhoud.
1 Korintiërs 9:14 So het die Here ook bepaal dat dié wat die evangelie verkondig, hulle lewensonderhoud uit die verkondiging van die evangelie moet ontvang.
Galasiërs 6:6 Iemand wat onderrig ontvang in die woord van God, moet sy leermeester laat deel in al die goeie dinge wat hy het.
1 Timoteus 5:17,18b Die ouderlinge wat goeie leiding gee, behoort dubbele erkenning te kry, veral dié wat hard werk deur te preek en onderrig te gee, en die Skrif sê: "Die arbeider is geregtig op sy loon."

Geestelike werkers se lewensonderhoud kom van: _____

G3 – Versorg behoeftiges
Deuteronomium 26:12 Jy moet 'n tiende van die opbrengs van jou land opsy sit…. Dan moet jy dit gee aan die Leviet, die vreemdeling, die weeskind en die weduwee dat hulle in jou stede genoeg kan hê om te eet.

Matteus 25:37-40 Dan sal dié wat die wil van God gedoen het, Hom vra: "Here, wanneer het ons U honger gesien en U gevoed, of dors en U iets gegee om te drink? En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien en U gehuisves, of sonder klere en vir U klere gegee? Wanneer het ons u siek gesien of in die tronk en U besoek?" En die Koning sal hulle antwoord: 'Dit verseker ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.'

Barmhartigheid aan mense is soos 'n daad aan die _____ self

G4 – Uitbreiding van Gods Koninkryk

Matteus 28:19-20a Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het." Romeine 10:13-15 Want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie? Daar staan ook geskrywe: "Hoe wonderlik klink die voetstappe van dié wat die goeie boodskap bring."

Sending en Evangelisasie is die _____ van die _____

H. Hoe Paulus gelowiges gemotiveer het.

H1 – 2 Korintiërs 8:9 Julle ken die genade van ons **Here Jesus Christus**: hoewel Hy ryk was, het Hy ter wille van julle arm geword, sodat julle deur sy armoede ryk kon word.

Hy noem die voorbeeld van _____

H2 – 2 Korintiërs 8:1-4 - Broers, ons wil hê julle moet weet van die genade wat die **gemeentes in Masedonië** van God ontvang het. Al was hulle swaar beproef deur verdrukking, hulle blydskap was oorvloedig; en al was hulle baie arm, hulle was ryk in hulle oorvloedige vrygewigheid. Ek verseker julle hulle het na vermoë, ja, bo vermoë, bygedra. Uit eie beweging het hulle by ons daarop aangedring om te mag deel in die liefdeswerk van hulpverlening aan die gelowiges in Judea.

'n Ander _____ se voorbeeld word genoem

H3 – 2 Korintiërs 9:11b-12 Deur ons bemiddeling het julle vrygewigheid tot gevolg **dat God gedank word**, want die bediening van hierdie hulpbetoon voorsien nie alleen in die behoeftes van die gelowiges in Judea nie, maar bring ook oorvloedige dankbaarheid teenoor God mee.

Die Here sal _____ word, waar mense _____ word

H4 – 2 Korintiërs 9:13 - Deur hierdie duidelike bewys van julle bereidheid om te dien, sal daar baie wees wat aan God eer toebring. Hulle sal Hom prys oor **julle gehoorsaamheid aan die evangelie van Christus** wat julle bely, en oor julle opregte mededeelsaamheid teenoor hulle en teenoor al die ander.

Dit sal die _____ van hulle _____ bewys.

H5 – 2 Korintiërs 9:6 Dink daaaraan: wie karig **saai,** sal karig oes; en wie volop saai, sal volop oes.

Hy gebruik 'n bekende beeld uit die _____ met die belofte van vermeunigvuldiging.

I. Die gevare van geldgierigheid (sekuriteit in besittings)

I1 – 1 Timoteus 6:10 Geldgierigheid is 'n wortel van allerlei kwaad. Party het geld nagejaag en toe van die geloof afgedwaal; daardeur het hulle hulleself baie ellende op die hals gehaal.

Geldgierigheid is 'n belangrike _____ van afdwaling.

I2 – Hebreërs 13:5 Hou julle lewe vry van geldgierigheid; wees tevrede met wat julle het. God self het gesê: "Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie."

Die Here bly jou by, as jy vry is van _____.

I3 – Prediker 5:9 Die mens vir wie geld alles is, het nooit genoeg geld nie; die mens vir wie rykdom alles is, kry nooit genoeg in nie.

Die suigkrag van _____ is oorheersend sterk.

I4 – Lukas 12:15 Toe sê Jesus vir hulle: "Pas op en wees op julle hoede vir elke vorm van gierigheid, want 'n mens se lewe is nie afhanklik van die oorvloed van sy besittings nie. (En dan volg die gelykenis van die ryk dwaas.)

Geld gee (valse) _____ en is daarom so aanloklik.

I5 – Efesiërs 5:5 Dit moet julle goed besef: iemand wat ontug pleeg, onsedelik lewe of 'n gierigaard is – want gierigheid is afgodery – het nie deel aan die Koninkryk van Christus en van God nie. Kol 3:5 Julle moet die aardse dinge doodmaak wat nog deel van julle lewe is…. gierigheid, wat afgodery is.

Afgodery is enigiets waarop jy jou _____ stel, bo God.

_____

INVUL WOORDE:

A1: Verhouding, Here; A2: gereeld, vermoë; A3: *gawes, vermoë; *dwang, balans/ewewig, voorsiening; A4: oordink;
B1: 10 %, geseën; B2: 10 %; B3: helfte, reg gemaak; B4: vertrou, gegee;
C1: oorvloed, verbind; C2: oorvloed, gee; C3: behoefte ryklik; C4: waarborg; C5: blydskap, liefde;
D1: altyd, eer; D2: behoort; D3: verbind, oorvloedige; D4: gehoorsaamheid, wil;
E1: offer; E2: verlossing; E3: beloof; E4: ryker; E5: ewewig, toekoms;
F1: verhouding; F2: gelukkig; F3: skatte, versamel; F4: skat, hart; F5: prioriteite;
G1: dankoffers; G2: ander se offers; G3: Here; G4: opdrag, Evangelie;
H1: Christus; H2: gemeente; H3: gedank, gehelp; H4: egtheid, geloof; H5: landbou
I1: oorsaak; I2: geldgierigheid/hebsug; I3: materialisme; I4: sekuriteit; I5: vertroue;

BYLAE 17.5 – SKRIFTELIKE DANKOFFERVERBINTENIS

1. Hier is ’n paar feite

Gemiddeld gee ons lidmate **minder as 2%** van hulle inkomste vir Here via ons gemeentes. Die Bybel se maatstaf is steeds 10% (Matteus 23:23) hoewel die N. T. die begrip “volgens vermoë” sterk na vore bring. Groot verhogings sal moeilik eensklaps gehaal kan word, maar as lidmate geleer word om jaarliks te groei in offervaardigheid, volgens elkeen se vermoë, sal daar baie geestelik heil saam kom!

Van dit wat gegee word, is **70% gegrond op implusiewe besluite**. Maar die Bybel sê, “ elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het (begroot) want God het ’n blymoedige gewer lief “ (2 Korintiërs 9:7). Ons moet lidmate help om daardie blymoedigheid te ervaar deur weldeurdag te begroot ten opsigte van hulle dankoffer.

82% Kerklidmate **sal meer vir die Here gee** as hulle gevra word. Paulus het sonder huiwering die Korintiërs uitgedaag om oorvloedig te gee! Hy het selfs ’n tweede keer dringend en motiverend gevra vir die Here se werk(1 Korintiërs 16 :1-3, 2 Korintiërs 8,9).

Iemand het gesê:
- Geld word nie gegee nie, dit moet ingesamel word
- Geld word nie aangebied nie, dit moet gevra word
- Geld kom nie vanself nie, dit moet gehaal of self geneem word

Lidmate wat ’n skriftelike voorneme ten opsigte van Dankoffer maak, gee gemiddeld **3 maal meer** as ander. Loren Mead het gesê: “Benewens die planmatige lering oor Christelike vrygewigheid is die minste, waarsonder geen gemeente kan voortbestaan nie, ’n program waarin lidmate jaarliks tot ’n nuwe dankofferverbintenis gelei word.”

Hoe **meer welvarend** mense word, gee hulle proporsioneel minder vir die Here. Maar die Bybel leer dat elkeen volgens vermoë moet gee! Ons moet lidmate leer en help ervaar wat Jesus gesê het: “Om te gee maak ’n mens gelukkiger as om te ontvang” (Hand 20 : 35)

Mense gee graag vir die Here. Maar dit is afhanklik van ’n verhouding met ons lewende Here en eienaarskap met die Visie van die Kerk/gemeente.

2. Voordele van ’n skriftelike dankofferverbintenis

2.1 Gemeentes waar lidmate gevra word om ’n dankofferverbintenis te maak, se gemiddelde offergawes is 30% hoër as hulle wat dit nie doen nie.

2.2 Gemeentes met ’n jaarlikse program vir bybelse rentmeesters se inkomste is 23% hoër as dié daarsonder.

2.3 Gemeentes waar lidmate gevra word om te groei tot die gee van “’n tiende” is die inkomste 20% hoër as die wat nie.

2.4 Waar al drie bogenoemde toegepas word, is die inkomste 39% hoër.
[Bron: Generous giving: www.generousgiving.org]

3. Om te onthou

3.1 Nie almal sal ’n skriftelike verbintenis maak nie, maar hulle sal wel positief reageer op die proses.

3.2 Al is die eerste keer nie 100% suksesvol nie, moenie ophou nie – gaan voort, leer uit foute en suksesse, en probeer weer (volgende jaar).

4. Inhoud van ’n Verbintenisvorm

4.1 Gemeente se visie

4.2 Belangrikheid van verbintenis aan die Here

4.3 Dankoffer as reaksie op die Here se gawe in Jesus Christus

4.4 Versoek om huidige dankoffer as % van inkomste te bereken, en verbintenis te maak wat 1% hoër is

4.5 Plek om verbintenis na biddende oorweging, in te vul

4.6 Aanwysings van hoe die dankoffer gegee kan word
4.7 Moontlik plek om ander betrokkenhede en verbintenisse te kan aandui
4.8 Afskeurstrokie waarop verbintenis geduplisseer en by lidmaat (in Bybel?) gehou word.
4.9 Die vorm kan ook meer omvat as ’n Dankofferverbintenis: verbintenis tot Rentmeesterskap in omvattende sin: Geleenthede, Gawes, Geld en Grond.

Voorbeeld van die NG Gemeente Helderberg (hierdie is slegs die teks).

Helderberg Gemeente
My verbintenis vir 2004/2005

Die kerkraad van Helderberg Gemeente vra dat jy in diepe afhanklikheid van die Here hierdie verbintenisvorm sal deurgaan en met die verbintenissondag op 22 Februarie 2004 sal voltooi en inhandig. Hierdie verbintenisvorm wil jou begelei ten opsigte van jou verbintenis aan God, die gemeente, asook jou verbintenis aan die nood van mense en die wêreld.

A. My verbintenis aan God
Die verhaal van Israel in die Ou Testament en die verhaal van die Nuwe-Testamentiese kerk handel oor mense wat deur God geroep, gered, vernuwe, gestuur en daagliks gelei word. Dit is die verhale van ’n unieke verhouding tussen God en sy kinders wat tot ’n lewenswyse waarin hulle God in alles dien en Christus navolg, opgeroep word. Ons is geroep om ’n 7-dag Christen te wees.
Dink oor die volgende na en verbind jouself opnuut aan God deur jou handtekening:

- Ek glo in een lewende God die Vader van wie ek die lewe ontvang; sy Seun, Jesus Christus, my Verlosser en Heer; en die Heilige Gees wat my daagliks verander en vernuwe
- Ek verbind my daartoe om daagliks my lewe op God te rig en Sy wil in alles te soek; om ander gelowiges as medegelowiges in Christus raak te sien, te dien, lief te hê en te versorg; om getuies van Sy genade en liefde, Sy vrede en reg te wees.

My handtekening:

B. My verbintenis aan die gemeente
Die verlossingswerk van die drie-enige God word sigbaar in die gemeente/kerk as die instrument waardeur God sy koninkryk wil laat kom in hierdie wêreld. As gemeentelede is ons medewerkers in diens van God. As medewerkers van God het elkeen van ons iets om aan te bied. Ek kan van my gawes, tyd en geld tot beskikking stel vir die bediening van die gemeente. Ons glo dat ons as gemeente nie net ter wille van onsself bestaan nie, maar vir mense en ’n wêreld in nood.
Oordink die volgende en verbind jouself opnuut aan die gemeente deur jou handtekening:

- Ek onderneem om God te dien soos wat Hy dit in sy Woord aan ons as gemeente en aan my bekend maak deur: Hom te aanbid; medeverantwoordelikheid vir die versorging en opbou van mekaar in die gemeente te neem; en uit te reik na mense en ’n wêreld in nood.
- Ek onderneem om met die gawes wat die Here vir my gegee het spesifiek by die volgende bedieninge binne die gemeente betrokke te wees . . . . . .

My handtekening:

C. Dankoffer
Om as gemeente instrument te wees waardeur God sy koninkryk laat kom in hierdie wêreld speel die beskikbaarheid van fondse ’n wesenlike rol. As lidmaat is ek nie net medewerker nie, maar ook aandeelhouer in die gemeente wat deur God met ’n bepaalde opdrag gestuur word. Die Here seën my sodat ek ook vir nader tot seën kan wees. God roep ons om onder leiding van die Heilige Gees vrywillig, sistematies, met blydskap en ’n oop hart te gee sodat ons as gemeente ons roeping kan uitleef.
Oordink die volgende en besluit waartoe jy bereid is om jouself te verbind en bevestig dit met jou handtekening:

Uit dit waarmee die Here my seën wil ek graag die volgende maandelikse bedrag R . . . . . of jaarlikse bedrag R. . . . . gee vir die instandhouding van die gemeente sodat dit waartoe die Here ons roep, ’n werklikheid word.
My handtekening:

Geloofoffer
Geloofoffers is spesiale (bo-en-behalwe) offers wat uitsluitlik vir uitreiking na mense en ’n wêreld in nood aangewend word. Dit is offers waarvoor lidmate die Here in die geloof vertrou. Dit word dus nie bloot afgetrek van maandelikse dankoffers nie. Jy beskik waarskynlik (nog) nie oor die fondse wanneer jy die belofte aflê nie, maar vertrou die Here om dit te voorsien. Die voorsiening kan op ’n verskeidenheid van maniere wat Hy mag goeddink, gebeur.
Dink na oor die volgende en besluit waartoe jy bereid is om jouself te verbind en bevestig dit met jou handtekening: In die geloof verbind ek my daartoe om die volgende maandelikse bedrag R . . . te gee vir die uitreik na mense en ’n wêreld in nood. Noem asseblief as dit vir ’n spesifieke projek van uitreik aangewend moet word.

Spesifieke projek:
My handtekening:

Persoonlike inligting:
Titel, Noemnaam, Van, Woonadres, Posadres, Telefoon (huis / werk / selfoon), E-pos, Omgeegroep/wyk:

(Die volgende inligting kan afgeskeur word sodat lidmate dit in hul Bybel kan bêre)

Persoonlike rekord
Ruimte vir elke maand om af te merk of dank- en geloofoffers oorbetaal is.
Agterop persoonlike rekord

My verbintenis vir 2004/2005

Ek het ek myself weer opnuut aan God verbind deur die volgende verbintenis:

- Ek glo in een lewende God die Vader van wie ek die lewe ontvang; sy Seun, Jesus Christus, my Verlosser en Heer; en die Heilige Gees wat my daagliks verander en vernuwe
- Ek verbind my daartoe om daagliks my lewe op God te rig en Sy wil in alles te soek; om ander gelowiges as medegelowiges in Christus raak te sien, te dien, lief te hê en te versorg; om getuies van Sy genade en liefde, Sy vrede en reg te wees.

Ek het myself weer opnuut aan die gemeente verbind met die volgende verbintenis:

- Ek onderneem om God te dien soos wat Hy dit in sy Woord aan ons as gemeente en aan my bekend maak deur: Hom te aanbid; medeverantwoordelikheid vir die versorging en opbou van mekaar in die gemeente te neem; en uit te reik na mense en ’n wêreld in nood.
- Ek onderneem om met die gawes wat die Here vir my gegee het spesifiek by die volgende bedieninge binne die gemeente betrokke te wees: . . . . . .

Ek het onderneem om R ..... pm/R pj as dankoffer tot beskikking van die gemeente te stel.

Ek het ook onderneem om R ..... pm as geloofoffer tot beskikking te stel vir die uitreiking na mense en ’n wêreld in nood.
Handetekening:
Datum:

BYLAE 17.6 – TYDSKEDULERING (’n Voorbeeld)

Week 1 Leierskap bespreek program en pas aan vir die gemeente
Beplan “Ontvriesing”

Week 2 & 3 “Ontvriesing” begin en gaan voort tot by week 10

Week 4 Voorlegging deur Finansiële Kommissie bespreek
Aanbeveling ten opsigte van Program en Taakspan na Kerkraad

Week 5 & 6 Kerkraad bespreek en besluit oor Program en Taakspan

Week 7 Taakspanvergadering 1
- Konstituering, Formuleer Doelstelling
- Aanvanklike beplanning en behoefte-bepaling
- Besluite oor aksies en wie uitvoer
- Verdeel in sub-komitees

Week 8 Taakspanvergadering 2
- Terugvoer oor opdragte
- Vormgewing vir Program / Proses
- Besluite oor sprekers (Predikers / getuienisse)
- Skeduleer aksies volgens tyd tot by Verbintenisfees
- Begroting en ander behoeftes vir aksies
- Terugvoer aan Kerkraad: Goedkeuring vir proses en begroting

Week 9 Taakspanvergadering 3
- Terugvoer en opvolg, Goedkeuring van Inligtingstukke
- Hoe verskillende kommunikasiegebeure bymekaar inpas
- Drukwerk en ander duplisering
- Bevestig met sprekers

Week 10 Taakspanvergadering 4
- Kerkraad kry Inligtingstukke en Verbintenisvorms
- Preek 1 met getuienisse
- Verdere doelgerigte kommunikasie (byvoorbeeld briewe na /besoeke by lidmate)

Week 11 Taakspanvergadering 5
- Kerkraadvorms kom terug, Preek 2 met getuienisse
- Verdere doelgerigte kommunikasie
- Verbintenisvorms met inligting na lidmate

Week 12 Taakspanvergadering 6
- Alle Kerkraadvorms terug, Preek 3 met getuienisse

Week 13 Taakspanvergadering 7
- Verbintenisfees op Sondag, Gemeente bring Verbintenisvorms

Week 14 Taakspanvergadering 8
- Dank en terugvoer aan gemeente (persoonlike brief?)
- Nog verbintenisvorms ingehandig, Evaluering
- Beplan vir volgende jaar
- Taakspan gaan voort met beplan en moniteer van deurlopende kommunikasie

BYLAE 17.7 – KOMMUNIKASIE

In die hele proses is die **manier** waarop gekommunikeer word, uiters belangrik. In al die verbale en skriftelike kommunikasie moet o.a. die volgende onthou word:

1. Dit moet ten diepste gaan om die mense se **verhouding met die Here** en hulle eienaarskap van die gemeente se Visie.

2. Die klem moet val op die **lidmaat se behoefte om vir die Here te gee**, eerder as die gemeente se behoefte om te ontvang. (Kinders van die Here bring graag 'n offer met 'n lieflike geur…. Filippense4:18b)

3. Wees altyd **positief** en entoesiasties. Dit inspireer.

4. **Onthou** die redes waarom mense gee:
   - omdat dit hulle dankbare reaksie op die **Here se goedheid** is
   - omdat dit **betekenis** aan hulle lewe gee (lewe word "groter")
   - omdat dit jou **gelukkiger** maak om te gee as om te ontvang
   - omdat mense graag ander mense **help**
   - omdat iemand hulle **gevra** het
   - omdat hulle eienaarskap vir 'n **Visie** aanvaar

   En ook die redes waarom hulle **nie genoeg gee nie**:
   - Wanneer hulle nie aan die Here behoort nie
   - Wanneer hulle nie die gemeente se visie deel nie
   - Wanneer hulle nie genoeg inligting het nie
   - Wanneer hulle nie gemeenskap van gelowiges ervaar nie
   - Wanneer hulle dink hulle betaal net die Dominee se vergoeding.

5. **Mense gee vir mense**. "Vertaal" dus die kommunikasie so dat die hoorder / leser verstaan "wat dit vir mense doen", en hoe die Koninkryk van die Here daardeur in mense se lewens kan kom.

6. **Waak daarteen** om mense te laat skuldig voel. Die Here Jesus Het dit nooit iemand laat skuldig voel nie – selfs iemand soos Saggeus: Jesus het hom op sy gemak geplaas, maar toe hy Hom regtig leer ken het sy lewe en beursie verander. Paulus het ook nie die gemeente laat skuldig voel nie. Lees gerus 2 Korintiërs 8 & 9 en kyk hoe hy voorbeelde gebruik om positief te motiveer. (2 Korintiërs 8:12 stel dit treffend: As die goeie wil daar is en iemand gee volgens wat hy het, neem God die gawe aan. Hy verwag nie van hom wat hy nie het nie.) Kyk ook 1 Tim 6:17-19.

7. **Vyf keer**: Navorsing het getoon dat mense (gewoonlik) iets eers onthou nadat dit vyf keer (op verskillende maniere) met hulle gekommunikeer is. Moet dus nooit dink dat mense se handelswyse gaan verander met een of twee keer se "preek" nie. Gebruik alle moontlike maniere: in eredienste, by wyks- en omgeegroepe, skriftelik (byvoorbeeld Aankondiginge/Bulletin, Maandbrief, Persoonlike briewe aan lidmate, epos), Baniere ens. ens

- o0o -

Tien Beginsels tov Offervaardigheid in gemeentes

Navorsing (in die VSA en elders) het getoon dat daar duidelike verskille tussen "tekort-sindroom"-gemeentes en gemeentes met "hoë-per-kapita-gewers" bestaan. Die "groot-gee" gemeentes gebruik van die volgende beginsels:

1. Jaarlikse Offervaardigheids- (Rentmeester-) program

dis die een faktor wat die ***grootste verskil*** maak
gebruik bewese modelle en metodes (moenie wiel self probeer ontwerp)
"Dis die minimum waarsonder geen gemeente/kerk kan voortbestaan nie!"
(*Loren Mead*)

2. Oorwin vrees om oor geld te praat

nie "geld praat" = geld word oorwegende faktor in elke vergadering
- dan gewoonlik: "kan ons dit bekostig?"
  in plaas van: "***Wat roep die Here ons om te doen***!"
- redes vir ***leraars*** se vrees:
  - gebrekkige of geen opleiding / soms sy eie gebrekkige offervaardigheid
  - wil nie lidmate vervreem / verband met eie vergoeding
  - vrees vir mense se reaksie en irritasie

3. Beklemtoon Bybelse "gee volgens vermoë"

Bybel en Jesus leer oorvloedig oor regte gebruik van geld en goed (wys geloof)
OT se wet (10%) in NT nie opgehef, maar vervul met "volgens vermoë"
Mense moet "ge***leer***" word
70% gee impulsief
Gem in NGK <2%
80% sal meer gee indien "reg" gevra
leer om volgens % van inkomste te gee
waar lidmate skriftelike verbintenisse maak: gee 2x meer
waar lidmate leer om volgens % te gee: gee 3x meer
gee volgens % van inkomste is nie wetties nie
dis 'n geloofsverbintenis waartoe Here se genade ons bemagtig
ideaal is dat ons elke jaar 'n groter % vir die Here gee
ondersoek in VSA
22% gee 10% / 46% ken iemand wat 10% gee
87% van 10% geërs het nie finansiële kwellings
"meer geluk en voorspoed gesien by hulle wat 10% gee, as by ander"
(*John Templeton* wat beleggings doen vir 100 000 gesinne)

4. Die Leraar bied teologiese en metodologiese leierskap

Leraar is geroep om geestelike volwasse dissipels te kweek
Rentmeesterskap (offervaardigheid) = belangrike grondslag daarvoor
Leraars moet:
Glo gewer is ook ontvanger (Hand 20:35b; Fil 4:17)
Verstaan dat groter offervaardigheid mense geestelike laat groei
Offervaardigheid 'n "geestelike" eerder as 'n "geld" saak is

5. Inkomste-gedrewe begroting ipv uitgawe-gedrewe begroting

Verskil tussen uitgangspunte:

Lidmaat se behoefte om vir Here te gee

ipv gemeente (kerk) se behoefte om te ontvang

Afhanklik van ***Visie*** ("Waartoe roep die Here ons?")

Hoe is ons daaraan verbind?

Bepaal dan potensiele ***inkomste***

Daarna word haalbaarheid van visie (volgens prioriteite) bepaal

= ***Begroting*** (= uitvoerbaarheidstudie van visie!)

6. Volgehoue lering (kommunikasie) oor Rentmeesterskap (Offervaardigheid)

Ons is ***bestuurders*** wat verantwoordbaar is vir alles Here aan ons toevertrou!

Dankoffertyd in Erediens

Gereelde persoonlike getuienisse

Aankondiginge en Nuusbriewe

Doelgerig beplande Woordverkondiging

Kategese

7. Effektiewe administrasie

Lidmaat gegewens volledig bygehou (ken kliënte!)

Elkeen moet geleentheid kry om te reageer

= deel van gemeente se dienswerk en "bediening"

Gelowiges wat nie "volgens vermoë" (of glad nie) gee nie, stuur 'n boodskap

Gereelde, sinvolle terugvoer

8. Implementeer 'n program vir testamentêre bemakings

doen dit doelgerig (onthou "skatte in die hemel")

skep trustfondse vir bemakings waarvan net opbrengs gebruik word:

bv. sending, barmhartigheid, fasiliteite, algemeen

9. Aanvaar dat lidmate positief gaan reageer op 'n offervaardigheidsprogram

lidmate is meer positief as wat leiers dikwels dink!

Wanneer Bybelse offervaardigheid op dieselfde geestelike vlak geleer word soos Jesus gedoen het, reageer lidmate daarop as ***geleenthede tot groei***!

10. Leer lidmate offervaardigheid soos Paulus gedoen het (2 Kor 8 & 9)

Die regte ***verhouding met die Here*** staan altyd voorop

Dit lei tot ***innerlike motivering*** wat uit dankbaarheid gebore word

Dan word mense gehelp om ***geestelik te groei*** deur finansiële offervaardigheid

En dit voorsien ***genoegsame bronne*** vir die gemeente/kerk se visie en bediening.

Francois Cillié
14 Aug 2004

Statisitiese gegewens verkry uit:

Herb Miller, *The Parish Paper*, Texas, May 2002
Chester Tolson, *Proven Principles for Finding Funds*, Baker Books 2003
Eugene Grimm, *Generous People*, 1989

BYLAE 19

FINANSIËLE PRIORITEITE

1. Die uitvoerbaarheid van 'n **droom en visie** hang tog maar altyd saam met ons finansiële vermoë. En dis baie interessant dat ons altyd tyd en geld het vir dit wat vir ons die belangrikste is. Jesus het gesê: *Waar jou hart is, daar sal jou skat ook wees*, en die bekende Murphy wat gesê het: *As iets kan verkeerd gaan, sal dit verkeerd gaan;* se goue reël is: "*Whoever has the gold, makes the rules*".

2. Vir 'n Sinode, soos vir 'n gemeente ook, is dit altyd belangrik om in ooreenstemming met die Here se wil te **begroot en te bestee**.

   In die Bybel leer die Here Jesus ons dat daar veral twee groot sake is waaraan aandag gegee moet word, nl Getuienis en Barmhartigheid.

   Getuienis: Hand 1:8 sê: "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem **sowel as** in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld." D.w.s. ons moet hier en terselfdertyd daar, besig wees om getuies deur lewe, woord en daad te wees.

   Oor **Barmhartigheid** is die sleutelgedagte vir **sover as**. In Matt 25:40 sê die Here Jesus: "Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen." Dit wil ons telkens daaraan herinner dat elke ander mens wat voor ons is, die verteenwoordiger van die Here by ons is. Vanuit hierdie twee groot waarhede moet die **sowel as** en die vir **sover as**, ons begrotingsprioriteite bepaal.

   Wat die NG Kerk betref, is daar 'n lang geskiedenis. Mense het oor baie jare heen die evangelie gebring, naby en ver. In Nigerië, Zimbabwe, Malawi, Mosambiek en kruis en dwars oor ons hele land. Hoewel nie altyd op dieselfde manier nie, het die Here die saad wat gesaai is, laat opkom en groei sodat daar in baie lande selfstandige kerke gevorm is en die getuienis daar nog verder geneem word. Dit is sake wat nie sommer afgesluit kan word nie, daar is verbintenisse waarvoor steeds begroot moet word. Ook wat die Barmhartigheidsdiens betref, het die NG Kerk deur die SKDB en ander organisasies baie nood verlig. En met die vorming van BADISA in 2003 het een van die grootste Barmhartigheidsorganisasies in SA tot stand gekom. 'n Mens wil graag sê dat soveel meer gedoen sou kon word, maar dit is waarvoor ons die toekoms moet inkyk.

   Dit is ook in hierdie lig dat die NG Kerk se 2003 Sinode wat by Goudini gehou is, homself verbind het, om 'n positewe verskil in ons land te maak. Die **verbintenis** lui soos volg:

   "Ons getuig dat die lewende Here ons hier ontmoet het. Dit raak ons diep en het ons lewens verander.

   - Ons voel bevoorreg dat ons getroue God ons nooi om met oorgawe as Sy vrygemaakte kinders hier in Afrika kan leef
   - Ons aanvaar dat die nood van ons land ook óns verantwoordelikheid is
   - Ons is bly dat ons dit nie alleen hoef te dra nie, maar dat ons saam met ander gelowiges kan handevat

   Omdat ons in die Opgestane Gekruisigde glo, is ons hoop groter as ons vrese.

   Ons gaan dit nie hierby laat nie, al kos dit ook wat.

Daarom verbind ons ons

- Om die God van grenslose genade beter te leer ken
- Om 'n kerk van ontferming te wees vir alle gebrokenes
- Om armoede te help bestry sodat mense hulle waardigheid kan herontdek
- Om ons te beywer vir die omvattende ontwikkeling van mense
- Om as NG kerk familie te herenig
- Om as geloofsgemeenskap met integriteit te lewe
- Om as gemeentes mekaar te versorg.

Ons bid dat die Gees van God ons hierin gehoorsaam sal maak."

4. Maar nou na die Sinode sal ons aan hierdie verbintenis **hande en voete** moet gee. Sonder om ons vorige verbintenisse rondom getuienis en barmhartigheid te vergeet. Die moderatuur van die NG Kerk het die volgende sake as prioriteite vir die volgende tyd genoem:

   - Kerkeenheid/Kerkvereniging
   - Nuwe Gemeente Ontwikkeling (NGO)
   - Armoede
   - Predikante versorging
   - Missionêre gemeentes
   - Fondswerwing

5. Wat **armoede** betref, die volgende:

   Die volgende statistieke oor die toestand in Suid-Afrika is van belang (verwys prof Sampie Terreblanche):

   - In 2002 was daar 45 miljoen mense in SA
   - 15 % van die inwoners het 70 % van die totale inkomste ontvang
   - Die volgende 20 % het 20 % van die inkomste gekry
   - Die volgende 15 % het 7 % van die inkomste gekry
   - Ons grootste uitdaging is by die orige 50 % mense wat slegs 3 % van die inkomste kry. Dit is hulle wat leef van steel en deel, en o.a. leef uit die vuilgoeddromme in gegoede woonbuurtes.

   Dit is ongeveer dieselfde as dat jy 10 kinders teenoor 10 borde kos laat plek inneem: Die eerste kind neem 5 borde kos, die volgende 4 kinders neem elkeen een bord en deel nog 'n halwe tussen hulle. Die laaste 5 kinders deel die oorblywende ½ bord kos.

6. Maar om enigsins aan hierdie sake reg te laat geskied, sal ons meer kapasiteit nodig hê. Dit is waarom die bevordering van **Bybelse Rentmeesterskap** by ons lidmate van die uiterste belang is. Kyk bv na bylae 6, 6.1, 6.2, 6.3 en 6.5. Die feit is ons kan nie net daaroor praat nie – dit moet by onsself begin. Die volgende staaltjie is ook van toepassing.

   Die Dominee kom een Sondag beswaard op die Preekstoel. "**Ek het slegte nuus, goeie nuus en nog slegte nuus**", sê hy vir die gemeente. "Die slegte nuus is dat die Kerkgebou ernstige herstelwerk benodig. Dit sal baie, baie geld kos," gaan hy voort. "Maar die goeie nuus is dat ons reeds die geld vir die herstelwerk het!" "Die slegte nuus is egter dat die geld nog in julle sakke is!"

Ons as evangeliedienaars sal ook hierin die voorbeeld moet stel.

BYLAE 20

VERGADERINGS

Een van die tydrowende sake in die bediening is vergaderings. Die voorbereiding, die hou en die nabetragting daarvan. Wat hieronder staan is 'n poging om dit vir jou meer effektief en aangenamer te maak:

ONTHOU ALTYD OM DIE *KERKORDE BEPALINGE EN REGLEMENTE* VAN DIE VERSKILLENDE KERKE TE KEN, VERAL WAAR DIT GAAN OOR VERGADERINGSPROSEDURE, EN DIT OOK TOE TE PAS.

In die algemeen noem ons tog die volgende sake:

1. SAKELYS

'n Sakelys is soos die geraamte van 'n vergadering. Dit moet vooraf aan die lede van die vergadering beskikbaar gestel word sodat hulle oor die sake wat behandel gaan word, kan nadink en gemotiveerd aan die vergadering kan deelneem. Daarom is dit nodig om soveel as moontlik skriftelike inligting oor die sake met die sakelys te gee. Dit het al duidelik geword dat 'n kort sakelys baie keer 'n lang vergadering veroorsaak. Maar aan die anderkant – hoe meer inligting vooraf bekend is, hoe meer effektief en vinniger vind die besluitneming plaas. Die vooraf verspreiding van die sakelys dien ook as 'n kennisgewing van die vergadering.

2. SAKELYS INHOUD

Elke vergadering moet basies die volgende **hoofpunte** op die sakelys hê:

1) <u>Opening</u>

Dit is waar die vergadering geopen word – in ons ""kultuur", met Skriflesing en gebed. En dit nie net omdat ons dink dat dit reg so is nie, maar om regtig die Here se teenwoordigheid in die besluitneming in ag te neem. By die opening kan daar ook geleentheid wees om almal te verwelkom, sekere mededelings te maak, asook vir die lede om iets oor hulself te vertel.

2) <u>Konstituering</u>

Hierdie deel is die wettig-verklaring van 'n vergadering. Dit kan alleen wees as daar 'n kworum teenwoordig, en reg kennis gegee is. Daarom word ook 'n lys van teenwoordige en afwesige persone hier genoem.

(By 'n kerkraad is sg "***konsistorie besluite***" gevaarlike goed. 'n Byeenkom in die konsistorie voor of na die erediens is nie 'n wettige vergadering nie. En indien daar besluite geneem sou word, moet dit by 'n amptelike vergadering bekragtig word.)

3) <u>Vasstel van die sakelys</u>

Onder hierdie punt word daar geleentheid gegee vir bespreking van sake wat nie op die "vooraf" sakelys genoem is nie. Dit word dan genoteer onder 'Ander sake' verder aan op die sakelys. Die voorsitter dra die verantwoordelikheid om te sorg dat die sake wat bykomend genoem word, relevant is, en bespreek mag word.

4) Notule

'n Notule is 'n bondige, skriftelike en getroue weergawe van die sake wat by 'n vergadering bespreek is en die besluite wat daaroor geneem is. Die korrektheid van die notule is uiters belangrik, want wanneer daar ooit regsgedinge ter sprake sou kom, word 'n notule as van die heel belangrikste bewysstukke gebruik. Notules van kerkraadsvergaderings is ook uiters belangrik, want alle finansiële besluite word deur die ouditeure gekontroleer.

(Dit is goeie gebruik om 'n notule so vinnig as moontlik na 'n vergadering by die lede te kry. Soos dit nou maar gaan in die lewe, is mense maar luiering om iets te doen. Die notule wat ook verantwoordelikhede uitspel, help dat die vergadering se besluite uitgevoer word.)

'n Notule word altyd op 'n volgende vergadering goedgekeur, want daardeur aanvaar al die lede verantwoordelikheid vir die korrekte weergawe van besluite wat geneem is. Dit word wettig gemaak deur die voorsitter wat dit onderteken.

4.1) 'n Notule moet die volgende bevat:

Elke saak moet 'n genommerde opskrif hê (vir latere verwysing). Onder die opskrif moet daar geskryf word waaroor dit gegaan het. Dit moet so kort en bondig as moontlik wees, sodat iemand wat dit '100 jaar' later lees, sal kan verstaan waaroor dit gaan. Daar moet duidelik geskryf word watter besluite oor die saak geneem is en dit is goed as ook aangeteken word wie uitvoering aan elke besluit moet gee. 'n Notule hoef nie 'n weergawe te gee van die besprekings wat oor 'n saak gevoer is nie.

5) Sake uit die notule

Onder hierdie punt word al die sake waaraan uit die vorige notule uitvoering gegee moes word en wat nie by ander punte op die sakelys voorkom nie, genoem. Die doel hiervan is dat daar kontinuïteit sal wees en dat sake nie 'verlore' raak nie.

6) Sake vir bespreking en verslae van subkommissies

Hier word nou in nommer volgorde al die sake wat by die vergadering ter sprake moet kom, genoem. Dit kan ook verwys na 'bylaes' in die sakelys wat verdere inligting verskaf, want dit is ook goed as die inligting wat oor elke saak by die vergadering genoem gaan word, reeds vooraf skriftelik bekend is. Hierdie punt sou baie verdere punte op die sakelys kon behels bv 6, 7, 8, 9, 10, … .

7) Ander sake

Hier word die sake wat by 3 vasgestel is, aangeteken, en bespreek.

8) Volgende vergadering

Hier moet 'n datum, plek en tyd vir die volgende vergadering bepaal word. Dit is goed as die volgende datum reeds huidige sakelys genoem word.

9) Afsluiting

Soos ons begin het, moet ons ook eindig en vetrou dat elkeen sy opdragte so vinnig en effektief as moontlik sal uitvoer, en die Here se leiding daarin vra.

BYLAE 21

Opmerkings oor GEMEENTEBEDIENING

Ons taak as evangeliedienaars is soos 'n werk, maar dis baie anders as in die sekulêre wêreld. In die sekulêre wêreld is daar normaalweg 'n direkte verband tussen insette en uitsette. Maar in die evangeliebediening is ons dienaars van die Here Jesus. Dit veroorsaak dat ons roeping gedrewe is, eerder as om te fokus op die vergoeding wat ons daarvoor ontvang. Maar nou moet dit ook nie te vroom klink nie, want op die ou end bly ons ook net mense van vlees en bloed wat brood en botter nodig het. Tog wil ons deur dit wat hier onder staan, 'n paar belangrike waardes wat ons roeping kan komplimenteer, aanstip.

1. **Menswaardigheid**

Die Here het ons almal so gemaak, dat elke mens se basiese behoefte dié van menswaardigheid is. Menswaardigheid staan op twee bene: sekuriteit en erkenning.
Elke mens het 'n basiese behoefte aan sekuriteit. Dit is die behoefte aan aanvaarding, liefde, veiligheid en geborgenheid. Amper soos die Here Jesus gesê het: *As jy 'n Vader in die hemel het, hoef jy nie te bekommer nie*. Al verskaf die sekulêre wêreld baie vorms van sekuriteit, is dit ons taak om ware sekuriteit, wat net in die Here te vind is, oor te dra.
Die ander been van menswaardigheid is erkenning of betekenis – almal wil graag iets beteken en erkenning kry vir wat hy/sy is en doen. Ware betekenis (wat ons moet bevorder) is om in te pas by die Here se plan met jou lewe.

Vanuit hierdie twee uitgangspunte moet 'n mens jou aktiwiteite in die evangeliebediening beoordeel. Want die evangeliebediening is 'n "mensbesigheid" en daarom is goeie verhoudings met mense deurslaggewend. Ons moet streef om aan hulle die pad na ware sekuriteit en betekenis te wys. Só gesien, kan ek nou die volgende opmerkings met jou deel.

2. **Persoonlike kontak**

Lees gerus watter premie Paulus op persoonlike kontak met sy gemeentes gestel het. Keer op keer verwys hy daarna en dit is 'n baie belangrike beginsel, want deur persoonlike kontak gee jy vir mense erkenning en betekenis. Die beginpunt daarvan is om mense te groet. Moet nooit by iemand verbygaan sonder om daardie stukkie erkenning van "ek sien jou raak" te gee nie.

Die behoefte wat lidmate keer op keer uitspreek na sg "huisbesoek" is nie ten diepste 'n behoefte dat die dominee aan huis moet kom "lees en bid" nie, dis eintlik 'n behoefte aan erkenning. Maar daarmee saam is die "huisbesoek behoefte" 'n behoefte aan Koinonia. (Koinonia gee sekuriteit.)

Daar is twee maniere waarop 'n mens maklik by mense se harte kan uitkom (en laat ons nou maar eerlik wees, bekering en oortuiging begin in die hart): Dit is om mense se name te onthou, en om erkenning aan hulle verjaardae te gee. Let 'n bietjie op hoe jy voel as iemand met jou praat en hy noem jou naam so dan en wan in die gesprek. En dink bietjie daaroor hoe is jou reaksie teenoor mense wat jou verjaardag onthou. Hierdie is twee maklike "gewoontes" om 'n lang tree in goeie menseverhoudings te gee.

3. **Aanspreeklikheid**

As leraar in 'n gemeente kan 'n mens nooit aanspreeklikheid delegeer nie. Dit is natuurlik belangrik dat die verskillende gawes in die liggaam van Christus (gemeente) se potensiaal ten volle benut moet word. Dit is waarvoor die Here evangeliedienaars gegee het om "die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk" - (Ef 4). Dus is dit reg dat baie verantwoordelik-

hede gedelegeer word, maar uiteindelik kan aanspreeklikheid nooit gedelegeer word nie. As dit goed gaan in die gemeente, dank ons die Here daarvoor. Maar as dit sleg gaan, is dit tyd dat ons vir die Here vra waar onsself aanpassings moet maak. 'n Leraar kan bv. nooit die aanspreeklikheid rondom finansiële betroubaarheid en finansiële groei in 'n gemeente delegeer nie, ook nie die aanspreeklikheid vir effektiewe administrasie nie.

4. **Portuurgroep**

In die sekulêre wêreld, as jy iets wil regkry, praat mense van dieselfde "portuurgroep" met mekaar. Wanneer 'n besturende direkteur in onderhandeling gaan met 'n ander besturende direkteur, dan stuur hy nie die sekretaresse nie. Vir belangrike sake sorg hy dat hy self tyd maak. So moet ons as leraars onderskei oor wie en wat belangrik is en wat nie, en die regte aandag daaraan gee.

5. **Menseverhoudings**

In aansluiting by punt 2 hierbo is daar twee sake wat ons moet onthou:

In menseverhoudings kan jy liewer jou "saak" verloor en die mens "behou" as jy die twee teen mekaar moet opweeg. Want as jy 'n mens eenmaal "verloor" het, neem dit baie tyd om daardie mens weer terug te kry. Jy kan maar liefs toegee in 'n saak en die mense se vertroue behou, as andersom. As jy die mense behou, is daar nog altyd weer tyd om die saak te kan wen. Soms moet mens toegee in 'n "veldslag" om die "oorlog" te wen - dit baat min om elke "veldslag" te wen, maar tog die "oorlog" te verloor. (Dit is natuurlik anders in sake waar dit direk gaan om die Here se eer – maar dan moet jy ook nie die "saak" wen sonder liefde nie.)

Dit bring my sommer by die kwessie van tyd. Dis die één ding waarvan die Here vir ons almal ewe veel gegee het. Elkeen het 24 uur op 'n dag wat ons vol maak met die sake wat vir ons belangrik is. Dit is daarom 'n minder lekker ding om vir iemand te moet sê jy het ongelukkig nie tyd vir hom/haar gehad nie. Want daardeur sê jy eintlik, "jy was nie belangrik genoeg nie". Natuurlik moet 'n mens prioritiseer en kan jy as evangeliedienaar nooit alles vir almal wees nie, maar probeer die uitdrukking "ek het nie tyd vir jou gehad nie" te vermy. Die bietjie tyd wat jy vir iemand gee is ook 'n groot mate van erkenning.

6. **Leer by die sakesektor**

Het jy al agtergekom dat jy besigheid doen by die plek waar jy die beste diens kry. Soms selfs ten spyte van die prys. Daar waar jy vriendelik ontvang word, waar jy menswaardig behandel word, ens. Die sekulêre wêreld sê: "Business is all about getting clients and keeping clients". Dis waarom suksesvolle besighede uit hul pad gaan om nuwe kliënte so goed as moontlik te behandel sodat hulle lojaal sal bly. In die gemeentebediening gaan dit oor: "die kry en behou van lidmate". Daarom moet ons baie leer by die sekulêre wêreld en die goeie wat ons daarin kan sien, ook by ons toepas, sonder om mense te manipuleer.

7. **Erediens en prediking**

Erediens in die gemeente is soos die slaapkamer in 'n huwelik. As dit daar goed gaan, kan baie dinge daar buite gehanteer word. Maar as dit daar binne sleg gaan, het dit 'n effek op al die ander goed. Ons moet regtig daarna strewe om elke erediens 'n ontmoetingsgeleentheid met die Here te laat wees. Daarvoor kry ons baie toerusting. Binne die erediens is die woordverkondiging nog altyd die sentrale punt.

Onthou tog oor prediking: dit is gewone mense wat net één keer die dinge hóór wat jy gelees, oordink en in jou lewe geïntegreer het. Daarom moet jy dit so aanbied dat dit baie logies, verstaanbaar en op die man af is - soos die Here Jesus sy gelykenisse vertel. Sulke betekenisvolle prediking hoef nie noodwending kort te wees nie, maar moet die Woord in eenvoudinge bevatlike taal oordra. So, dat ook die kinders betrokkenheid en betekenis ervaar! Dis onmoontlik om hier genoeg te skryf oor 'n onderwerp wat so omvattend is, maar onthou tog altyd om te gaan preek met die gedagte – wat gaan die mense op die ou end hiervan oorhou en wat gaan hulle daarmee doen?

8. **Rentmeesterskap**

Op verkillende plekke in hierdie handleiding is hieroor geskryf. Lees dit, en pas dit toe. As leraar is jou voorbeeld in hierdie saak, soos op ander gebiede, uiters belangrik.

9. **Los gedagtes**

- As iemand bel en sê Oom 'so-en-so' is ernstig siek, dan moet jy weet dat dit heel moontlik 'n boodskap van die Here af is, dat jy so spoedig moontlik op een of ander manier aandag moet gee – al sou dit ook net wees om die telefoon op tel en te sê "jammer ek kan nie nou by julle wees nie, maar ek bid vir julle en sal so gou as moontlik iets meer doen". Onthou mense praat met mekaar en daardie mens wat gebel het oor die siek oom, gaan heel waarskynlik vir die oom ook sê: "Ek het vir dominee gebel", en as dominee nie eers tyd het om die telefoon op te tel nie, dan ontneem ons daardie mens van 'n stuk menswaardigheid.

- Ons taalgebruik rondom finansies

  Daar is 'n klompie woorde wat ons moet ophou gebruik. Praat altyd liewer van 'offers' i.p.v. 'kollektes' en iets soos 'vennootskap' i.p.v. 'bydraes'. Die woorde wat ons gebruik speel 'n baie belangrike rol in mense se reaksie daarop. En ons moet onthou dat wat finansies betref, ons tog maar altyd bemarkers bly. Ons bemark die evangelie om mense se betrokkenheid te kry en te laat groei. Maar op die ou end is hulle finansiële vennootskap 'n belangrike uitvloeisel van die proses. Jy onthou mos Martin Luther se waarheid van die 3 bekerings: "Op die geloofspad gaan 'n Christen deur 3 bekerings, eers die verstand, dan die hart (lewe) en uiteindelik die beursie – die derde bekering is bewys van ware bekering!"

Francois Cillié
Saakgelastigde, NG Kerk
Bellville